

University of Pretoria etd – Jordaan, Y M (2003)

**DIE ASSESSERING VAN DIE PROBLEME WAT
ONDERWYSERS BINNE KLASVERBAND ERVAAR EN
HUL BEHOEFTE AAN DIE BENUTTING VAN 'N
SPELTERAPEUT**

deur

YOLANDI MARIA JORDAAN

**Voorgelê ter gedeeltelike vervulling
van die vereistes vir die graad**

**MAGISTER SOCIALIS DILIGENTIAE
(SPELTERAPIE)**

In die

**Departement Maatskaplike Werk
Fakulteit Geesteswetenskappe**

Aan die

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

STUDIELEIER: DR. J.M. YSSEL

PRETORIA

OKTOBER 2003

DANKBETUIGINGS

Die volgende persone en instansies word van harte bedank vir hulle bystand en ondersteuning met die voltooiing van hierdie verhandeling:

- Dr. J.M. Yssel, wat as studieleier 'n onskatbare bydrae gelewer het en die groot stukrag en bron van hulp en leiding was met die voltooiing van hierdie verhandeling.
- Dr. J.M.C. Joubert en al die dosente van die Departement Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Pretoria wat betrokke is by die Magister Socialis Diligentia (Speltherapie)-kursus, vir waardevolle en onmisbare insette.
- Aan my pa, Gary Jordaan, dat ek uit sy onuitputbare bron van opvoeders-ervaring en wysheid kon put. Sy deernis vir die opvoederstaak is 'n riem onder die hart.
- Mnr. Weideman en Mnr. Syms, skoolhoofde van onderskeidelik Laerskool Swartland en Liebenberg Primêr, vir die toestemming om hierdie studie vanuit hul skole te kon loots en hul moeite in verband met die reëlings aangaande die uitvoer van die empiriese ondersoek.
- Aan al die onderwysers wat by die empiriese ondersoek betrokke was, vir die deel van waardevolle kennis, inligting en ervaring waarsonder hierdie studie nie 'n werklikheid sou wees nie.
- Aan almal wat 'n aandeel gehad het in die administratiewe afronding van die verhandeling, veral Mev. Pat Mans vir die transkribering van die fokusgroepbesprekings en Me. Madeleen Jordaan en Mev. Mariëtta Jordaan, vir die proeflees van die verhandeling.
- Aan my wonderlike ouers, Gary en Mariëtta en sussies, Tanya en Lauren-Mari, vir hul waardevolle en eindelose belangstelling, ondersteuning en motivering waarsonder ek nie in staat sou wees om hierdie studie te kon voltooi nie.
- Aan my dierbare sielsgenoot, Alwyn, vir al sy ondersteuning, aanmoediging, geduld en liefde, wat my in staat gestel het om tot die einde toe te volhard.
- Aan my beste vriendin en mede-student, Yolandé, vir al die gekoesterde Pretoria-herinneringe en broodnodige gesels-sessies.
- Aan my Hemelse Vader vir gesondheid, krag, leiding en woorde wat Hy vir my gegee het om hierdie studie te kon voltooi.

OPSOMMING

DIE ASSESSERING VAN DIE PROBLEME WAT ONDERWYSERS BINNE KLASVERBAND ERVAAR EN HUL BEHOEFTE AAN DIE BENUTTING VAN 'N SPELTERAPEUT

Deur

Yolandi Maria Jordaan

Studieleier: Dr. J.M. Yssel

Departement Maatskaplike Werk

MSD (SPELTERAPIE)

Hierdie navorsing het ondersoek ingestel na die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut. Leemtes is in die literatuur geïdentifiseer wat aandui dat daar min riglyne ten opsigte van die hantering van probleemgedrag deur onderwysers binne klasverband en aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteunings-sisteem vir onderwysers bestaan. Hierdie leemtes is ook in gesprekvoering met graad een tot vier onderwysers uitgewys.

Die doelstelling van die navorsing was om die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut te assesseer.

Ten einde hierdie doelstelling te bereik, is bepaalde doelwitte gestel. Dit het onder meer behels dat 'n kennisraamwerk met behulp van 'n literatuurstudie en konsultasie met kundiges oor die rol van die onderwyser ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare, probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en die middelkinderjare as lewensfase, opgebou is.

'n Empiriese studie is uitgevoer waartydens fokusgroeponderhoude as data-insamelingsmetode benut is om te bepaal wat onderwysers se menings is ten opsigte van die aard van die probleme wat hul binne klasverband ervaar; wat

onderwysers se beskouing is van die probleme wat hul binne klasverband ervaar waarvan die hantering problematies is; die menings van onderwysers ten opsigte van die wyses van hantering van die probleme wat hul binne klasverband ervaar en watter behoeftes en persepsies onderwysers aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem het. Twee-en-dertig respondente is in vier verskillende fokusgroepe by die navorsing betrek.

Toegepaste navorsing is gedoen aangesien die navorser gepoog het om oplossings vir probleme te vind wat onderwysers binne klasverband, ten opsigte van kinders wat probleemgedrag toon, ervaar. Die navorser het van 'n kwalitatiewe benadering as navorsingsprosedure gebruik gemaak om kwalitatiewe empiriese data te verkry.

Aangesien daar in hierdie studie navorsing oor 'n relatief onbekende navorsingsveld gedoen is, is daar van 'n verkennende navorsingsontwerp gebruik gemaak wat gewoonlik 'n navorsingsvraag verken waarvoor min bekend is. Die navorsingsvraag wat vir die doel van hierdie studie geformuleer is, was: 1) Wat is die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en 2) Tot watter mate ervaar onderwysers 'n behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut?

Empiriese data is deur 'n fokusgroepriglyn verkry en het aangedui dat:

- Onderwysers van mening is dat kinders verskeie probleemgedrag binne klasverband openbaar en dat hulle as onderwysers nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om hierdie probleemgedrag effektief aan te spreek nie.
- Onderwysers van mening is dat hul oor beperkte hanteringswyses beskik om die probleemgedrag wat kinders binne klasverband openbaar, effektief aan te spreek.
- Onderwysers bepaalde persepsies ten opsigte van die probleemgedrag wat kinders binne klasverband toon waarvan die hantering problematies is, het.
- Onderwysers bepaalde behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem het.

Die navorsing het dus duidelik getoon dat kinders verskeie probleemgedrag binne klasverband openbaar, waarvan die hantering vir onderwysers problematies is, aangesien hul sonder die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede en met 'n gebrek aan multi-professionele ondersteuning, moet poog om hierdie probleem-

gedrag aan te spreek. Die navorsing het ook duidelik aangedui dat onderwysers spesifieke behoeftes ten opsigte van die hantering van sekere probleemgedrag wat kinders binne klasverband toon, het wat verdere navorsingsmoontlikhede inhou. 'n Spesifieke behoefte vir 'n opleidingsprogram, waartydens onderwysers opleiding oor die hantering van sekere gedrags- en emosionele probleme by kinders binne klasverband kan ontvang, is geïdentifiseer.

SUMMARY

THE ASSESSMENT OF THE PROBLEMS THAT TEACHERS EXPERIENCE IN CLASS AND THEIR NEED FOR THE UTILISATION OF A PLAY THERAPIST

By

YOLANDI MARIA JORDAAN

STUDY LEADER: DR. J.M. YSSEL

DEPARTMENT OF SOCIAL WORK

MSD (PLAY THERAPY)

This research is aimed at the nature of problems that teachers experience in class and their need for the utilisation of a play therapist. A lack of sufficient guidelines for this field has been identified in the relevant literature. This shortage has been confirmed by grade one to four teachers.

To reach the required goal a number of objectives were set. This included setting up a knowledge framework by way of a literature study as well as consultation with experts in the field; studying the role of the teacher in respect of the child in the middle childhood phase, problems that teachers experience in class and the middle childhood as a life phase.

An empirical study was undertaken during which focus group interviews were held with grade one to four teachers. Thirty-two participants took part in the focus groups. Applied research was undertaken as the researcher aimed at establishing the true needs of teachers of children in the middle childhood phase.

The empirical data showed the following:

University of Pretoria etd – Jordaan, Y M (2003)

- Teachers are of the opinion that children manifest a wide variety of problem behaviours in class and that they do not possess the necessary knowledge and skills to address these problems effectively.
- Teachers are of the opinion that they possess limited coping strategies in which to address the problem behaviours that children manifest in class effectively.
- Teachers have definite views on the problem behaviours that occur in class with which they experience difficulty handling effectively.
- Teachers have listed definite needs and perceptions regarding the utilisation of a play therapist.

The basic need for the establishing of a training program for teachers during which they will receive training regarding the handling of certain problem behaviours that children disclose in class, was one of the key findings of the study.

YOLANDI JORDAAN

OCTOBER 2003

SLEUTELTERME / KEY TERMS

Assessering	Assessment
Probleme	Problems
Onderwysers	Teachers
Klasverband	Classroom related
Benutting	Utilisation
Speltherapeut	Play therapist

Hierdie verhandeling word in liefde opgedra aan my wonderlike ouers, **Mariëtta en Gary Jordaan**. Baie dankie vir al jul oneindige liefde, ondersteuning, motivering en opofferings wat ek veral gedurende my studiejare ontvang het. Die onskatbare voorreg om jul as ouers te hê sal vir die res van my lewe vir my 'n inspirasie wees.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING

1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering vir die keuse van die onderwerp	2
1.3	Probleemformulering	2
1.4	Doel en doelwitte van die studie	4
1.5	Navorsingsvraag vir die studie	5
1.6	Navorsingsbenadering	5
1.7	Soort navorsing	6
1.8	Navorsingsstrategie	6
1.9	Navorsingsprosedure	7
1.10	Voorondersoek	9
1.10.1	Literatuurstudie	9
1.10.2	Konsultasie met kundiges	9
1.10.3	Uitvoerbaarheid van die studie	10
1.10.4	Toetsing van die fokusgroepriglyn	10

1.11	Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming	11
1.12	Etiese kwessies	12
1.13	Probleme of leemtes tydens die navorsing ervaar	14
1.14	Definisies van hoofkonsepte	14
1.14.1	Assessering	14
1.14.2	Klaskamer	14
1.14.3	Onderwyser	14
1.14.4	Speltherapeut	15
1.15	Indeling van navorsingsverslag	15

HOOFSTUK 2

DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN KIND IN SY MIDDELKINDERJARE

2.1	Inleiding	16
2.2	Die kind in sy middelkinderjare	17
2.2.1	Die aanleer van motoriese vaardighede	18
2.2.2	Kognitiewe ontwikkeling	19
2.2.3	Taalontwikkeling	19
2.2.4	Persoonlikheidsontwikkeling	19
2.2.4.1	Selfkonsep	19
2.2.4.2	Emosionele ontwikkeling	20
2.2.5	Sosiale ontwikkeling	21
2.2.5.1	Die rol van die gesin	21
2.2.5.2	Die invloed van die skool en die onderwyser	22

2.2.5.3	Die invloed van die portuurgroep	22
2.2.6	Morele ontwikkeling	23
2.3	Wat word verstaan onder "die rol van die onderwyser"	24
2.3.1	Rol as gedrag	24
2.3.2	Rol as sosiale posisie	24
2.3.3	Rol as taak	25
2.4	Die rol van die onderwyser ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare	25
2.4.1	Die onderwyser as kennisoordraer	25
2.4.2	Die onderwyser as ontsluiter van moontlikhede	26
2.4.3	Die onderwyser as inisieerder en verhoudingstigter	27
2.4.4	Die onderwyser as individualiseerder	28
2.4.5	Die onderwyser as sosialiseerder	28
2.4.6	Die onderwyser as kommunikeerder	29
2.4.7	Die onderwyser as uitoefenaar van beheer	30
2.4.8	Die onderwyser as waker oor die kind se welsyn	31
2.4.9	Die onderwyser as oordraer van lewensvaardighede	31
2.5	Faktore wat 'n invloed op die rolvervulling van 'n onderwyser uitoefen	32
2.5.1	Hoë verhouding onderwyser tot leerlinge	33
2.5.2	Verhoogde stresvlakke	33
2.5.3	Uitoefening van dissipline	34
2.5.4	'n Gebrek aan multi-professionele ondersteuning	34
2.5.5	Noodsaaklikheid van heropleiding van onderwysers	35
2.5.6	Oneffektiwiteit van beskikbare strafmetodes	36

2.6	Moontlike probleme wat onderwysers binne klasverband mag ervaar	36
2.6.1	Ongedissiplineerdheid van leerlinge	36
2.6.2	Die voorkoms van ADHD, ADD en hiperaktiwiteit	37
2.6.3	Voorkoms van emosionele probleme by kinders	38
2.6.4	Voorkoms van gedragsprobleme by kinders	39
2.6.5	Lae selfbeeld by kinders	40
2.6.6	Dwelmgebruik en -verslawing	40
2.6.7	Afwesigheid van spesiale klasse	41
2.6.8	Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede	41
2.7	Samevatting	42

HOOFSTUK 3

DIE ROL VAN DIE SPELTERAPEUT AS ONDERSTEUNINGS-SISTEEM

3.1	Inleiding	44
3.2	Spel terapie	44
3.2.1	Spel as terapeutiese medium	45
3.2.2	Rol van spelterapeut binne die spelterapeutiese proses	46
3.3	Koppelvlakke tussen spel terapie en onderwys	46
3.4	Moontlike benutting van die spelterapeut deur die onderwyser	47
3.4.1	Behoeftte aan spel terapie binne skoolverband	47

3.4.2	Funksionering van spelterapeut binne skoolopset	49
3.4.2.1	Wyses van interaksie met onderwysers binne skoolopset	49
3.4.2.2.1	Konsultasie	49
3.4.2.1.2	Samewerking	50
3.4.2.1.3	Interaksie met die onderwyser binne klasverband	50
3.4.2.2	Wyses van interaksie met kinders binne skoolopset	52
3.4.2.2.1	Individuele terapie	52
3.4.2.2.2	Groep terapie	53
3.4.2.2.3	Die benutting van spel terapie by voorkoming	54
3.4.3	Terrein van dienslewering	54
3.5	Bepaalde funksies van spelterapeut	55
3.5.1	Funksies ten opsigte van skoolhoof	55
3.5.2	Funksies ten opsigte van die onderwyser	56
3.5.3	Funksies ten opsigte van kinders	57
3.6	Motivering vir die teenwoordigheid van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset	58
3.7	Samevatting	58

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS

4.1	Inleiding	60
4.2	Hoof- en subtemas van die studie	60
4.2.1	Hooftema 1: Onderwysers se menings ten opsigte van die aard van die probleme wat hul binne klasverband ervaar	61
4.2.1.1	Probleemgedrag teenoor onderwyser openbaar	64
4.2.1.2	Probleemgedrag teenoor klasmaats openbaar	65

4.2.1.3	Aggressiewe gedrag: verbaal en nie-verbaal	66
4.2.1.4	Emosionele probleme	68
4.2.1.5	Konsentrasie-probleme	69
4.2.1.6	Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede wat 'n invloed op die kind se gedrag binne klasverband het	70
4.2.1.6.1	Probleme verbandhoudend met die aard van ouers se huweliksverhouding, huweliksstatus en verhouding met 'n derde party	71
4.2.1.6.2	Eienskappe van ouers wat problematies is	72
4.2.1.6.3	Verwaarlosing en mishandeling	74
4.2.1.6.4	Sosio-ekonomiese omstandighede	76
4.2.1.7	Ander algemene probleme	77
4.2.1.7.1	Konfrontasie met die dood	77
4.2.1.7.2	Swak selfbeeld	78
4.2.1.7.3	Steel	78
4.2.1.7.4	Kognitiewe probleme	78
4.2.2	Hooftema 2: Onderwysers se menings ten opsigte van die wyses waarop hulle probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer	80
4.2.2.1	Algemene opmerkings	81
4.2.2.2	Wyses van probleemhantering	82
4.2.2.2.1	Positiewe en negatiewe versterking	82
4.2.2.2.2	Straf	83
4.2.2.2.3	Verdeling van klasse in groepe	83
4.2.2.2.4	Kontak ouers	84
4.2.2.2.5	Multi-professionele samewerking	84
4.2.3	Hooftema 3: Onderwysers se persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is	85
4.2.3.1	Probleemgedrag	86
4.2.3.1.1	Weiering om te praat	86
4.2.3.1.2	Duld van geen aanraking	87
4.2.3.1.3	ADHD, ADD en verbandhoudende gedrag	87
4.2.3.1.4	Aggressiewe gedrag	88
4.2.3.2	Emosionele probleme	88
4.2.3.3	Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede	89

4.2.4	Hooftema 4: Onderwysers se behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem	90
4.2.4.1	Algemene behoeftes van onderwysers	91
4.2.4.1.1	Behoeftes aan 'n ondersteuningsnetwerk	91
4.2.4.1.2	Behoeftes aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband	92
4.2.4.1.3	Behoeftes aan spanningsontlontingsgroepe	93
4.2.4.1.4	Behoeftes aan die dienste van 'n spelterapeut	93
4.2.4.2	Menings van onderwysers aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem	94
4.2.4.2.1	Funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset	94
4.2.4.2.2	Wyses van interaksie tussen 'n spelterapeut en onderwyser	95
4.2.4.2.3	Funksies van 'n spelterapeut	96
4.2.4.2.4	Struikelblokke/praktiese probleme	97
4.3	Addisionele inligting	98
4.4	Samevatting	100

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1	Inleiding	102
5.2	Doelstellings van die studie	102
5.3	Doelwitte van die studie	102
5.4	Navorsingsvraag	104
5.5	Samevatting van die navorsingsresultate, gevolgtrekkings en aanbevelings	105
5.5.1	Samevatting van die navorsingsresultate	105
5.5.2	Gevolgtrekkings	105

5.5.3 Aanbevelings 111

5.6 Slotgedagte 114

LYS VAN TABELLE

Tabel 4.1	61
Tabel 4.2	80
Tabel 4.3	85
Tabel 4.4	90
Tabel 4.5	100

BIBLIOGRAFIE

BYLAES

Bylaag A Fokusgroepriglyn

Bylaag B Ingeligte toestemmingsbrief

HOOFSTUK 1

ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING

1.1 Inleiding

Onderwysers ervaar verskeie probleme binne klasverband, wat hulle nie met hulle opleiding en vaardighede optimaal kan hanteer nie. Dit kan onder andere die voorkoms van ADHD, hiperaktiwiteit, woede-uitbarstings, aggressiwiteit en swak sosiale vaardighede by kinders, insluit (Teeter, 1998:xii). Die groot hoeveelheid leerlinge in 'n klas vererger dikwels van die probleme en bemoeilik die onderwyser se hantering daarvan (Bester, 2000:116). Die meerderheid skole het tans nie die dienste van 'n skoolsielkundige of – maatskaplike werker tot hulle beskikking nie, wat tot gevolg het dat die onderwysers noodgedwonge self moet poog om sekere probleme in die klas aan te spreek en te beperk. Die navorser is van mening dat die voorkoms van sulke probleme die primêre taak van die onderwyser, naamlik om onderrig aan kinders te gee, bemoeilik. Die gebrek aan multi-dissiplinêre ondersteuning wat tans bestaan, verhoog ook die stremming wat onderwysers ervaar.

Hierdie studie het gevolglik op die assessering van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut, gefokus.

In hierdie hoofstuk sal die keuse van die onderwerp gemotiveer word. Verder sal probleemformulering geskied en die doel van die studie, die navorsingsvraag, navorsingsmetodologie, probleme of leemtes wat tydens die navorsing ervaar is, definisies van hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag, bespreek word.

1.2 Motivering vir die keuse van die onderwerp

Die eerste motiveringsrede vir hierdie studie lê daarin dat die navorser, na aanleiding van gesprekke met onderwysers, van mening is dat hulle baie ongemak met die hantering van sekere probleme in die klas ervaar en dat hul van mening is dat hul nie oor die nodige vaardighede en opleiding beskik om sommige van die probleme aan te spreek nie. (Vergelyk Hinshaw, 1994:1.) Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat onderwysers tans onder moeilike omstandighede moet poog om hul onderrigrol te vertolk en maak die

afleiding dat die benutting van 'n spelterapeut vir onderwysers kan help om hul beter van hul taak te kwyt. Die navorser wou poog om deur hierdie studie die behoeftes wat in die gesprekke met onderwysers geïdentifiseer is, uit te bou en die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, te bepaal. Dit sou die navorser in staat stel om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak, ten opsigte van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en die benutting van 'n spelterapeut deur onderwysers.

Die navorser is geïnteresseerd in die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en dus is die navorser se belangstelling die tweede motivering vir die studie.

Volgens die navorser is 'n holistiese benadering tot die hantering van 'n kind en sy/haar probleme in die klas van kardinale belang. Probleme wat voorkom is kompleks van aard en dus is dit belangrik dat verskillende dissiplines mekaar moet ondersteun, ten einde die probleme optimaal te hanteer. Daar bestaan ook tans 'n gebrek aan multi-professionele ondersteuning. Hieruit spruit die navorser se behoefte aan beter begrip aangaande die onderwysers se behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut en dit dien as die derde motivering vir die studie.

Die vierde motivering vir die studie is die literatuurleemte ten opsigte van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en wyses waarop hul dit aanspreek, waarvan die navorser tydens die doen van 'n voorlopige literatuurstudie bewus geword het. Die navorser wou poog om deur die doen van hierdie studie kennis aangaande die mees algemene probleme wat deur onderwysers ervaar word te verbreed, maar ook om kennis oor die behoefte van onderwysers aan die benutting van 'n spelterapeut, in te win.

Die navorser beoog om hierdie studie as 'n basis vir moontlike verdere studie te benut en dit dien as 'n laaste motivering vir hierdie studie.

1.3 Probleemformulering

Volgens Fouché (2002:106) is daar drie faktore wat die manier waarop die navorsingsprobleem geformuleer word, bepaal. Dit sluit die eenheid van analise, die navorsingsdoel (of die tipe navorsingsvraag) en die navorsingsbenadering in. Vir hierdie studie bestaan die eenheid van analise uit graad een tot graad vier onderwysers van Laerskool Swartland

en Liebenberg Primêr op Malmesbury. 'n Verkennende studie is beoog, met 'n kwalitatiewe navorsingsbenadering. Met dit in gedagte kan die probleem soos volg beskryf word:

“Of all the formal institutions that children encounter in their lives away from home, few have as much of an opportunity to influence their behaviour as the schools they attend” (Shaffer in Louw, Van Ede & Louw, 1998:363). Hierdie uitspraak kry veral betekenis wanneer daar in aanmerking geneem word dat kinders in Suid-Afrika vir 'n periode van soveel as twaalf jaar daagliks ongeveer ses uur by die skool deurbring (Louw *et al.*, 1998:364). Wat die skoolbevolkingsituasie in Suid-Afrika betref, blyk dit dat die grootste gedeelte van Suid-Afrika se skoolgaande kinders in die laerskool en dus in die middelkinderjare is. Strauss, Van der Linde, Plekker & Strauss (in Louw *et al.*, 1998:364) voorspel dat daar in 2005 1 1 061 800 kinders in die laerskool sal wees.

Met hierdie statistieke in gedagte kan die afleiding gemaak word, dat 'n laerskoolonderwyser in soveel kinders in die middelkinderjare se lewe, 'n uiters belangrike rol speel. Louw, Van Ede & Ferns in samewerking met Schoeman & Wait (in Louw *et al.*, 1998:367) is van mening dat 'n onderwyser nie net 'n sentrale rol in elke skoolgaande kind se leerervaring speel nie, maar ook 'n belangrike invloed op feitlik alle fasette van sy/haar ontwikkeling uitoefen. Die skrywers dui aan dat 'n onderwyser nie net leer fasiliteer, aan die kind sosiale vaardighede leer, die kind se leefwêreld verbreed en hom/haar met leerprobleme help nie, maar ook dikwels as “sielkundige” vir baie kinders met huislike en persoonlike probleme optree. Deur gesprekke met onderwysers, het die navorser gevind dat die rol van 'n onderwyser tans deur verskeie faktore, byvoorbeeld die grootte van die klasse, bemoeilik word (Weideman en Jordaan, 2002). Hulle was van mening dat sommige kinders leerprobleme ondervind, maar dat daar ook ander emosionele en sosiale gedragsprobleme voorkom, wat die kind se gedrag in die klas en skoolprestasie negatief beïnvloed. Bogenoemde sluit onder andere aandaggebrek/ hiperaktiewe versteuring (Teeter, 1998:110) en aggressiewe gedrag (Oaklander, 1988:206) in. Die onderwysers het ook aangedui dat hulle by die hantering van sommige probleme, van mening is dat hulle nie oor die nodige vaardighede beskik om dit optimaal te hanteer nie. Wat die situasie vererger is die feit dat skole nie meer oor skoolsielkundiges of –maatskaplike werkers beskik nie en dus kan die onderwysers nie die kinders wat spesiale aandag nodig het, na hulle verwys nie. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat daar dus 'n gebrek

aan multi-professionele ondersteuning bestaan. Dit het tot gevolg dat onderwysers self die probleme in die klas moet hanteer, wat daartoe lei dat hulle dikwels as gevolg van hulle onvermoë, die probleme verkeerd hanteer of selfs in sommige gevalle van die probleme ignoreer. Soos wat Teeter (1998:111) aandui, gee dit aanleiding tot die instandhouding en verergering van probleme.

Oaklander (1988:312) kom tot die insig dat baie onderwysers veral by die hantering van kinders se emosionele probleme, ondersteuning benodig. Die navorser dui aan dat 'n spelterapeut hier 'n belangrike rol het om te speel, aangesien sy 'n kind by individuele-en/of groepterapie kan betrek om hom/haar te help om sy/haar emosionele probleem te hanteer. Dit sal daartoe bydra dat sy/haar funksionering in die klas verbeter en indirek die onderwyser se taak vergemaklik.

Die probleem wat in hierdie studie ondersoek word, is dus 'n leemte aan kennis en begrip van die aard van probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut.

1.4 Doel en doelwitte

Volgens Ranjit (1996:40) is die doelwitte van 'n studie, dit wat deur die studie bereik wil word en moet daar 'n onderskeid tussen 'n hoofdoelwit en subdoelwitte gemaak word. Fouché (2002:107) voeg by dat die hoofdoelwit (doelstelling) as die “droom” gesien kan word, terwyl die subdoelwitte (doelwitte) die stappe is wat geneem moet word, ten einde die “droom” te bereik. Gebaseer op die probleem, kan die doelstelling en doelwitte van hierdie studie soos volg geformuleer word:

Doelstelling: Om die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, asook hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut, te assesser.

Doelwitte: 1) Om deur die uitvoer van 'n literatuurstudie en konsultasie met kundiges, 'n kennisraamwerk aangaande die rol van 'n onderwyser, probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en die rol van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem vir 'n onderwyser daar te stel;

2) Om deur 'n empiriese studie kwalitatiewe inligting ten opsigte van die volgende te verkry:

- Die probleme wat onderwysers binne klasverband ten opsigte van die skoolkind in sy/haar middelkinderjare ervaar.
- Die wyse waarop onderwysers huidig kinders met probleme in die klas hanteer.
- Onderwysers se behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut.

3) Om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak ten opsigte van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar.

1.5 Navorsingsvraag vir die studie

Die navorser het beoog om die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut, te assesseer. Daar is beplan om 'n behoeftebepaling te doen en kwalitatiewe navorsing te gebruik en dus is 'n navorsingsvraag van toepassing.

Die volgende navorsingsvrae is geformuleer:

- 1) Wat is die aard van die probleme wat onderwysers tans binne klasverband ervaar?
- 2) Tot watter mate ervaar onderwysers 'n behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut?

1.6 Navorsingsbenadering

Daar word tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing onderskei. Die navorser het beoog om kwalitatiewe navorsing in hierdie studie te benut, aangesien die persepsies van onderwysers oor die aard van probleme wat hulle binne klasverband ervaar, sowel as hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut, bepaal sou word. Volgens Fouché & Delport (2002:79) verwys kwalitatiewe navorsing na navorsing wat deelnemers se

weergawe van betekenis, ervaring en persepsies na vore bring en beskrywende data in die deelnemer se eie woorde produseer. (Vergelyk Mark, 1996:211.)

1.7 Soort navorsing

Daar word tussen basiese en toegepaste navorsing onderskei. Volgens Huysamen (1993:35) word toegepaste navorsing onderneem met die oog op die oplossing van een of ander opvoedkundige of maatskaplike probleem. Daar is beplan om toegepaste navorsing vir die doel van hierdie studie te benut, deurdat daar gepoog is om inligting rondom die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut, in te samel. Dit sou die navorser in staat stel om gevolgtrekkings en aanbevelings te maak wat tot moontlike praktiese oplossings vir die probleem kon lei.

1.8 Navorsingsstrategie

Die navorser sou 'n fenomenologiese strategie binne 'n verkennende studie volg. Daar het min kennis oor die navorsingsvraag bestaan en die studie is uitgevoer met die doel om insig en begrip oor die navorsingsvraag te verkry. Fouché (2002:271) is van mening dat die begrip "strategie" na al die besluite wat die navorser tydens die beplanning van die studie moet neem, verwys. Fouché (2002: 272) gebruik Creswell se identifikasie van vyf strategieë en onderskei tussen biografie, fenomenologie, gegronde teorie, etnografie en gevallestudie. Die fenomenologiese benadering het ten doel om die betekenis wat subjekte aan hulle alledaagse lewe heg, te verstaan en te interpreteer (Fouché, 2002:273). Fouché (2002:273) dui aan dat ten einde dit te bereik, die navorser in staat moet wees om die subjekte se "leefwêreld" te betree.

Die navorser het beoog om van naturalistiese metodes van bestudering gebruik te maak, onder andere deur die analisering van die gesprekke en interaksies wat die navorser met die subjekte sou hê. Die navorser het van fokusgroepe as metode van inligtinginsameling gebruik gemaak. Vier fokusgroepe bestaande uit ongeveer agt onderwysers elk, is beoog. Twee fokusgroepe sou uit die graad een en twee onderwysers van elke skool bestaan, terwyl die graad drie en vier onderwysers die ander twee groepe sou uitmaak. Sodoende

sou ryk, beskrywende inligting ingesamel word. Inligting sou sistematies ingesamel word en betekenis, temas en algemene beskrywings van die ervaring sou geanaliseer word.

1.9 Navorsingsprosedure

Volgens Fouché en Delport (2002:86) bestaan die navorsingsproses uit vyf fases. Tydens fase een is 'n onderwerp geselekteer. Tydens fase twee is daar op 'n toepaslike navorsingsbenadering, naamlik kwalitatiewe navorsing besluit. Na die formulering van 'n navorsingsvraag, is 'n navorsingsvoorstel opgestel.

Tydens fase drie, naamlik die beplanning van die kwalitatiewe navorsingsproses, is daar 'n literatuurstudie gedoen. Dit het aan die navorser 'n kennisraamwerk gegee waaruit sy die studie kon begin, het haar in staat gestel om haarself ten opsigte van die navorsingsonderwerp te oriënteer en het haar by die opstel van 'n semi-gestruktureerde onderhoudskedule wat tydens die fokusgroepe benut is, gelei. Die navorser het die literatuurstudie gedoen, sowel as kundiges gekonsulteer, voordat die empiriese data verkry is, maar het ook 'n verdere literatuurstudie gedoen, nadat die empiriese data verkry is, ten einde die empiriese data in verband met die bestaande teorie en navorsing te kon bring.

Deel van fase drie was om op 'n navorsingsstrategie te besluit. Die navorser het 'n fenomenologiese studie binne 'n verkennende studie gevolg. Dit was by hierdie studie relevant, omdat die navorser insig en begrip oor die ervarings van onderwysers binne 'n onbekende onderwerp wou verkry.

Daarna is die data-insamelingsmetode geselekteer. In hierdie studie is daar van fokusgroepe gebruik gemaak. Krueger (in De Vos *et al.*, 2002:306) definieer 'n fokusgroep as 'n versigtig, beplande bespreking wat ontwerp is om persepsies oor 'n gedefinieerde area van belangstelling binne 'n permissiewe, nie-bedreigende omgewing te verkry. Die navorser het in hierdie studie fokusgroepe as 'n selfinsluitende metode gebruik, deurdat dit as die primêre bron van inligting dien het (Greeff, 2002:306). Respondente vir vier fokusgroepe bestaande uit ongeveer agt graad een tot graad vier onderwysers is geselekteer. Twee fokusgroepe het uit die graad een en twee onderwysers van elke skool bestaan, terwyl die ander twee groepe uit die graad drie en vier onderwysers bestaan het. Daar is beplan om elke fokusgroep een keer te laat vergader, maar die navorser was buigsaam in

haar beplanning en indien dit sou blyk dat meer samekomste nodig was om voldoende inligting in te win, sou die aantal samekomste by die groep se behoefte aangepas word. Indien 'n inligtingsversadigingspunt bereik sou word, sou dit aan die navorser 'n aanduiding wees dat verdere fokusgroepe nie meer van toepassing sou wees nie.

Volgens Greeff (2002:310) is vier fases by fokusgroepe van toepassing, naamlik beplanning, werwing, fasilitering van die groep en die analiseer van die inligting.

Die navorser het tydens die beplanningsfase die doel en die uitkomst van die studie gedefinieer en toestemming vir die uitvoer van fokusgroepe by die betrokke skoolhoofde verkry. Toestemming is ook by die Wes-Kaapse Onderwys-departement verkry. Die respondente is geïdentifiseer en 'n werwingsplan is ontwikkel. Die tyd, plek en datum van die groepe is vasgestel en 'n analiseringsplan is ontwerp. 'n Lokaal is gereël waar steurnisse tot die minimum beperk sou wees en sodoende nie met die groep funksionering sou inmeng nie. 'n Oriënteringsbrief is vir die graad een tot graad vier onderwysers uitge-deel, ten einde hulle ten opsigte van speltherapie, die doel van die navorsing en wat die fokusgroepe sou behels, te oriënteer. Dit het die onderwysers in staat gestel om 'n ingeligte besluit te neem of hulle deel van 'n fokusgroep wou wees. Die reëlings aangaande die lokaal en ander benodighede, byvoorbeeld 'n diktafoon vir die opneem van die besprekings tydens die fokusgroepe, is uitgeklaar. Tydens die laaste fase is alle aantekeninge, kasette en ander inligting georganiseer. Die besprekings wat tydens die fokusgroepe plaasgevind het, is op kasette opgeneem, waarna die navorser transkripsies daarvan gemaak het en temas en subtemas geïdentifiseer het. Hierdie temas is deur die presiese woorde van subjekte wat ook in die transkripte voorgekom het, gemotiveer. Die produkte van analise is georganiseer om by die vorm van die finale verslag te pas.

Tydens fase vier, naamlik die implementering van besluite, het die navorser 'n voortoets gedoen, ten einde die toepaslikheid van die fokusgroepriglyn wat tydens die fokusgroepe benut is, te bepaal. Die navorser het, voordat die fokusgroepe plaasgevind het, die fokusgroepriglyn met twee onderwysers (een uit elke skool) bespreek. Indien dit sou blyk asof veranderinge aan die onderhoudskedule nodig sou wees, sou die navorser die nodige veranderinge aangebring het.

Daar is ook tydens hierdie fase, deur die fasilitering van die fokusgroepe, inligting ingesamel. 'n Diktafoon is tydens die besprekings benut en die navorser het seker gemaak dat sy spaarkasette en -batterye het. Die navorser het die etiese kwessies wat van toepassing is, in gedagte gehou.

Tydens fase vyf, naamlik die analise en voorstelling van die inligting, het die navorser van die tweeledige benadering, soos deur De Vos (2002:340) beskryf, gebruik gemaak. Die eerste aspek van die tweeledige benadering behels inligtinganaliserings gedurende inligtinginsameling, terwyl die tweede aspek daarvan, nadat die inligting ingesamel is, uitgevoer word. Die navorser het transkripsies van die besprekings gemaak, dit deeglik deurgewerk en daarna temas en subtemas geïdentifiseer. Die temas wat geïdentifiseer is, is deur die gebruik van verbatim aanhalings deur respondente vanuit die transkripte, gemotiveer. Daarna is die inligting in verband met literatuur gebring. Die navorser het patrone geïdentifiseer en dit geïnterpreteer en moontlike verduidelikings daarvoor gesoek. Die verduidelikings is ook gemotiveer. Laastens is die inligting in 'n navorsingsverslag weergegee.

1.10 Voorondersoek

1.10.1 Literatuurstudie

As deel van die voorondersoek het die navorser 'n literatuurstudie gedoen. Die navorser het die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria, sowel as die J.S. Gericke biblioteek op Stellenbosch geraadpleeg. Resente internasionale en nasionale literatuur is benut. Literatuur vanuit verskillende vakgebiede, insluitende maatskaplike werk en die opvoedkunde is geraadpleeg. Daar is op literatuur aangaande die rol van onderwysers, probleme wat onderwysers in 'n klas kan ervaar en wyses waarop 'n spelterapeut en onderwysers kan saamwerk, gefokus.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

Die navorser het as deel van die voorondersoek met die volgende kundiges gekonsulteer:

- Mnr. H. Weideman (skoolhoof van Laerskool Swartland) is aangaande die reëlings oor 'n lokaal, datum en tyd wanneer die fokusgroepe kon plaasvind, sowel as vir 'n oriëntering ten opsigte van die onderwysomgewing waarin onderwysers hulle tans bevind, gekonsulteer.
- Mnr. L. Syms (skoolhoof van Liebenberg Primêr) is aangaande die reëlings oor 'n lokaal, datum en tyd wanneer die fokusgroepe kon plaasvind, sowel as vir 'n oriëntering ten opsigte van die onderwysomgewing waarin onderwysers hulle tans bevind, gekonsulteer.
- Mnr. G.L. Jordaan (skoolhoof van Hoërskool Swartland) is in verband met die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, sowel as die behoefte van onderwysers aan die benutting van 'n spelterapeut gekontak.

1.10.3 Uitvoerbaarheid van die studie

Die navorser het die studie tussen Julie en Oktober 2003 uitgevoer. Hierdie studie is by Laerskool Swartland en Liebenberg Primêr op Malmesbury gedoen en toestemming is by die skoolhoofde en die Wes-Kaapse Onderwysdepartement verkry. Geen probleme is by die verkry van respondente ondervind nie. Die oriënteringsbrief wat aan die respondente uitgedeel is, het die respondente in staat gestel om ingeligte toestemming tot die insluiting in 'n fokusgroep te gee. Die briewe is 'n paar dae voor die aanvang van die groepe uitgedeel. Sodoende het die navorser genoeg tyd gehad om die voorondersoek te doen. Elke fokusgroep het ongeveer 'n uur geduur. Die navorser en die betrokke skoolhoofde het oor die spesifieke datums en tyd ooreengekom. Die skoolhoofde het dit met die onderwysers uitgeklaar en met die navorser gefinaliseer. 'n Lokaal waar steurnisse tot die minimum beperk is, is daarvoor uitgewys. Die besprekings is tydens die fokusgroepe opgeneem, wat die analiseer van die inligting vergemaklik het. Genoeg tyd is vir die analiseer en interpreteer van die inligting, sowel as vir die skryf van die navorsingsverslag opsy gesit. Geen befondsing is vir die studie benodig nie.

1.10.4 Toetsing van die fokusgroepriglyn

Strydom & Delpont (2002:337) dui op die doel van 'n voorondersoek by kwalitatiewe navorsing, naamlik dat dit bepaal of relevante inligting vanaf die respondente verkry kan word en die navorser kry die geleentheid om sekere vrae te toets. Die skrywers is ook van

mening dat 'n vooronderzoek by kwalitatiewe navorsing meer informeel is en dat min respondente wat dieselfde kenmerke as dié wat in die studie betrokke is, benodig word. Die navorser het 'n vooronderzoek met twee onderwysers (een van elke skool) gedoen, waartydens die riglyn wat in die fokusgroepe benut is, getoets is om te bepaal of dit toepaslik en duidelik is. Indien nodig, sou dit die navorser in staat stel om die nodige veranderinge aan te bring.

1.11 Omskrywing van universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Arkava en Lane (in De Vos *et al.*, 2002:198) tref onderskeid tussen 'n populasie en 'n universum en dui aan dat 'n universum na alle potensiële subjekte verwys, wat oor die kenmerke beskik waarin die navorser geïnteresseerd is. 'n Populasie is 'n term wat grense aan die studie-eenhede stel, deurdat dit na individue in die universum verwys, wat spesifieke kenmerke besit. Mark (1996:104) voeg by dat 'n steekproef 'n proporsie is van 'n populasie wat vir 'n studie geselekteer is. Vir die doel van die studie kon die universum as alle graad een tot graad vier onderwysers in hoofstroomskole in Suid-Afrika, gesien word. Graad een tot graad vier onderwysers in hoofstroomskole in die Wes-Kaap kon as die populasie gesien word, terwyl die steekproef uit graad een tot graad vier onderwysers in Laerskool Swartland en Liebenberg Primêr op Malmesbury bestaan het. Die steekproefgrootte was twee-en-dertig respondente.

Daar word tussen ewekansige en nie-ewekansige steekproefneming onderskei (Strydom en Venter, 2002:203). By eersgenoemde het elke eenheid van die populasie 'n gelyke kans om deel van die steekproef te wees, maar dit is nie die geval by laasgenoemde nie. Vir die doel van hierdie studie is nie-ewekansige steekproefneming benut omdat die navorser nie in staat was om 'n ewekansige steekproef uit die populasie te trek nie omdat dit te groot was en die eenhede oor 'n té groot area versprei was. Die navorser is egter van mening dat die gebruik van 'n nie-ewekansige steekproef nie die sukses van die studie negatief beïnvloed het nie. 'n Doelgerigte steekproef is, waar die navorser self gekies het wie deel van die steekproef sou wees. Die kriteria vir doelgerigte steekproef-trekking het graad een tot graad vier onderwysers van Laerskool Swartland en Liebenberg Primêr behels. Al die graad een tot graad vier onderwysers van die twee skole is by die steekproef ingesluit, omrede dit die verteenwoordigheid van die steekproef sou verhoog.

Die steekproef was homogeen, in die sin dat dit uit graad een tot graad vier onderwysers in hoofstroomskole in Malmesbury bestaan het. Dit was egter ook heterogeen, aangesien onderwysers van verskillende ouderdomme, rasse, sosio-kulturele agtergronde en jare onderwyservaring betrek is. Die onderwysomgewing van die onderwysers het ook verskil. Dit het tot gevolg gehad dat ryk beskrywende inligting ingesamel is.

1.12 Etiese kwessies

Huysamen (1993:184) is van mening dat etiese oorwegings tydens drie stadiums van 'n navorsingsstudie op die voorgrond tree, naamlik by die werwing van respondente, by die ingreep en/of meting waaraan respondente onderwerp word en by die hantering van die verkreë inligting. Strydom (2002:64) identifiseer agt etiese kwessies wat 'n navorser ingedagte moet hou. Hierdie etiese kwessies is ook tydens die studie in ag geneem.

- Ingeligte toestemming

Die navorser het in die oriënteringsbrief wat aan die betrokke onderwysers uitgedeel is, die doel van die navorsing en wat dit sou behels aan die respondente duidelik gemaak, sodat hulle uit die studie kon onttrek, indien hulle so sou voel. Daar is aan die respondente geleentheid gegee om ingeligte toestemming te gee en ook 'n vorm te onderteken, nadat al die nodige inligting aan hulle deurgegee is. Die inligting is akkuraat en volledig weergegee en dit het die respondente in staat gestel om 'n vrywillige, deeglike en beredeneerde besluit oor hulle deelname te kon maak. Al het die studie geen gevaar van skade vir die respondente ingehou nie, is ingeligte toestemming steeds verkry. Die navorser het nie die respondente mislei nie, aangesien sy seker gemaak het dat geen vals inligting bestaan nie, alle inligting duidelik weergegee is en geen inligting van hulle weerhou is nie. (Vergelyk Huysamen, 1993:186.)

- Privaatheid

Wat die etiese kwessie rondom die skending van privaatheid aanbetref, is die navorser van mening dat daar in hierdie studie nie 'n gevaar daarvoor bestaan het nie. Die inligting wat verkry is, is nie van 'n persoonlike aard nie. Die respondente is egter verseker dat die

navorser sensitief met die inligting sou omgaan en dit slegs vir die doel van die studie sou bekend maak. Respondente is in die navorsingsverslag anoniem hanteer.

- Bevoegdheid en aksies van die navorser

Die navorser het deurgaans gepoog om deur haar aksies en bevoegdhede, eties op te tree. Sy is bevoeg en beskik oor voldoende vaardighede om die studie te kon uitvoer, aangesien sy haar teorie-modules vir die M SD-graad voltooi het. Sy het ook deurgaans studieleiding ontvang. Die navorser is as 'n maatskaplike werker by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoeperegistreer. Sy het gepoog om te alle tye objektief en professioneel op te tree en haar van die maak van waarde-oordele te weerhou. Sy het ook te alle tye onder die etiese kode van maatskaplike werk opgetree en het die respondente gerespekteer.

- Bekendstelling van resultate

Die bekendmaak van die inligting is ook 'n etiese kwessie wat in ag geneem moes word. Die studie was deel van die navorser se M-graad in Speltherapie. Die inligting is akkuraat, volledig, objektief, duidelik en ondubbelsinnig in die navorsingsverslag weergegee. Die navorser het in die verslag die beperkings en tekortkominge van die studie bekend gemaak, sodat ander navorsers wat in die replisering van die studie belangstel, daarvan bewus is. Die respondente is op 'n objektiewe manier oor die bevindings van die studie ingelig.

- Herstel van respondente

Die navorser het na die fokusgroep deur die onderwysers se ervaring om deel van die studie te wees, gewerk. Daar is ook nuusbriewe aan die betrokke onderwysers gestuur, om die basiese inhoud van die bevindings van die studie aan hulle bekend te maak. Indien enige wanpersepsies by die respondente na die uitvoer van die studie sou bestaan, sou die navorser dit regstel. Geen terapie sou gegee word nie, dus is die respondente nie negatief deur die terminering van die studie beïnvloed nie (Strydom, 2002:73).

1.13 Probleme of leemtes tydens die navorsing ervaar

Die navorser het geen noemenswaardige probleme of leemtes tydens die navorsing ervaar nie. Geen probleme is tydens die werf van respondente ervaar nie. Slegs een respondent was, as gevolg van siekte, nie by 'n fokusgroep teenwoordig nie, maar dit het geen invloed op die fokusgroepbesprekings gehad nie. Alle respondente het hul volle samewerking gegee.

1.14 Definisies van hoofkonsepte

Vir die doel van die studie is die omskrywing van die volgende konsepte belangrik:

Assessering: Volgens Hoffman & Salee (in Kruger, 1997:300) kan assessering gesien word as 'n professionele proses waarmee inligting wat deur die toepassing van teoretiese kennis, analitiese vaardighede en navorsing bekom is, georden word ten einde 'n diepgaande begrip van 'n spesifieke saak/geval/probleemarea te vorm. West (1996:17) voeg by dat assessering die opweeg van reeds bestaande inligting teenoor nuwe inligting wat ingesamel word, is. Die navorser voeg by dat assessering 'n holistiese proses is, wat op die inwin van inligting gerig is. In hierdie studie sal inligting aangaande die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, ingesamel word en dus geassesseer word.

Klaskamer: Die Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal (1997:530) definieer 'n klaskamer as 'n kamer in 'n skool waarin 'n klas onderrig ontvang. Jordaan (2003) kom tot die insig dat 'n klaskamer nie net vier mure is waarbinne daar onderrig aan leerlinge gegee word nie, maar dat dit 'n lokaal is waarbinne die kind suksesvolle en simpatieke begeleiding ontvang op sy/haar pad na volwassenheid. Die navorser voeg by dat dit 'n lokaal is waarbinne 'n onderwyser in interaksie met leerlinge is, ten einde hulle te onderrig.

Onderwyser: Volgens die Verklarende Handboek van die Afrikaanse Taal (1997: 727) kan 'n onderwyser gesien word as 'n persoon wat na 'n afgelegde eksamen bevoeg verklaar is om les te gee. Gunter (1997:11) is van mening dat 'n onderwyser 'n professionele persoon is, wat nie net onderrig gee nie, maar ook opvoeding. So 'n persoon leer nie net vir sy/haar leerlinge kennis en vaardighede aan nie, maar help en lei

hulle ook tot geestelike volwassenheid. Die navorser kom tot die insig dat 'n onderwyser nooit net met 'n kind se verstand werk nie, maar altyd met hom/haar as ondeelbare totaliteit en dus is 'n onderwyser verantwoordelik vir die vorming van die hele mens.

Speltherapeut: Webb (1999:30) definieer 'n speltherapeut as 'n opgeleide volwassene wat in 'n professionele, hulpverlenende verhouding tot 'n kind staan, ten einde te poog om die kind se emosionele probleme deur die simboliese kommunikasie van spel, te verlig. West (1996:18) voeg by dat 'n speltherapeut nie soseer as 'n kundige wat 'n kind se spel evalueer en poog om sy/haar trauma te ontleed, gesien kan word nie, maar wel as 'n instaatsteller en ko-ontdekker, wat poog om die kind se leiding te volg, eerder as wat sy probeer om die kind se spel te beheer. Die navorser voeg by dat 'n speltherapeut die fasiliteerder van die speltherapeutiese proses is, waarbinne 'n kind deur die benutting van verskeie tegnieke en mediums in staatgestel word, om sy/haar gevoelens en probleme op 'n verbale en nie-verbale wyse uit te druk.

1.15 Indeling van navorsingsverslag

- Hoofstuk 1: Algemene inleiding en uiteensetting van die navorsing
- Hoofstuk 2: Literatuurstudie - Die rol van die onderwyser ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare
- Hoofstuk 3: Literatuurstudie – Die rol van 'n speltherapeut as ondersteuningssisteem vir die onderwyser
- Hoofstuk 4: Empiriese gegewens en navorsingsbevindings
- Hoofstuk 5: Samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings

HOOFSTUK 2

DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER TEN OPSIGTE VAN DIE KIND IN SY MIDDELKINDERJARE

2.1 Inleiding

Onderwys is een van die aktiwiteite wat deur alle gemeenskappe, hetsy primitief of hoogs ontwikkel, onderneem word. Waar dit by primitiewe gemeenskappe bloot gaan om kultuuroordrag en die inlywing van die jongmens in die bestaanswyse en sodanige gemeenskap, word die komplekse samelewing se onderwys gekenmerk as 'n omvattende aktiwiteit aangevul deur 'n uitgebreide stelsel van ondersteuningsdienste. Professionele opvoeders moet hul taak in nouste verband met die samelewing in al sy verbande uitvoer omdat die owerheid, ouers en privaatsektor as vennote direk daarby belang het en self ook bepaalde bydraes daartoe lewer (Osborn, McNess & Broadfoot, 2002:46).

Oppervlakkig beskou, blyk die basiese tradisionele funksie van opvoeding en onderwys die bewaring en oordrag van kultuur van een geslag na 'n ander te wees met die onderwyser as bewaringsagent. Fundamenteel gesien, is die opvoedingshandeling veel meer: dis die doelbewuste en doelgerigte, opsetlike en planmatige toerusting en voorbereiding van die nog-nie-volwassene tot wasdom deur die volwasse opvoeder se onderwysing en die aktiewe deelname van die opvoedeling aan dié werksaamheid. Sodanige onderwysing of opvoeding is gefundeer in 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing en moet die hele kind – fisies, verstandelik, psigies en geestelik – betrek (Zabel & Zabel, 1996:8). Die navorser voeg by dat dit noodsaaklik is dat kinders by die gee van onderwys holisties hanteer moet word met ander woorde 'n onderwyser moet, in sy omgang met die kind, sy kognitiewe, emosionele en fisiese ontwikkeling in ag neem, maar ook van die invloed wat verskillende sisteme op die kind se gedrag het, bewus wees. Dit sluit sisteme in wat van die kind se lewe deel is byvoorbeeld sy skool, gesin en vriende. Die navorser is van mening dat verskeie sisteme, veral tydens die middelkinderjare, 'n ingrypende invloed op 'n kind het.

Aangesien die skool die werkverband van die onderwyser is, die onderwyser 'n sentrale plek in die skool as opvoeder beklee, hy met ander woorde die verpersoonliking en konkretisering van die opvoeding en onderwys is en dit in hom vergestalt word, geld alles

wat omtrent die skool en die onderwys gesê word, vir die onderwyser (Osborn *et al.*, 2002:47). Die navorser voeg by dat hiermee bedoel word dat, as daar byvoorbeeld van 'n verhouding tussen ouer en skool of kind en onderwys gepraat word, die onderwyser essensieël by die verhouding betrokke is. As onderwyser verteenwoordig hy die skool; verpersoonlik hy die skool.

Hierdie hoofstuk sal vervolgens fokus op die kind in sy middelkinderjare, die rol van die onderwyser ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare asook moontlike faktore wat 'n invloed op die rolvervulling uitoefen. Sekere probleme wat die onderwyser binne klasverband kan ervaar, sal ook aandag geniet. Die navorser voeg by dat daar deurgaans van die manlike vorm van voornaamwoorde gebruik gemaak sal word, maar dat dit ook die vroulike vorm verteenwoordig.

2.2 Die kind in sy middelkinderjare

Die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare staan algemeen as die middelkinderjare bekend. Louw, Van Ede & Ferns (in Louw, Van Ede & Louw, 1998:326) kom tot die insig dat dit 'n tydperk van relatiewe rustigheid en kalmte is wanneer die vinnige ontwikkeling van die voorafgaande kinderjare en die daaropvolgende adolessente jare in aanmerking geneem word. Die navorser meld dat Erikson daarna as die periode van arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid verwys. Hoewel dit relatief rustige jare is wat die fisieke ontwikkeling betref, is hierdie tydperk belangrik vir die kind se kognitiewe, sosiale, emosionele en selfkonsep-ontwikkeling. Ontwikkeling op hierdie terreine stel kinders in staat om 'n steeds beter begrip van hulle leefwêreld te vorm, 'n leefwêreld wat gestimuleer word deur die dramatiese uitbreiding van hulle sosiale omgewing. Laasgenoemde bied vir die kind nuwe geleenthede om te sosialiseer en nuwe leerondervindings op te doen (Louw *et al.*, 1998:326). Die navorser is van mening dat dit veral die skool en 'n onderwyser se bydrae is wat nie onderskat kan word nie hoewel die invloed van die ouers en gesin steeds van kardinale belang bly.

Volgens Louw *et al.* (1998:326) moet die kind tydens die middelkinderjare die volgende ontwikkelingstake bemeester:

- Verdere verfynde motoriese ontwikkeling.

- Die vaslegging van geslagsrolidentiteit.
- Die ontwikkeling van verskeie kognitiewe vaardighede.
- Die uitbreiding van kennis.
- Die uitbreiding van sosiale deelname.
- Die ontwikkeling van groter selfkennis.
- Die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag.

Die navorser is ten sterkste van mening dat 'n onderwyser 'n uiters belangrike rol in al die bogenoemde ontwikkelingstake speel en kinders kan help by die bemeestering daarvan.

Vervolgens sal sekere aspekte van die middelkinderjare bespreek word en sal daar deurgaans na die rol van die onderwyser by hierdie aspekte verwys word.

2.2.1 Die aanleer van motoriese vaardighede

Die aanleer en verfyning van 'n verskeidenheid van psigomotoriese vaardighede is een van die uitstaande ontwikkelingskenmerke tydens die middelkinderjare deurdat daar 'n toename in krag, koördinasie en spierbeheer oor die liggaam is (Louw *et al.*, 1998:329). Die skrywers kom tot die insig dat die motoriese ontwikkeling van kinders bevorderlik is vir verskeie fasette van hulle persoonlikheidsontwikkeling. Op kognitiewe gebied word die aanleer van vaardighede soos skryf, teken en die speel van musiekinstrumente moontlik terwyl kinders se sosiale ontwikkeling deur hulle deelname aan sport bevorder word. Nie net leer hulle om reëls te gehoorsaam nie, maar ook om met spanlede saam te werk. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die onderwyser sonder twyfel 'n rol te speel het by die aanleer van skryfvaardighede en sportsoorte. Die navorser meld ook dat verdere verfynde motoriese ontwikkeling een van die ontwikkelingstake is wat 'n kind in sy middelkinderjare moet bemeester. Die navorser meld ook hier die arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid stadium van Erikson se ontwikkelingsteorie. Volgens Erikson is kinders tydens die middelkinderjare daarop ingestel om sekere vaardighede, wat vir die volwasse nodig is, aan te leer. Indien hierdie vaardighede nie aangeleer word nie, gee dit tot minderwaardigheidsgevoelens aanleiding.

2.2.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die navorser meld dat kinders in hul middelkinderjare, volgens Piaget, in die konkreet-operasionele periode is. Volgens Thomas (2000:263) is kinders in hierdie stadium onder andere in staat om konservasie (die feit dat die kwantitatiewe verhouding tussen die dinge dieselfde bly selfs as perseptuele veranderinge plaasvind, mits niks bygevoeg of weggeneem word nie) te verstaan, beskik hul oor die vermoë van reeksvorming (die vermoë om voorwerpe op 'n sistematiese wyse van klein na groot of groot na klein te ringskik) en verwerf hul getallebegrip. Die navorser maak die afleiding dat die onderwyser ook hier 'n kardinale rol speel en deur die oordra van kennis tot die kognitiewe ontwikkeling van 'n kind bydra. Die navorser meld ook dat twee ontwikkelingsstake wat kinders tydens die middelkinderjare moet bemeester, hier van toepassing is, naamlik die ontwikkeling van verdere kognitiewe vaardighede en die uitbreiding van kennis. Volgens die navorser speel die onderwyser ook 'n noodsaaklike rol by die identifisering van kognitiewe probleme wat na 'n toepaslik gespesialiseerde persoon, byvoorbeeld 'n opvoedkundige sielkundige, verwys moet word.

2.2.3 Taalontwikkeling

Louw *et al.* (1998:344) meld dat die taalontwikkeling van kinders in die middelkinderjare nie net die uitbreiding van woordeskat of verbeterde sinskonstruksie behels nie, maar taal word al meer in verband met die konteks waarin dit gebruik word, gebring. 'n Kind se taalgebruik met 'n onderwyser en maat sal byvoorbeeld verskil. Die navorser is van mening dat die onderwyser nie net 'n belangrike rol by die oordra van kennis vir die aanleer van verskillende tale en die uitbreiding van woordeskat speel nie, maar het met sy eie taalgebruik ook deur middel van modellering 'n invloed op 'n kind se taalontwikkeling. Kinders sien 'n onderwyser as rolmodel en boots sy gedrag, insluitend sy taalgebruik, na.

2.2.4 Persoonlikheidsontwikkeling

2.2.4.1 Selfkonsep

Die middelkinderjare word as 'n sensitiewe periode vir die ontwikkeling van die selfkonsep beskou omdat spesifieke ervarings belangrike gevolge vir die ontwikkeling daarvan inhou

(Louw *et al.*, 1998:348). Die skrywers voeg by dat kinders tydens die middelkinderjare hulself in terme van hoe goed hul aktiwiteite kan doen, beskryf. Die navorser maak Erikson se ontwikkelingsteorie hier van toepassing deurdat sy van mening is dat dit tydens die middelkinderjare vir kinders belangrik is om sukses te behaal ten einde minderwaardigheidsgevoelens te voorkom. Volgens die navorser sal swak akademiese vordering en 'n swak akademiese prestasie tot 'n swak selfbeeld aanleiding kan gee, maar dat 'n swak selfbeeld op sy beurt ook tot swak akademiese vordering kan bydra. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:155 en Oaklander, 1988:281.) Kinders met 'n lae selfbeeld sien hulself as onbevoeg en beskik nie oor die geloof in hulself dat hul tot beter in staat is nie.

Die navorser kom tot die insig dat 'n kind se gesin en veral sy onderwyser 'n ingrypende rol by die ontwikkeling van sy selfkonsep speel. 'n Onderwyser kan kinders ondersteun en help om op akademiese gebied hul optimale ontwikkeling te bereik en hulle laat glo dat hul tot meer in staat is. Die navorser is van mening dat die onderwyser nie net deur aanmoediging en aanvaarding kinders se selfbeeld kan verhoog nie, maar ook deur negatiewe kritiek en 'n afbrekende houding kinders se selfbeeld kan vernietig. In laasgenoemde geval ontvang kinders negatiewe boodskappe wat dikwels deur hul vriende en gesin se houding versterk word. Volgens die navorser is dit van kardinale belang, inaggenome die geweldige invloed wat 'n onderwyser se gedrag en menings op kinders in die middelkinderjare het, dat 'n onderwyser deurgaans moet poog om kinders te prys en 'n opbouende houding teenoor hulle te handhaaf. Dit sal die kind die gerusstelling gee dat die onderwyser in hom glo en hom tot die ontwikkeling van 'n beter selfbeeld aanspoor. Die navorser meld dat onderwysers ook deur die gee van opdragte, wat kinders in die middelkinderjare moet kan bemeester, bemagtigend kan optree deurdat kinders goed sal voel indien hulle 'n opdrag suksesvol kan afhandel.

Die navorser maak een van die ontwikkelingstake wat kinders tydens die middelkinderjare moet bemeester, naamlik die ontwikkeling van groter selfkennis, hier van toepassing.

2.2.4.2 Emosionele ontwikkeling

Turner & Helms (in Louw *et al.*, 1998:349) konstateer tereg dat die middelkinderjare met groter emosionele volwassenheid gepaard gaan. Emosies in die middelkinderjare word

meer spesifiek, divers en gesofistikeerd en groter emosionele differensiasie stel kinders in staat om 'n verskeidenheid van gevoelens uit te druk. Geslagsrolstereotipering beïnvloed egter emosionele uitdrukking en alhoewel kinders 'n behoefte het om aan hulle emosies uitdrukking te gee, word dit dikwels deur geslagsrolstereotipering verhoed. So byvoorbeeld word daar aan seuns geleer om nie te huil of te wys dat hul bang is nie (Louw *et al.*, 1998:349). Die navorser is van mening dat dit daartoe kan aanleiding gee dat kinders, veral seuns, hul gevoelens onderdruk en dit op ander wyses, dikwels op ontoepaslike maniere byvoorbeeld deur aggressiewe gedrag, uitdruk. Volgens die navorser moet 'n onderwyser kinders aanmoedig om op toepaslike wyse uitdrukking aan hulle gevoelens te gee deur 'n nie-bedreigende klasatmosfeer te skep wat kinders sal aanmoedig om hul gevoelens te verbaliseer. Die navorser meld ook dat 'n onderwyser 'n noodsaaklike rol by die identifisering van emosionele probleme speel en dit na 'n gespesialiseerde persoon, byvoorbeeld 'n spelterapeut, moet verwys.

2.2.5 Sosiale ontwikkeling

Die horisonne van kinders in die middelkinderjare brei dramaties uit en dit spreek dus vanself dat hulle nou aan talle nuwe sosiale leerervarings, wat 'n wesenlike invloed op hulle ontwikkeling kan uitoefen, blootgestel word (Louw *et al.*, 1998:354). Die navorser meld dat kinders tydens die middelkinderjare twee ontwikkelingstake moet bemeester wat met sosiale ontwikkeling verband hou, naamlik die uitbreiding van sosiale deelname en die vaslegging van geslagsrolidentiteit. Die navorser is van mening dat veral 'n kind se gesin, sy skool en sy protuurgroep 'n geweldige invloed op sy sosiale ontwikkeling het. Die rol van die gesin, skool en portuurgroep by 'n kind se sosiale ontwikkeling gaan kortliks bespreek word.

2.2.5.1 Die rol van die gesin

Alhoewel kinders tydens die middelkinderjare al hoe meer tyd weg van die huis deurbring, bly die huis steeds vir kinders die plek wat die meeste sekuriteit bied en hul ouers en die res van die gesin steeds die belangrikste ondersteuningsbron (Louw *et al.*, 1998:354). Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat dit vir kinders in die middelkinderjare uiters problematies is indien hul ouers onbetrokke of afwesig is en hul in swak huislike omstandighede grootword waarin hul geen liefde, warmte en ondersteuning ontvang nie.

Die navorser meld dat, ook die gedrag wat ouers openbaar en hul ouerskapstyle, 'n geweldige invloed op 'n kind se sosiale ontwikkeling het deurdat hy gedrag wat sy ouers modelleer aanleer. Kinders is ook afhanklik van ouers se leiding, dissiplinerende en beheermaatreëls wat in 'n warm en liefdevolle atmosfeer gehandhaaf word. Dit het tot gevolg dat kinders beperkings op hulle gedrag het, maar steeds veilig en aanvaar voel. Die navorser is van mening dat onderwysers kennis oor 'n kind se huislike omstandighede en ouers móét dra ten einde die kind se gedrag binne klasverband beter te begryp.

2.2.5.2 Die invloed van die skool en die onderwyser

Die navorser meld dat kinders tydens hul middelkinderjare laerskool toe gaan en met hulle toetrede tot die skool, vind daar 'n dramatiese verandering in kinders se lewens plaas. Hoewel die gesin nog steeds 'n primêre invloedsefeer vir die kind is, oefen die skool tydens die middelkinderjare 'n baie belangrike invloed op die ontwikkeling van die kind uit. Die kind verlaat die bekende omgewing van die huis en moet by die relatief onbekende omgewing van die skool aanpas. Daar kom hy in kontak met ander kinders van sy ouderdom, maar ook met 'n onderwyser as gesagsfiguur wat nuwe reëls toepas en ander eise aan hom stel. Die onderwyser speel nie net 'n sentrale rol in elke skoolgaande kind se leerervaring nie, maar oefen ook 'n ingrypende invloed op feitlik alle fasette van sy ontwikkeling uit. Die navorser kom tot die insig dat die onderwyser nie net die leerproses fasiliteer en die kind sosiale vaardighede leer nie, maar dikwels ook leerprobleme aanspreek en as "sielkundige" vir kinders met persoonlike en huislike probleme optree. Vanweë die belangrike rol wat 'n onderwyser in kinders se lewens speel, is dit dus van kardinale belang dat sy optrede van aanvaarding en ondersteuning moet spreek en dat hy deurgaans 'n opbouende en positiewe houding teenoor die kinders in sy klas moet handhaaf. Die navorser meld dat vir sommige kinders met afwesige ouers, 'n onderwyser een van die min stabiele rolmodelle in hul lewe is en dat kinders baie by die gedrag van hul onderwyser kan leer.

2.2.5.3 Die invloed van die portuurgroep

Tydens die middelkinderjare is kinders meer geneig om met ander kinders van dieselfde geslag en ouderdom in interaksie te wees (Louw *et al.*, 1998:368). Die navorser maak Erikson se ontwikkelingsteorie hier van toepassing en meld dat kinders tydens die

middelkinderjare graag met maats, meestal van die eie geslag, speel en kompeteer. Die portuurgroep van 'n kind speel 'n uiters belangrike rol in sy ontwikkeling. Van hierdie funksies sluit die volgende in: die daarstelling van kameraadskap, die aanleer van nuwe gedrag, die oordra van kennis en inligting, die versterking van geslagsrolle asook die opdoen van ondervinding in verhoudings. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kinders, wat skaam is en oor swak kommunikasie-vaardighede beskik, dikwels minder vriende as die res van hul klasmaats het. Die navorser is van mening dat die onderwyser van kinders met min vriende bewus moet wees daarvan en die res van die klasmaats moet aanmoedig om hierdie kinders by hulle aktiwiteite te betrek. Dit sal nie net die kinders se kommunikasie-vaardighede verbeter nie, maar ook hul selfbeeld versterk.

2.2.6 Morele ontwikkeling

Thomas (2000:471) verwys na morele ontwikkeling as die proses waardeur kinders die beginsels aanleer wat hulle in staat stel om, in 'n bepaalde samelewing, gedrag as "reg" of "verkeerd" te beoordeel en om hulle eie gedrag hiervolgens te rig. Volgens die sosiale leerteoretiese siening, wat deur Bandura ontwikkel is, word morele gedrag soos enige ander gedrag aangeleer (Louw *et al.*, 1998:377). Hoewel Bandura erken dat morele waardes en norme deur direkte onderrig aangeleer word, beklemtoon hy veral die indirekte wyse waardeur morele leer plaasvind, naamlik kinders se waarneming van die gedrag van ander persone in hulle sosiale omgewing. Hierna word as modellering of observasieleer verwys. Die navorser voeg by dat hierdie persone veral betekenisvolle persone soos ouers, gesinslede en onderwysers insluit, van wie sosiale gedrag aangeleer word. Louw *et al.* (1998:377) kom tot die insig dat kinders behalwe die gedrag van hulle ouers, 'n model wat belonings vir gewenste gedrag verskaf, wat beheer oor die gevolge van gedrag het of wat hoë aansien en status in die sosiale groep geniet, geredelik naboots. Die navorser maak die gevolgtrekking dat bogenoemde beskrywing van 'n model 'n onderwyser pas. Die navorser kom tot die insig dat die onderwyser op sy gedrag moet let en daarvan bewus moet wees dat kinders sy gedrag naboots. Volgens die navorser kan 'n onderwyser 'n kind veral lei en aanmoedig om "reg" op te tree deur om "verkeerde" optredes met negatiewe gevolge op te volg. Die navorser maak die bemeestering van een van die ontwikkelingstake van kinders in die middelkinderjare hier van toepassing, naamlik die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag.

Aan die hand van bogenoemde is dit duidelik dat 'n onderwyser 'n uiters belangrike rol by al die fasette in die kind se ontwikkeling in sy middelkinderjare speel. Vanweë die ingrypende rol van die onderwyser, is die navorser van mening dat multi-professionele ondersteuning noodsaaklik is ten einde rolvervulling aan die kant van die onderwyser mee te bring. Ondersteuning kan byvoorbeeld deur 'n spelterapeut gebied word. Hierdie aspek sal later breedvoerig aandag geniet.

2.3 Wat word verstaan onder “die rol van die onderwyser”

Die term “rol van die onderwyser” is baie gewild, maar ongelukkig is dit enersyds so vaag en andersyds so omvattend dat etlike konsepte daarin opgesluit lê. Die navorser vind dit nodig om vervolgens 'n kursoriese verduideliking te gee van die verskillende konsepte in hierdie term vervat ten einde enige vaagheid ten aansien van die term “rol” in hierdie navorsing uit die weg te ruim.

2.3.1 Rol as gedrag

In die eerste plek word hierdie term gebruik om te verwys na gedrag wat kenmerkend is van die onderwyser binne sy werkopset wat die klaskamer en skool insluit. Dit wil voorkom asof “rol” en “gedrag” as sinonieme gebruik kan word en veronderstel dat onderwysergedrag eksistensiële gebeure is wat direk waarneembaar en beïnvloedbaar is, maar wat self ook kan beïnvloed. Die navorser kom tot die insig dat die term “rol” dus kan verwys na hoe onderwysers binne die klaskamer optree.

2.3.2 Rol as sosiale posisie

Hiervolgens word verwys na die sosiale posisie wat onderwysers in gemeen het. Dit verwys na die woord “onderwyser” en fokus op relatief statiese eienskappe soos: onderwysbevolking, status van die beroep óf voorwaardes vir toetrede of uitrede uit hierdie veld. In hierdie verband kry 'n mens dikwels die gedagte van “teachers occupying their roles” (Cangelosi, 1997:4).

2.3.3 Rol as taak

‘n Derde konseptualisering van hierdie term verwys na take wat aan ‘n onderwyser opgedra is of verwagtinge wat van hom gekoester word. Sommige van hierdie take word deur die onderwyser self vir hom toegeëien; ander word deur ouers, die skool, die staat en die privaatsektor aan hom toegesê. Sommige take is normatief van aard, ander verteenwoordig sekere voorkeure en nog ander modi van denke. Sommige take word wyd onderskryf deur belanghebbendes; ander reflekteer divergente denke en heel dikwels veroorsaak hierdie veelvuldige take rolkonflik by die onderwyser.

Geeneen van hierdie drie konsepte sluit mekaar uit óf geniet voorkeur bo die ander nie, want elkeen verteenwoordig inderdaad ‘n faset van die uiters komplekse aard van die onderwyser en elkeen is ‘n bron van inligting vir die opvoedkundige en ander sosiale wetenskaplikes.

Vir die doel van hierdie navorsing sal die eerste en derde interpretasie van die term “rol” van toepassing wees.

2.4 Die rol van die onderwyser ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare

“No school can be better than its teachers” – dit is ‘n aanhaling uit die Rockefeller-Verslag (1958), een van die belangrikste oproepe tot onderwyservorming in die VSA gedurende die laat vyftigerjare (Newell & Jeffreys, 2002:134). Die navorser is van mening dat die bepalende invloed wat onderwysers op die kwaliteit van die skool het in hierdie aanhaling weerspieël word. Dit is dus van kardinale belang dat alle onderwysers van hulle rolle bewus moet wees en moet poog om dit suksesvol uit te voer.

2.4.1 Die onderwyser as kennisoordraer

Die grondreël in die Westerse onderwys, ook in Suid-Afrika, was nog altyd kennis en daarom blyk die oordra van feitekennis tradisioneel die belangrikste taak van die onderwyser te wees (Cangelosi, 1997:4). Die onderwyser verteenwoordig dus tradisioneel die alfa en omega in die onderrigstelsel en hy beskik oor al die kennis wat hy dan weer aan die leerlinge oordra (Osborn *et al.*, 2002:49). Feite word dus deur die leerlinge

geabsorbeer of geassimileer en die onderwyser se taak is in 'n mate outoritêr – hy deel inligting mee en beoordeel agterna die sukses, al dan nie, van die reproduksie daarvan. Die navorser voeg by dat ten einde hierdie rol suksesvol uit te voer, die onderwysers oor voldoende kennis oor sy vakgebied moet beskik.

Die navorser meld hier die beduidende invloed wat 'n onderwyser op die kognitiewe ontwikkeling van 'n kind in sy middelkinderjare het. (Vergelyk 2.2.2) Volgens die navorser dra hierdie rol van die onderwyser by tot die bemeestering van twee van die ontwikkelingstake van 'n kind in sy middelkinderjare, naamlik die uitbreiding van kennis en die ontwikkeling van verskeie kognitiewe vaardighede.

2.4.2 Die onderwyser as ontsluiter van moontlikhede

Sedert die tyd toe 'n onderwyser in alle eerlikheid kon sê dat sy enigste taak is om 'n sekere hoeveelheid kennis aan 'n spesifieke groep kinders oor te dra etlike faktore, onder andere op sosiaal-maatskaplike gebied, daartoe bygedra het dat die onderwyser tot 'n groot mate die ouer se taak oorgeneem het sodat daar later 'n meervoudigheid in sy onderwysrol te bespeur was. Dit het toe nie meer bloot gegaan oor die onderrig van akademiese of tegniese vakke ter wille van die aanleer van 'n vaardigheid of intellektuele ontsluiting nie, maar ook om die algemene vorming van die kind se karakter en persoonlikheid (Cangelosi, 1997:7). Die navorser kom tot die insig dat dit dus ook die taak van die onderwyser is om, buiten die ontwikkeling van hand en verstand, alle ingeskape moontlikhede van die kind tot ontsluiting te bring.

By nadere analise wil dit lyk asof hierdie onderwysrol 'n interne, sowel as eksterne komponent bevat: die interne komponent, wat reeds bespreek is, naamlik intellektuele ontwikkeling deur oordrag van kennis, vaardigheid en kundighede en die eksterne komponent, naamlik die geleidelike ontplooiing van die hele kind en sy/haar gesonde aansluiting by die menslike samelewing (Zabel & Zabel, 1996:9).

In hierdie tradisionele rol om die kind in sy totaliteit op te voed, lê baie subtake opgesluit. Sosio-emosionele opvoeding van die kind, deur onder andere bewus te wees van die rol wat die selfkonsep in menslike gedrag speel en die verbetering van leerlinge se

selfkonsep, is een van hierdie subtake. (Vergelyk 2.2.4) Hieruit vloei voort dat die onderwyser aandag moet bestee aan:

- die toon van respek aan leerlinge
- kommunikasie met leerlinge
- opregtheid en menslikheid
- empatiebetoning
- aanmoediging van leerlinge om hulself realisties te beoordeel en realistiese doelwitte te stel
- aanmoediging van leerlinge om hulself en andere te prys (Osborn *et al.*, 2002:52).

Nog 'n subtaak wat tradisioneel sterk in die onderwys figureer en bydra tot die kind se totale ontplooiing, is die onderwyser se buitemuurse betrokkenheid by die leerlinge en dan wel in die vorm van sportafrigting, kultuurverenigings, buitelug-opvoeding en opvoedkundige uitstappies (Cangelosi, 1997:8). Die navorser voeg by dat die onderwyser ook die kind aan goeie leesstof, goeie musiek en kuns bekend stel; opvoeding tot sinvolle vryetydbesteding is dus ook 'n subtaak ter opvoeding van die kind-in-totaliteit.

2.4.3 Die onderwyser as inisieerder en verhoudingstigter

'n Voorvereiste vir hierdie rol van 'n onderwyser is dat hy hier inisiatief sal neem met 'n positiewe gesindheid jeens sy leerlinge en hul welsyn. Hy moet te alle tye die opvoedkundige welsyn van sy leerlinge vooropstel (Zabel & Zabel, 1996:104). Die onderwyser se rol is dus nie bloot funksioneel nie. Die navorser kom tot die insig dat in die didaktiese situasie dit die onderwyser se primêre taak is om tot verhoudingstiging oor te gaan en hierdie positiewe, konstruktiewe verhouding moet spreek van openheid sodat die onderwyser en leerling van mekaar kan leer en mekaar kan leer ken. Alleen as die onderwyser sy leerling se beginsituasie ken, met ander woorde sy belangstellings, vermoëns, leertempo, ensovoorts, kan hy die kind-in-totaliteit betrek by die didaktiewe situasie.

2.4.4 Die onderwyser as individualiseerder

Individualisering as taak van die onderwyser vloei eintlik logies voort uit verhoudingstigting. As die onderwyser sy leerling se beginsituasie ken, sal hy hierdie rol outomaties uitvoer. Die uiteenlopendheid van individuele verskille tussen leerlinge verplig die onderwyser om sy onderrig by die unieke en eiesoortige aard van elke leerling aan te pas (Cangelosi, 1997:8). Die navorser voeg by dat dit ook by die vervulling van hierdie rol belangrik is dat onderwysers hul leerlinge holisties moet hanteer met ander woorde die onderwyser moet nie net die kind se persoonlikheid, sy kognitiewe- en emosionele ontwikkeling in ag neem nie, maar moet ook van die invloed wat verskillende sisteme byvoorbeeld sy gesin, vriende en skool op sy gedrag het, bewus wees.

2.4.5 Die onderwyser as sosialiseerder

Volgens Louw *et al.* (1998:228) verwys sosialisering na die proses waardeur die kind leer om aan die morele standaarde, rolverwagtings en eise vir aanvaarbare gedrag van die betrokke gemeenskap en kultuur te voldoen. Die navorser is van mening dat 'n positiewe gesindheid van die onderwyser teenoor die gemeenskap en breër samelewing waarbinne sy skool funksioneer en die opvoedkundige en onderwyskundige take wat van hom verwag word, 'n voorwaarde is vir die doeltreffende uitvoering van hierdie rol. Die sosialiseringsbeginsel impliseer dat die onderwyser sy daaglikse onderwys só sal inrig dat daar gunstige sosiale verhoudinge in die klaskamer heers.

Sosialisering word deur skrywers gesien as vernaamste funksie van die skool en vanweë die feit dat die onderwyser die eintlike agent in hierdie proses is en omdat hy as rolmodel 'n baie belangrike invloed op die leerling uitoefen, is dit belangrik dat die onderwyser hierdie rol met oorgawe en volgens die oortuiging van sy hart sal uitvoer (Osborn *et al.*, 2002:50).

Hierdie rol word sedert die vroegste tye eenparig deur belanghebbendes aan die onderwyser opgedra. Daar word van hom verwag om die een groep kinders na die ander voor te berei vir 'n selfstandige lewe aan die hand van samelewings-norme en om kinders te oefen in die gewoontes wat in 'n volwasse beroepslewe geld (Osborn *et al.*, 2002:50).

Die navorser meld hier die belangrike rol wat die onderwyser by die sosiale ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare speel. (Vergelyk 2.2.5) Volgens die navorser is die rol van die onderwyser belangrik by die bemeesting van drie van die ontwikkelingstake van die kind in sy middelkinderjare, naamlik die uitbreiding van sosiale deelname, die vaslegging van geslagsrol-identiteit en die ontwikkeling van groter selfkennis.

2.4.6 Die onderwyser as kommunikeerder

“In order to communicate, he (the teacher) must deliver a message via a medium which reaches a receiver and registers a desired response, e.g. understanding” (Gorton, 1983:60).

Die navorser is van mening dat daar uit hierdie aanhaling ‘n aantal aspekte van die onderwyser se rol as kommunikeerder spruit. Heel eerste sien ‘n mens dat die onderwyser die leiding neem in hierdie kommunikasieproses en dat hy ‘n definitiewe boodskap (onderrig) het om oor te dra. Hierdie boodskap bereik dan die ontvanger, wat die leerling kan wees, en dit moet verstaanbaar wees sodat die ontvanger (leerling) gunstig hierop kan reageer. Die onderwyser se hele onderrigrol, wat aan hom toegeskryf is, is eintlik niks anders as ‘n kommunikasie-rol nie (Zabel & Zabel, 1996:36). Die onderwyser kommunikeer inderdaad op drie vlakke. Op mikrovlak is kommunikasie met die leerling veral belangrik, want daardeur beleef die kind ‘n gevoel van eiewaarde en verbeter hy sy selfkonsep. Dit plaas hom op die pad na vordering en prestasie. Die kind kry die indruk dat die onderwyser in hom belangstel (Zabel & Zabel, 1996:36).

Op mesovlak is kommunikasie met die skoolgemeenskap belangrik ten einde die nodige samewerking te verkry van diegene wat hul óók vir die welsyn van die kind beywer. Dit sluit onder andere ouers, maatskaplike werkers en spelterapeute in. Kommunikasie op makrovlak, dit wil sê met die onderwysdepartement, kan die onderwyser help om presies te weet wat daar van hom verwag word (Zabel & Zabel, 1996:37). Jordaan (2003) is van mening dat onderwysers op verskeie maniere op makrovlak kan kommunikeer.

Onderwysers kan deur skoolhoofverenigings, vakbonde en die LUR (Minister van Onderwys se uitvoerende raad) vertoë oor arbeidsverhoudingssake aan die Minister van Onderwys rig. Onderwysers kan ook in die groenskrif, wat aan skole beskikbaar gestel word, kommentaar lewer asook via die kringbestuurder vertoë aangaande administratiewe

sake aan die hoofkantoor rig. Volgens Jordaan (2003) kan onderwysers ook deur die media op makrovlak kommunikeer. Die navorser kom tot die insig dat onderwysers dus by beleidskwessies betrokke kán raak en sodoende ook op makrovlak iets doen wat die kind raak.

2.4.7 Die onderwyser as uitoefenaar van beheer

‘n Onderwyser is in beheer van die leergebeure en hieronder word verstaan dat hy verantwoordelik is vir dissiplinerig, kontrolering, remediëring of verwysing en evaluering (Newell & Jeffreys, 2002:118). Die navorser is van mening dat die onderwyser, deur die toepassing van positiewe en negatiewe versterking en straf, kinders kan dissiplineer. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:218.) Evaluering en onderrig word tradisioneel met mekaar verbind; veral waar dit gaan om kennis wat paraat gereproduseer word. Dit word deur baie skrywers as dié belangrikste bevoegdheid van ‘n onderwyser beskou, veral omdat dit beteken dat die onderwyser ‘n juiste skatting of waarde-oordeel moet kan vorm ten aansien van elke kind se potensiaal. Sodoende kan die onderwyser toesien dat elke kind optimaal, maar sonder onnodige druk, presteer (Cangelosi, 1997:11). Die navorser is van mening dat evaluering dus ook sal impliseer dat probleme betyds geïdentifiseer kan word met die oog op remediëring of verwysing. Hier kan ‘n onderwyser ‘n assesseringsrol vervul deurdat hy ‘n aanvanklike assessering van die kind se probleem kan maak. Hierdie inset sal ‘n spelterapeut by die maak van haar eie assessering waardevol vind.

Die navorser meld hier die rol wat onderwysers by die morele ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare speel. Volgens die navorser moet onderwysers kinders aan reëls en beheer blootstel ten einde hulle te help om tussen “reg” en “verkeerd” te onderskei. Sodoende bevorder ‘n onderwyser ‘n kind se morele ontwikkeling. Die navorser kom tot die insig dat hierdie rol van die onderwyser die kind in die middelkinderjare help om een van sy ontwikkelingstake te bemeester, naamlik die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag.

2.4.8 Die onderwyser as waker oor die kind se welsyn

Dit is van vroeg af aan die onderwyser opgedra om die kind te begelei tot wording in totaliteit. Dit beteken dat die onderwyser verantwoordelikheid moet aanvaar vir sy leerlinge se welsyn, dat hy hulle moet lei, begelei en toesig oor hulle hou (Jordaan, 2003).

Die navorser voeg by dat hierdie tradisionele rol van die onderwyser opnuut beklemtoon word, teen die agtergrond van die hedendaagse gesinsafvalligheid, grootskaalse afwesigheid van die ouers en ander nadelige invloede op die kind se ontwikkelingsweg.

As daar van welsyn gepraat word, word fisiese, emosionele en moreel-geestelike welsyn bedoel. Leiding behels dat die onderwyser die kind se vordering sal monitor en raadgee in verband met keuses rakende hul toekoms (Jordaan, 2003). Die navorser voeg by dat, indien die onderwyser probleme sou identifiseer wat 'n negatiewe uitwerking op die kind se welsyn het, hy daaraan moet aandag gee of die kind na 'n professionele persoon, byvoorbeeld 'n spelterapeut, sal verwys wat in staat is om die probleem te hanteer.

2.4.9 Die onderwyser as oordraer van lewensvaardighede

Die rol wat die onderwyser kan en behoort te speel in die oordra van lewensvaardighede, kan nie genoeg beklemtoon word nie. Die leerlinge moet hierdie vaardighede aanleer, nie net vir toekomstige voordeel nie, maar ook om hom in staat te stel om maksimaal voordeel uit die onderwysstelsel te trek. Hierdie vaardighede is nodig om 'n mens se lewe te verryk en te vergemaklik en sluit aspekte soos interpersoonlike kommunikasie, menslike verhoudingsvaardighede, probleemoplossing- en besluitnemingsvaardighede en identiteitsontwikkeling in (Cangelosi, 1997:12). Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n onderwyser deur dit wat hy sê en doen in voorbeeld vir leerlinge moet wees en dat hy dus op sy gedrag binne klasverband moet let. Leerlinge kan ook deur informele interaksie met 'n onderwyser lewensvaardighede aanleer. Volgens die navorser beskou die kind in sy middelkinderjare sy onderwyser as 'n belangrike rolmodel en leer hy deur middel van modellering en observasieleer nuwe gedrag en vaardighede aan. Die navorser is van mening dat hierdie rol by die emosionele ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare belangrik is. (Vergelyk 2.2.4)

Die navorser kom tot die insig dat dit ook 'n implikasie vir die onderwyser inhou, naamlik dat hy self nuwe vaardighede sal moet aanleer ten einde die ontwikkeling van lewensvaardighede by leerlinge te fasiliteer en self te kan modelleer. Volgens die navorser is kennis van die kind in sy middelkinderjare vir die onderwyser belangrik ten einde toepaslike vaardighede aan hom oor te dra.

Aan die hand van bogenoemde kan daar afgelei word dat onderwysers verskeie belangrike rolle het om te vervul en meer spesifiek veral ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare. Ten einde hierdie rolle effektief te vervul, moet onderwysers van hulle rolle bewus wees en moet faktore wat 'n negatiewe uitwerking op hul rolvervulling het, sover moontlik geminimaliseer word. Die navorser is van mening dat die benutting van multi-dissiplinêre ondersteuning dikwels die rolvervulling van 'n onderwyser kan vergemaklik.

“No printed word nor spoken plea, can teach young minds what men should be. Not all the books on all the shelves, but what the teachers are themselves” (Anoniem in Purkey, 1970:45). Volgens die navorser weerspieël hierdie aanhaling die geweldige invloed wat 'n onderwyser op kinders het. Dit is dus belangrik dat 'n onderwyser moet poog om sy rol tot die beste van sy vermoë te vervul. Die navorser voeg by dat 'n onderwyser ook op die gedrag wat hy binne klasverband openbaar, moet let omdat kinders ook daardeur leer en dit ook die gedrag wat kinders binne klasverband openbaar, kan beïnvloed. Zabel & Zabel (1996:194) sluit hierby aan deur te meld dat die wyse waarop onderwysers binne klasverband optree, die voorkoms van wangedrag by kinders kan verminder.

Vervolgens sal moontlike faktore wat 'n invloed op die rolvervulling van 'n onderwyser kan hê, bespreek word.

2.5 Faktore wat 'n invloed op die rolvervulling van 'n onderwyser uitoefen

Daar bestaan verskeie faktore wat 'n invloed op die rolvervulling van 'n onderwyser uitoefen. Hierdie faktore is nie net by graad een tot vier onderwysers, wat vir kinders in hul middelkinderjare skoolgee van toepassing nie, maar vir onderwysers in die algemeen. Vervolgens sal sommige van hierdie faktore kortliks bespreek word.

2.5.1 Hoë verhouding van onderwyser tot leerlinge

Onderwysers bevind hul tans in 'n situasie waar die verhouding van onderwyser tot leerlinge binne klasverband baie hoog is. Die navorser meld dat graad een tot vier onderwysers gemiddeld veertig kinders in hul klasse het en is van mening dat kinders in hul middelkinderjare meer hiperaktief as ouer kinders is. Nie net verhoog dit die werksdruk wat daar op die onderwyser is nie, maar bemoeilik dit ook die dissiplinerig van die klas (Jordaan, 2003). Hierdie faktore bemoeilik die vervulling van die onderwyser se onderrigrol en lei tot verhoogde stresvlakke aan die kant van die onderwyser. Dit gee in sommige gevalle aanleiding tot "burnout" waar 'n onderwyser, as gevolg van té veel druk en spanning en té min ondersteuning, uitgebrand raak en nie meer in staat is om sy rol effektief te vervul en sy take doeltreffend uit te voer nie (Zabel & Zabel, 1996:358).

Sommige leerlinge in 'n klas benodig meer aandag as ander terwyl sommiges by individuele aandag sal baatvind. Sommige leerlinge kan, vanweë leerprobleme, individuele aandag benodig terwyl ander dalk emosionele- en/of gedragsprobleme mag ervaar wat ook in leerprobleme tot uitdrukking kom. Vanweë hoë werksdruk en die groot hoeveelheid kinders in 'n klas, is dit vir die onderwyser onmoontlik om by elke geleentheid individuele aandag aan die leerlinge wat dit benodig te gee. Die navorser is van mening dat dit daartoe bydra dat die leerling se probleem in stand gehou en moontlik vererger word.

2.5.2 Verhoogde stresvlakke

Verskeie faktore dra by tot verhoogde stresvlakke by onderwysers. Soos reeds genoem, is die probleem om leerlinge te dissiplineer 'n bydraende faktor. Oorlaaide buitemuurse aktiwiteite dra verder daartoe by dat onderwysers min vrye tyd het wat weer tot 'n verhoging in stresvlakke lei (Jordaan, 2003). 'n Snelveranderende onderwysmilieu vereis dat onderwysers by moontlike verandering moet aanpas, wat ook aanleiding kan gee tot die verhoging in stresvlakke by sekere onderwysers (Jordaan, 2003). 'n Verhoogde stresvlak strem die onderwyser in die uitvoer van sy rol en kan ook aanleiding tot "burnout" gee (Zabel & Zabel, 1996:358).

Die navorser is van mening dat onderwys een van die veeleisendste beroepe is en dat daar sover moontlik gepoog moet word om die stres van onderwysers te verminder. Onderwysers ontvang verder min ondersteuning van ander professies en dit lei ook tot verhoogde stresvlakke, deurdat 'n onderwyser gedwing word om probleme te hanteer waarvoor hy nie opgelei is nie. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die benutting van 'n spelterapeut tot die verlaging van 'n onderwyser se stresvlakke sal kan bydra. Nie net kan 'n onderwyser kinders, wat probleme binne klasverband openbaar vir terapie verwys nie, maar kan 'n spelterapeut ook vir 'n onderwyser leiding gee by die hantering van sekere gedrags- en emosionele probleme binne klasverband. Volgens die navorser kan 'n spelterapeut 'n onderwyser ook ondersteun deur spanningsontlontingsgroepe te fasiliteer, waartydens hy uiting aan sy negatiewe gevoelens en ervarings kan gee en so sy spanning verlig.

2.5.3 Uitoefening van dissipline

'n Onderwyser vind tans die dissiplinering van leerlinge problematies. Die hoë verhouding in die getal van onderwyser tot leerlinge dra daartoe by deurdat dit vir sommige onderwysers moeilik is om so 'n groot klas te hanteer (Weideman, 2003 & Jordaan, 2003). Die Suid-Afrikaanse Skolewet verbied verder lyfstraf wat dissiplinering bemoeilik (Jordaan, 2003). Onderwysers moet tans poog om leerlinge sonder lyfstraf, wat altyd as 'n goeie afskrikmiddel gedien het, te dissiplineer. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n onderwyser die vind van 'n effektiewe wyse van straf as problematies sien.

Sommige kinders ontvang geen ouerdissipline by die huis nie wat hulle gedrag in die klas vererger. Sekere ouers is ook van mening dat dit die plig van onderwysers is om kinders te dissiplineer (Jordaan, 2003).

2.5.4 'n Gebrek aan multi-professionele ondersteuning

Multi-professionele samewerking behels die samewerking van verskillende professionele persone, waar elkeen sy gespesialiseerde kennis en vaardighede toepas, ten einde 'n gemeenskaplike probleem aan te spreek of 'n gemeenskaplike doelwit te bereik (Botha, 1995:208). 'n Gebrek aan multi-professionele ondersteuning en -samenwerking het tot gevolg dat 'n onderwyser onder andere probleme moet hanteer wat meer effektief deur

ander professionele persone hanteer kan word. Die navorser meld hier die voorbeeld van emosionele- en/of gedragsprobleme wat sommige leerlinge openbaar wat meer optimaal deur 'n spelterapeut hanteer kan word. Volgens Jordaan (2003) bestaan daar 'n behoefte aan multi-professionele samewerking, veral by die hantering van probleme wat in klasse voorkom. Die afwesigheid van byvoorbeeld 'n spelterapeut binne die skoolsisteem, lei daartoe dat onderwysers self poog om die probleme te hanteer of selfs nie aandag aan die probleme gee nie. Onderwysers beskik ook nie oor die nodige vaardighede om van die probleme effektief te hanteer nie (Bester, 2000:13).

'n Gebrek aan multi-professionele ondersteuning en –samewerking kan 'n bydraende faktor tot verhoogde stresvlakke by 'n onderwyser wees terwyl die beskikbaarheid daarvan die ontwikkeling van stres kan teenwerk (Jordaan, 2003). Die navorser is van mening dat multi-professionele samewerking ook rolverwarring en –uitputting aan die kant van die onderwyser kan aanspreek deurdat hy meer aandag aan sy opvoedingsrol sal kan gee en verantwoordelikhede, wat nie deel van sy rolbeskrywing is nie, na ander professionele persone sal kan verwys.

2.5.5 Noodsaaklikheid van heropleiding van onderwysers

Daar het oor die afgelope paar jaar verskeie kurrikulumveranderinge na vore gekom. Soos reeds genoem, is 'n snelveranderende onderwysmilieu ook deel van 'n onderwyser se realiteit (Jordaan, 2003). Hierdie feite bemoelijk die rolervulling van 'n onderwyser wat reeds 'n lang tydperk van onderwyservaring agter die rug het deurdat daar onder andere veranderinge ingetree het rakende die inhoud van die vak wat hulle onderrig.

Multi-kulturele onderwys is ook aan die orde van die dag wat tot gevolg het dat die onderwyser en al sy leerlinge nie van dieselfde kultuur en ras is nie. 'n Onderwyser het dikwels 'n beperkte kennis aangaande verskillende kulture se gewoontes en gebruike wat tot gevolg kan hê dat hy soms onsensitief kan voorkom (Cangelosi, 1997:10). Die navorser is van mening dat nie net 'n kind se kultuur nie, maar ook die omgewing waarin hy grootword, sy gedrag bepaal. Swak sosio-ekonomiese omstandighede kan byvoorbeeld die oorsaak wees van sekere gedrags- en/of emosionele probleme wat kinders binne klasverband openbaar. 'n Onderwyser is nie altyd bewus van die omstandighede waarin die kinders in hul klas grootword en die effek wat dit op hulle

gedrag het nie. Kennis daarvoor moet tydens heropleiding aan die onderwyser oorgedra word ten einde sy rolvervulling te optimaliseer.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die heropleiding van onderwysers daartoe sal aanleiding gee dat alle onderwysers oor die nodige kennis en vaardighede sal beskik om hul onderwysrol, binne 'n snelveranderende onderwysmilieu, tot die beste van hul vermoë te vervul.

2.5.6 Oneffektiwiteit van beskikbare strafmetodes

Weideman (2003) is van mening dat die afwesigheid van effektiewe strafmetodes die rolvervulling van die onderwyser bemoeilik. Jordaan (2003) sluit by hom aan en meld dat met die afskaffing van lyfstraf, dit problematies is om 'n straf te kry wat as effektiewe afskrikmiddel dien. Louw *et al.* (1998:313) kom tot die insig dat, alhoewel straf vir kinders aanvaarbare gedrag leer, dit nie die doeltreffendste manier is om 'n kind te sosialiseer nie. (Vergelyk Thomas, 2000:184 en Thompson & Rudolph, 2000:218.) Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat lyfstraf eerder aggressiewe gedrag kan laat toeneem in plaas daarvan om dit te laat afneem. Volgens die navorser moet 'n onderwyser van alternatiewe hanteringswyses bewus gemaak word ten einde sy rol meer effektief te vervul.

2.6 Moontlike probleme wat 'n onderwyser binne klasverband ervaar

Daar bestaan verskeie probleme wat 'n onderwysers binne klasverband ervaar. Hierdie probleme is nie net by die graad een tot vier onderwysers nie, maar op onderwysers in die algemeen van toepassing. Dit sluit die hantering van sekere gedrags- en emosionele probleme, wat kinders binne die klas openbaar, in. Vervolgens gaan die navorser kortliks moontlike probleme wat die onderwyser se funksionering binne klasverband belemmer, bespreek.

2.6.1 Ongedissiplineerdheid van leerlinge

Uit persoonlike onderhoude wat met onderwysers gevoer is, het die navorser tot die gevolgtrekking gekom dat ongedissiplineerdheid by leerlinge 'n geweldige probleem is (Jordaan, 2003 & Weideman, 2003). Sommige leerlinge het 'n gebrek aan selfdissipline

wat swak akademiese prestasie tot gevolg het, maar wat ook aanleiding gee tot gedragsprobleme in die klas. Die navorser noem dat die afwesigheid van goeie ouerdissipline 'n moontlike rede vir 'n gebrek aan selfdissipline by leerlinge is. Jordaan (2003) meld uit ervaring dat sommige ouers van mening is dat dit die onderwyser se plig is om sy kind dissipline te leer. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n onderwyser baie tyd en aandag aan die dissiplinerings van kinders, wat eintlik by die huis moet geskied, bestee en dan minder tyd tot sy beskikking het om sy opvoedingsrol te vervul. Die navorser is van mening dat die ongedissiplineerdheid van kinders die onderwyser se rolvulling bemoeilik deurdat dit tot gevolg het dat hy moet poog om sy opvoedingsrol te vervul terwyl hy ook ongedissiplineerde kinders binne klasverband moet hanteer.

2.6.2 Die voorkoms van ADHD, ADD en hiperaktiwiteit

Die hantering van ADHD, ADD en hiperaktiwiteit binne klasverband is ook dikwels vir die onderwyser problematies. Bester (2000:116) dui aan dat die onderwyser hom in 'n heel anderse situasie as ouers of 'n terapeut bevind. 'n Terapeut werk binne 'n een-tot-een-situasie of binne 'n klein groep met die hiperaktiewe kind terwyl 'n ouer slegs een of dalk twee hiperaktiewe kinders het om na om te sien. Die laerskool-onderwyser, aan die ander kant, bevind hom in 'n klas van gemiddeld veertig kinders waarvan vier moontlik hiperaktief is (Bester, 2000:116). Nie alle onderwysers beskik oor voldoende inligting rondom ADHD, ADD en hiperaktiwiteit nie en kan selfs in sommige gevalle die kind, wat gedrag verbandhoudend met ADHD, ADD en hiperaktiwiteit toon, as "stout" of "on gehoorsaam" tipeer. So 'n kind sal byvoorbeeld nie sy huiswerk doen nie, nie in die klas luister of nie kan stilsit en stilbly nie omdat hy dit problematies vind om vir 'n rukkie op een taak te konsentreer terwyl die onderwyser nie die kind se gedrag kan verstaan nie. Die gebruik van medikasie, byvoorbeeld Ritalin, deur sommige kinders kan ook problematies wees deurdat 'n onderwyser dikwels nie oor kennis rondom die invloed en nuwe-effekte wat die medikasie op kinders en hul gedrag het, beskik nie (Bester, 2000:122, 128).

Die navorser is van mening dat onvoldoende kennis rondom ADHD, ADD en hiperaktiwiteit aan die kant van die onderwyser tot gevolg het dat die onderwyser nie so 'n kind binne klasverband effektief kan hanteer nie. 'n Onderwysers is ook nie altyd daarvan bewus as 'n kind met ADHD, ADD of hiperaktiwiteit gediagnoseer is nie. Dit kan as gevolg van swak

kommunikasie tussen onderwysers en ouers of die gebrek aan multi-professionele samewerking wees. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n spelterapeut aan 'n onderwyser riglyne by die hantering van 'n kind, wat bogenoemde gedrag toon, kan gee. Nie net sal dit 'n onderwyser se begrip vir die kind bevorder en bydra tot meer effektiewe rolvulling aan sy kant nie, maar dit sal ook tot 'n aangename klaservaring vir beide die kind en die onderwyser lei.

2.6.3 Voorkoms van emosionele probleme by kinders

Jordaan (2003) is van mening dat die voorkoms van emosionele probleme by kinders probleme vir die onderwyser veroorsaak. Die navorser meld dat moontlike emosionele probleme depressiwiteit, aggressiwiteit, huil- of woede-buie kan insluit. Die oorsake van hierdie emosionele probleme is uniek tot elke kind wat die hantering daarvan bemoeilik. Volgens die navorser gee emosionele probleme dikwels daartoe aanleiding dat kinders gedragsprobleme openbaar. Die voorkoms van emosionele probleme is problematies vir die onderwyser se hantering van sy klas en beïnvloed ook die kind se akademiese prestasie en sy gedrag in die klas (Thompson & Rudolph, 2000:436). Jordaan (2003) kom tot die insig dat kinders met emosionele probleme sukkel om al hul aandag op hul skoolwerk te konsentreer.

Thompson & Rudolph, 2000:436) meld dat veral kinders wat aan emosionele mishandeling en –verwaarlosing blootgestel word met verskeie emosionele probleme presenteer. Die navorser voeg by dat faktore wat met die kind se ouers en huislike omstandighede verband hou dikwels die oorsaak van emosionele probleme is. Bester (2000:11) dui aan dat onderwysers se onvermoë om emosionele probleme by kinders effektief te hanteer, hierdie probleme dikwels vererger en instand hou. Volgens Thompson & Rudolph (2000:436) kan die opvoedkundige-sisteem die sielkundige mishandeling van kinders bestendig. Nie net kan 'n onderwyser deur die gee van verkleinerende opmerkings, dreigemente en strawwe mishandelend optree nie, maar is die kurrikulum ook gestruktureer om akademiese doelwitte te oorbeklemtoon terwyl sosiale ontwikkeling verwaarloos word. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat, indien 'n onderwyser leiding by die hantering van emosionele probleme by kinders ontvang, hy in staat sal wees om sy rol meer effektief uit te voer en die totstandkoming en verergering van emosionele probleme by kinders teen te werk. Indien 'n spelterapeut binne die skool beskikbaar is,

kan onderwysers kinders wat emosionele probleme openbaar vir terapie verwys wat hom dan in staat sal stel om op sy ander rolle te fokus.

2.6.4 Voorkoms van gedragsprobleme by kinders

Kinders openbaar verskeie gedragsprobleme in die klas wat vir die onderwyser problematies kan wees. Soos reeds genoem, is die hantering van ADHD, ADD en hiperaktiwiteit vir die onderwyser dikwels problematies. Ander gedragsprobleme sluit onder andere ongehoorsaamheid (Thompson & Rudolph, 2000:530), vloek (Thompson & Rudolph, 2000:526), onttrekkende gedrag (Oaklander, 1988:231), aggressiewe gedrag (Louw *et al.*, 1998:352), woede-uitbarstings (Thompson & Rudolph, 2000:523), pla van ander leerlinge, disrespekvolle gedrag teenoor onderwysers en steel (Thompson & Rudolph, 2000:532) in. (Vergelyk Baumberger & Harper, 1999:8.)

Die navorser is van mening dat onderwysers veral die hantering van aggressiewe gedrag (verbaal en nie-verbaal) wat teenoor hulself en klasmaats openbaar word, problematies kan vind. Louw *et al.* (1998:352) onderskei tussen instrumentele en vyandige aggressie en kom tot die gevolgtrekking dat kinders tydens die middelkinderjare vyandige aggressie toon deurdat hulle hul aggressie direk teen ander rig met die doel om hulle seer te maak. (Vergelyk Baron & Byrne, 2000:440 en Thomas, 2000:434.) Botha, Van Ede, Louw, Louw & Ferns (in Louw *et al.*, 1998:280) is van mening dat frustrasie aanleiding tot aggressie kan gee aangesien frustrerende omstandighede onaangename gevoelens kan ontlok. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kinders deur hul omstandighede (by die huis en skool) frustreer word en tydens die middelkinderjare nie oor die kognitiewe en emosionele ontwikkeling beskik wat nodig is vir die hantering van negatiewe gevoelens op aanvaarbare wyses nie.

Volgens die navorser openbaar kinders om verskillende redes gedragsprobleme en verskil die oorsake daarvan van kind tot kind. Louw *et al.* (1998:355) meld die ingrypende invloed wat 'n ouer se persoonlikheid en 'n kind se huislike omstandighede op die gedrag van 'n kind het. Die navorser maak die gevolgtrekking dat eienskappe van ouers en die aard van sy huislike omstandighede dikwels die oorsaak van 'n kind se gedragsprobleme is. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:441 en Oaklander, 1988:251.)

Die voorkoms van hierdie probleme bemoeilik die onderwyser se rol. Sommige van die probleme is ontwrigtend vir die klasfunksionering en beïnvloed ook die ander kinders in die klas. Die navorser is van mening dat onderwysers se onvermoë om die probleme effektief te hanteer dikwels tot gevolg het dat die gedrag wat geopenbaar word, vererger en instand gehou word. Die voorkoms van gedragsprobleme lei dikwels tot swak akademiese prestasie by leerlinge (Baumberger & Harper, 1999:8). Volgens die navorser kan hierdie negatiewe spiraal te wyte wees aan die feit dat die oorsake, wat onderliggend aan 'n kind se gedragsprobleme is, ook daartoe kan lei dat hy nie in die klas en op sy skoolwerk kan konsentreer nie. Kinders wat gedragsprobleme openbaar se huislike omstandighede is ook dikwels nie bevorderlik vir akademiese vordering nie deurdat hul ouers dikwels afwesig of onbetrokke is en hulle nie hul met hul skoolwerk help nie.

2.6.5 Lae selfbeeld by kinders

Die multi-kulturele samestelling van klasse het dikwels tot gevolg dat die minderheidsgroepe oor 'n lae selfbeeld beskik (Jordaan, 2003). Dit beïnvloed die groepsamewerking van die klas en strem die optimale funksionering van 'n leerling wat deel uitmaak van 'n minderheidsgroep. Volgens Thompson & Rudolph (2000:153) kan swak akademiese prestasie tot die ontwikkeling van 'n swak selfbeeld aanleiding gee. Die navorser maak die afleiding dat 'n swak selfbeeld op sy beurt weer tot swak akademiese prestasie kan lei deurdat kinders, wat oor 'n swak selfbeeld beskik, dikwels nie aan klasbesprekings deelneem nie en nie hulp vra indien hy werk nie verstaan nie. 'n Swak selfbeeld kan egter ook as gevolg van ander probleme wees wat 'n negatiewe invloed op 'n kind se akademiese prestasie het. Oaklander (1988:281, 282) meld kenmerke van 'n swak selfbeeld wat onder andere teruggetrokkenheid en die nodigheid om te wen of om die beste te wees, insluit. Volgens die navorser verg die hantering van kinders met 'n swak selfbeeld binne klasverband baie aandag van die onderwyser, deurdat hy moeite moet doen om so 'n kind by groepaktiwiteite te betrek en die kind deurgaans moet aanmoedig ten einde sy selfbeeld te verbeter.

2.6.6 Dwelmgebruik en –verslawing

Jordaan (2003) is van mening dat die voorkoms van dwelmgebruik en/of –verslawing problematies vir 'n onderwyser kan wees. Dit beïnvloed die leerling se gedrag in die klas

aangesien dit moontlik tot gedragsprobleme aanleiding kan gee en ook veroorsaak dat leerlinge dikwels slaperig in die klas voorkom. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat dit tot swak akademiese prestasie kan lei. Volgens die navorser word sekere kinders in 'n omgewing groot waar hulle aan dwelmgebruik en –misbruik blootgestel word. Alhoewel kinders in die middelkinderjare nog te jonk is om aan hierdie gedrag deel te neem, neem hul dit waar en kan hulle later hierdie probleemgedrag openbaar. Blootstelling aan hierdie gedrag, van jongs af, dra daartoe by dat kinders op 'n vroeë ouderdom reeds met dwelms begin eksperimenteer.

2.6.7 Afwesigheid van spesiale klasse

Die afwesigheid van spesiale klasse het tot gevolg dat leerlinge met spesiale behoeftes in normale klas geakkommodeer moet word. Dit verhoog die druk op die onderwyser, maar het ook tot gevolg dat leerlinge, wat spesiale aandag nodig het, dit dikwels nie kry nie as gevolg van die groot hoeveelheid leerlinge in 'n klas waaraan 'n onderwyser gelyktydig moet aandag gee (Jordaan, 2003). Die navorser wil noem dat daar al hoe meer gehoor- en gesiggestremde kinders in hoofstroomskole geakkommodeer word en dat 'n onderwyser dikwels nie opgelei is om hierdie kinders te help om optimaal binne 'n skoolopset te funksioneer nie. Kinders met leerprobleme moet ook, as gevolg van die afwesigheid van 'n hulpklas, in normale klasse geïntegreer word wat tot gevolg het dat hulle selfs nóg meer probleme ontwikkel omdat onderwysers nie die tyd het om individuele aandag aan hulle te gee nie. Die navorser kom ook tot die gevolgtrekking dat 'n onderwyser nie oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om kinders met gedrags- en/of emosionele probleme binne klasverband te hanteer nie. Hierdie probleem kan, volgens die navorser, deur die beskikbaarheid van 'n spelterapeut binne 'n skool aangespreek word.

2.6.8 Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede

Louw *et al.* (1998:354) meld die ingrypende invloed wat 'n kind in sy middelkinderjare se gesin en huislike omstandighede op sy gedrag het. Die skrywers kom tot die insig dat tydens die middelkinderjare 'n kind se huis vir hom die plek is wat die meeste sekuriteit bied en sy gesin die spil is waarom sy bestaan draai. Hulle wys veral op die belangrike rol wat ouers speel by die verleen van toesig en hulp met die kind se huiswerkopdragte en

skoolprojekte speel. Die navorser is van mening dat daar verskeie faktore en ervarings verbandhoudend met 'n kind se ouers en sy huislike omstandighede is wat tot die gedrag, wat hy binne klasverband openbaar, bydra. Dit sluit onder andere huweliksprobleme van ouers (Oaklander, 1988:251), egskeiding (Thompson & Rudolph, 2000:441), swak sosio-ekonomiese omstandighede, afwesige en onbetrokke ouers (Louw *et al.*, 1998:354), verwaarloosing en mishandeling (Thompson & Rudolph, 2000:436) en ervaring van 'n traumatiese gebeurtenis byvoorbeeld die dood van 'n ouer (Thompson & Rudolph, 2000:452) in. Die navorser meld uit ervaring dat kinders, wat bogenoemde probleme as deel van hul lewe het, op unieke manier aan hul ervarings en gevoelens uitdrukking gee. So byvoorbeeld sal twee kinders, wie se ouers skei, verskillende gedragsprobleme openbaar.

Volgens die navorser moet ouers hul kinders tydens die middelkinderjare beskerm en dien hulle as buffer tussen die kind en die buitewêreld. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kinders, wie se ouers nie as buffers optree en hul kinders die nodige warmte, liefde en ondersteuning gee nie, moontlike gedrags- en/of emosionele probleme binne klasverband kan openbaar.

Bogenoemde is slegs 'n paar van die probleme wat onderwysers binne klasverband mag ervaar en wat 'n negatiewe uitwerking op die vervulling van hulle rol het. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat, indien 'n onderwyser leiding kan ontvang by die hantering van hierdie probleme, hulle in staat sal wees om hulle rol meer effektief te vervul. 'n Onderwyser kan ook kinders, wat gedrags- en/of emosionele probleme toon, vir terapie by 'n spelterapeut verwys. Die navorser is van mening dat die benutting van 'n spelterapeut by die hantering van al die bogenoemde probleme vir die onderwyser van onskatbare waarde sal wees.

2.7 Samevatting

Aan die hand van bogenoemde is die rol van 'n onderwyser van die kind in sy middelkinderjare bespreek. Die middelkinderjare is eerstens bespreek waarna die term "rol" uitgeklaar is. Daarna is die verskillende rolle wat 'n onderwyser vervul, wat onder andere insluit: kennisoordraer, ontsluiter van moontlikhede, inisieerder en verhoudingstigter, individualiseerder, sosialiseerder, kommunikeerder, uitoefenaar van

beheer, waker oor die kind se welsyn en oordraer van lewensvaardighede, veral ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare, bespreek. Daar is ook na moontlike faktore, wat invloed op die rolvervulling van 'n onderwyser uitoefen, verwys. Dit sluit in die hoë getal verhouding onderwyser tot leerlinge, verhoogde stresvlakke, uitoefening van dissipline, gebrek aan multi-professionele ondersteuning, die noodsaaklikheid van heropleiding van onderwysers en die oneffektiwiteit van beskikbare strafmetodes. Moontlike probleme wat 'n onderwyser binne klasverband mag ervaar, is ook bespreek. Dit sluit ongedissiplineerdheid van leerlinge, voorkoms van ADHD, ADD en hiperaktiwiteit, voorkoms van emosionele probleme, voorkoms van gedragsprobleme, verlaagde selfbeeld by minderheidsgroepe, dwelmgebruik en –verslawing, afwesigheid van spesiale klasse en probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede in.

Die navorser kom dus tot die gevolgtrekking dat onderwys 'n uiters veeleisende beroep is en dat daar verskeie faktore bestaan wat die rolvervulling van 'n onderwyser bemoeilik. Die onderwyser het ondersteuning nodig om sy funksionering te optimaliseer.

In die volgende hoofstuk word die rol van die spelterapeut, as ondersteuningssisteem vir die onderwyser van die kind in sy middelkinderjare, bespreek.

HOOFSTUK 3

DIE ROL VAN DIE SPELTERAPEUT AS ONDERSTEUNINGSSISTEEM VIR DIE ONDERWYSER

3.1 Inleiding

Onderwys is 'n intellektueel- en fisies-veeleisende beroep wat meer effektief en bevoeg gemaak kan word indien die skool die algemene, unieke en individuele behoeftes van onderwysers en leerlinge aanvaar en poog om hierdie behoeftes te bevredig (O'Brien, 1998:56). Onderwysers mag 'n behoefte aan ondersteuning en leiding by die hanteer van sekere probleme binne klasverband ervaar. Dit kan ADHD en verskeie gedrags- en emosionele probleme insluit. Leerlinge mag moontlike emosionele en sielkundige behoeftes ervaar en dus 'n behoefte hê aan 'n onderwyser wat op 'n effektiewe wyse gehoor aan dié behoeftes gee. Die navorser is van mening dat beide onderwyser en leerling se behoeftes deur die benutting van 'n spelterapeut, as ondersteuningssisteem, hanteer kan word.

Vervolgens sal daar bespreek word wat speltherapie behels. Die doel daarvan en die funksie van 'n spelterapeut sal aandag geniet. Daar sal ook op die ooreenstemming tussen die waardes en beginsels van onderwys en speltherapie gefokus word. Laastens sal die rol van die spelterapeut as ondersteuningssisteem vir die onderwyser bespreek word.

3.2 Speltherapie

Speltherapie is 'n gespesialiseerde rigting in maatskaplike werk. Dit is op die gestaltbenadering gebaseer (Thompson & Rudolph, 2000:144). Die oorkoepelende doel van gestaltterapie is volgens Perls (in Thompson & Rudolph, 2000:144) om mense te help om na volwassenheid te strewe en beheer van hul lewens te neem en verantwoordelik op te tree. Die sentrale doel van gestaltterapie behels die verdieping van bewustheid wat die kind help om sy/haar lewe ten volle in die hier-en-nou te ervaar (Perls in Thompson & Rudolph, 2000:144). 'n Volgende belangrike aspek is die verhoging van verantwoordelikheid en volgens Corey (1995:297) help gestaltterapie die persoon juis om verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat hy ervaar of doen. 'n Verdere doelstelling wat

direk met verantwoordelikheid verband hou, is die verhoging van die kind se outonomieit of selfstandige optrede (Corey, 1995:302).

Corey (1995:294) is van mening dat gestaltterapie op die volgende doelstellings berus:

- Integrasie van polariteite in die self. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:166)
- Om kontak met die self en ander te bewerkstellig.
- Om selfstandigheid (teenoor afhanklikheid van ander) te kweek.
- Om bewustheid van eie gevoelens, gedagtes en gedrag in die hede te verhoog.
- Om eie grense met duidelikheid en helderheid te definieër.
- Om insig in aksie te omskep.
- Om die self beter te leer ken deur eksperimentering met gedrag.

Volgens die navorser hou die doelstellings van die gestaltbenadering direkte verband met die verbetering van gesonde funksionering van die kind. Die navorser is van mening dat hierdie doelstellings deur spelterapeutiese intervensie bereik word.

Die navorser meld dat spelterapie by “normale” kinders en kinders met emosionele- en/of gedragsprobleme benut kan word. Speltherapie kan as ‘n tipe voorkomingsprogram by “normale” kinders benut word aangesien hulle dit gebruik om meer selfaanvaardend te word en na gevoelens te kyk wat nie andersins geëksploreer word nie. Volgens die navorser kan speltherapie ook bemagtigend wees aangesien daar aan kinders beheer gegee word en hul vaardighede aangeleer word wat bydra tot die versterking van hul selfbeeld.

3.2.1 Spel as terapeutiese medium

Die kind gebruik spel as natuurlike kommunikasiemedium. Deur te speel, leer hy sy wêreld ken, gee hy betekenis aan die dinge om hom en reageer hy op sy omgewing (Yssel, 1999:99). Verskeie skrywers (Geldard & Geldard, 2000: 2; Oaklander, 1988:160 & West, 1996:13) stem saam dat spel (as simboliese taal) kommunikasie fasiliteer en tot katarsis van gevoelens by kinders lei. Kinders kan hulself op nie-verbale vlak makliker, vollediger en meer effektief deur spel uitdruk as deur verbale kommunikasie (Yssel, 1999:99). Die navorser voeg by dat dit die terapeut se verantwoordelikheid is om op die

kind se kommunikasievlak te kommunikeer en 'n medium te gebruik waarmee die kind gemaklik voel.

Die kind kan, deur sy emosies en probleme uit te speel, dit na die oppervlak bring waar hy dit kan ervaar en erken en kan leer om dit op 'n positiewe manier te hanteer (Geldard & Geldard, 2000:2). Yssel (1999:100) kom tot die insig dat speltherapie die kind se kans is om groei onder die mees positiewe omstandighede te beleef en met nuwe gedrag te eksperimenteer. Geldard & Geldard (2000:2) voeg by dat 'n kombinasie van verbale berading en die gebruik van ander media vir die kind 'n omgewing skep waar terapeutiese verandering moontlik is. Hierdie media kan verf, teken, klei, fantasie, storievertelling, handpoppe, musiek, metafore, liggaamsbeweging en sintuiglike bewustheid insluit wat sterk gevoelens kan ontlok en aan die kind die geleentheid vir uitdrukking bied (Yssel, 1999:100).

3.2.2 Rol van spelterapeut binne die spelterapeutiese proses

“Successful therapy begins with the therapist (Gil, 1991:60). Uit hierdie aanhaling kan afgelei word dat die terapeut 'n kardinale rol speel by die sukses van terapie. Cattanach (1992:49) som die rol van die terapeut soos volg op: “to help the child use the play materials to express herself effectively, to be a player with the child at the child's direction, to be audience and empathic listener when required, to record for the child any stories or explanations about the play, to give it meaning and importance so that the child feels valued.” Volgens West (1996:10) is die belangrikse taak van die spelterapeut om die kind deurgaans te ondersteun. Die navorser stem saam en voeg by dat die terapeut verantwoordelik is vir die skep van 'n veilige en gemaklike atmosfeer wat die uitdrukking van gevoelens en probleme sal bevorder.

Die terapeut kan speltherapie individueel of binne 'n groep toepas. Speltherapie is ook van waarde binne gemeenskapswerk; veral waar daar voorkomend gewerk word.

3.3 Koppelvlakke tussen speltherapie en onderwys

Verskeie basiese aannames en waardes is onderliggend aan onderwys en speltherapie (Zabel & Zabel, 1996:7; Geldard & Geldard, 2000:58 & Jordaan, 2003). Dit sluit onder andere die volgende in:

- Beide rig hulle tot die mens.
- Die mens en die kind in die besonder word as 'n holistiese wese benader.
- Die mens se moontlikheid om te groei en te ontwikkel word aanvaar en dit is die strewe om die mens se volle potensiaal te ontwikkel sodat hy tot selfstandigheid kan ontplooi.
- Elke mens word met sy besondere behoeftes en eienskappe aanvaar.
- Rekening moet met die maatskaplike waardes van die gemeenskap gehou word.
- Die reg van die individu dat sy sake as vertroulik beskou word, word gerespekteer en 'n vertrouensverhouding tussen die kind en die onderwyser en die kind en die spelterapeut word opgebou.
- Beheerde emosionele betrokkenheid in die proses van hulpverlening maak objektiwiteit moontlik.
- Respek vir mense en die begeerte dat mense hulle volle potensiaal moet bereik, word gehandhaaf.
- Die erkenning van die veranderende behoeftes van kinders word gehandhaaf.
- Die belangrikheid van die gesin by die grootmaak van kinders word beklemtoon.
- Erkenning van die mens en die kind in besonder se verantwoordelikhid vir sy eie gedrag word gehandhaaf.
- Beide het die bevordering van die kind se bekwaamheid ten doel deur die gebruik van 'n probleem-oplossingsproses.

Aan die hand van die bogenoemde kan daar afgelei word dat verskeie waardes en beginsels van die onderwys en speltherapie gemeenskaplik is. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat, omrede hierdie twee beroepe ooreenstemmende doelstellings, beginsels en waardes het, 'n spelterapeut vir die onderwyser 'n waardevolle ondersteuningssisteem kan bied.

3.4 Moontlike benutting van die spelterapeut deur die onderwyser

3.4.1 Behoefte aan speltherapie binne skoolverband

Die skool besef meer en meer dat sy verantwoordelikhed as 'n maatskaplike instelling nie alleen geleë is in die daarstelling van geleenthede vir en hulp met die ontwikkeling van intellektuele vermoëns nie, maar ook in die bevordering van kinders se sosiale groei en

ontwikkeling (Jordaan, 2003). Die navorser is van mening dat speltherapie direk hierby betrokke is en indirek by die hoofdoel van die onderwys aangesien dit poog om, deur die hantering van kinders se probleme, 'n gunstige klimaat te skep vir intellektuele groei.

Die skoolpopulasie bestaan uit verskeie groepe mense waarvan sommige spesiale behoeftes het wat bevredig moet word. Daar is 'n tekort aan begrip vir hul behoeftes en daar bestaan in sommige gevalle rasse-, etniese-, klasse- en ouderdomsstrukture (Zabel & Zabel, 1996:322). Jong kinders en onderwysers maak twee van hierdie groepe uit wie se behoeftes nie altyd bevredig word nie. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat jong kinders se behoeftes misgekyk word omdat hulle nie oor die vermoë beskik om hulle behoeftes en gevoelens te artikuleer nie. Sy voeg ook by dat, as gevolg van die feit dat die onderwyser altyd die welsyn van die kind as eerste prioriteit moet handhaaf, sy eie behoeftes dikwels geïgnoreer word. Dit kan aanleiding gee tot die voorkoms van “burnout” by hom (Zabel & Zabel, 1996:357). Die navorser is van mening dat die teenwoordigheid van behoeftes en probleme by kinders, vir die onderwyser problematies kan wees en dat ook dit bydra tot die ontstaan van behoeftes by 'n onderwyser. Soos reeds verskeie kere genoem, besit 'n onderwyser dikwels nie die nodige vaardighede om in die behoeftes van kinders te voorsien en hulle probleme optimaal aan te spreek nie. Dit het tot gevolg dat daar 'n behoefte aan ondersteuning vanuit 'n ander dissipline by 'n onderwyser ontstaan.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die onderwyser sal baatvind by die benutting van 'n spelterapeut. Nie net sal daar sodoende in die onderwyser se behoeftes voorsien word nie, maar sal kinders se behoeftes en probleme ook aangespreek kan word.

Zabel & Zabel (1996:316) is van mening dat 'n onderwyser nodig het om saam met 'n verskeidenheid spesialiste te werk. Volgens die skrywers word samewerking met ander dienslewers binne en buite die skool vereis, ten einde toepaslike opvoeding aan kinders met diverse behoeftes te bied. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat 'n onderwyser, veral by die hantering van kinders met leer- en/of gedragsprobleme, van die kundigheid en dienste wat aan hulle beskikbaar is, moet gebruik maak. Sy is ook van mening dat, alhoewel die onderwyser die primêre verantwoordelikheid vir die opvoeding van studente behou, daar nie van hulle verwag kan word om oor al die gespesialiseerde kennis en middele of tyd te beskik om in al die unieke behoeftes van die kinders te voorsien nie.

Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut binne skoolverband dienste kan lewer waarby die onderwyser en kinders kan baatvind. Die dienste kan onder andere individuele- en groepterapie aan kinders, groeppasitering vir onderwysers, konsultasie-dienste vir onderwysers en voorkomingsdienste aan kinders insluit.

3.4.2 Funkisionering van spelterapeut binne skoolopset

'n Speltherapeut kan op verskillende wyses binne 'n skool funksioneer en op verskillende maniere in interaksie met verskeie persone, insluitend onderwysers en kinders, wees. Sekere aspekte is belangrik vir die effektiewe funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset. Die spelterapeut moet aan die onderwysers en kinders bekendgestel word en die ouers moet ingelig word aangaande die diens van die spelterapeut en haar rol binne die skoolopset. Dit is noodsaaklik dat die spelterapeut met die skool se doelstellings vertrouud raak en dit dan tydens die gee van terapie, ingedagte hou. Aanvaarding deur onderwysers en kinders is kardinaal vir die effektiewe funksionering van 'n spelterapeut.

Vervolgens sal daar kortliks verwys word na verskillende wyses van interaksie van 'n spelterapeut met 'n onderwyser en kinders binne 'n skoolopset.

3.4.2.1 Wyses van interaksie met 'n onderwyser binne skoolopset

3.4.2.1.1 Konsultasie

Zabel & Zabel (1996:331) noem dat tydens konsultasie, 'n persoon met gespesialiseerde kennis, vaardighede of kundigheid - 'n konsultant, byvoorbeeld 'n spelterapeut - inligting of bronne aan 'n konsulteerder, byvoorbeeld 'n onderwyser verskaf, ten einde te help om probleme op te los of behoeftes te bevredig. Die navorser voeg by dat die konsultant dan direkte dienste aan die kliënte lewer wat, binne 'n skoolopset, gewoonlik die kinders sal wees. 'n Onderwyser kan byvoorbeeld kinders wat emosionele- en/of gedragsprobleme openbaar na 'n spelterapeut verwys.

Jordaan (2003) kom tot die gevolgtrekking dat, alhoewel die spesialis dikwels in die rol van konsultant sal wees wat die kundigheid aan ander verskaf, sal die onderwyser ook dikwels met ander konsulteer. Hy noem as voorbeeld dat die onderwyser dalk inligting en insig

aangaande die kinders kan hê wat die spesialis sal help om die kind en sy situasie beter te verstaan en programme, wat meer effektief sal wees, te ontwikkel. Die navorser voeg by dat inligting wat by onderwysers ontvang word, baie waardevol is by die maak van assesserings en dus ook by die beplanning van 'n toepaslike behandelingsprogram. Sy noem ook dat spelterapeute gereeld terugvoer van 'n onderwyser nodig het om te bepaal of gedragsverandering al plaasgevind het en wanneer terapie getermineer kan word.

3.4.2.1.2 Samewerking

Terwyl konsultasie 'n indirekte manier van dienslewering is, is samewerking 'n meer direkte, gesamentlike poging deur professionele persone om 'n probleem aan te spreek (Zabel & Zabel, 1996:331). Die navorser noem as voorbeeld dat 'n spelterapeut byvoorbeeld saam met 'n onderwyser in sy klaskamer kan werk, sodat sy waarnemings binne die klaskamer kan maak wat inligting, vir die analiseer van 'n kind se gedrag, kan verskaf. Dit kan die spelterapeut en onderwyser help om 'n toepaslike behandelingsprogram te ontwerp, te implementeer en te evalueer. Jordaan (2003) is van mening dat 'n spelterapeut ook byvoorbeeld vir 'n hele klas of gedeelte van 'n klas opleiding oor sosiale vaardighede kan gee.

Samewerking gaan spanwerk tussen 'n onderwyser en 'n spelterapeut vereis. Volgens Zabel en Zabel (1996:332) behels spanwerk die gereelde saamwerk van twee of meer persone, waar elkeen verskillende rolle vervul. Die navorser noem as voorbeeld dat 'n spelterapeut en 'n onderwyser byvoorbeeld saam kan werk ten einde die onderwyser in staat te stel om sy klas effektief te hanteer, maar dat elkeen spesifieke verantwoordelikhede het. Daar kan gesamentlik beplan word oor die doelstellings vir die klas en vir individuele kinders en benaderings by die hantering van probleme wat gevolg kan word. Die navorser is van mening dat die spelterapeut primêr met individuele kinders en kleiner groepe kan werk terwyl 'n onderwyser vir die hantering van groot groepe (die klas) verantwoordelik is.

3.4.2.1.3 Interaksie met die onderwyser binne groepsverband

Die navorser dui aan dat 'n spelterapeut onderwysers by 'n groep kan betrek waartydens hulle hul gevoelens en ervarings kan deel. 'n Onderwyser kan by

spanningsontlontingsgroepe betrek word waartydens hy uiting aan negatiewe ervarings en gevoelens kan gee en sodoende sy spanning verlig. Inligting, aangaande die hantering van sekere probleme binne klasverband, kan ook uitgeruil word en so kan 'n onderwyser nuwe, effektiewe hanteringsmeganismes, aanleer. Deur die groepservaring kan die onderwyser ook tot die besef kom dat daar ander is wat dieselfde ervarings en gevoelens as hy het. Die navorser kom tot die insig dat 'n spelterapeut as 'n fasiliteerder binne so 'n groep sal optree en dat die betrokkenheid by 'n groep vir die onderwyser ondersteunend van aard kan wees.

Oaklander (1988:312) kom tot die insig dat onderwysers as terapeute, sowel as opvoeders opgelei moet word en dat kinders se emosionele behoeftes binne 'n leerstuiasie voorkeur moet geniet. Sy noem dat sy dikwels groepsessies met onderwysers hou waartydens sy hulle vertel van die werk wat sy doen. Tydens die sessies gee sy aan hulle 'n verskeidenheid idees en tegnieke wat hulle met kinders kan gebruik. Volgens Oaklander (2003:312) kan dit die onderwysers help om beter kontak met kinders te maak, hulle help om te voel dat die klaskamer 'n veilige en gemaklike plek kan wees en die onderwysers sowel as kinders help om openliker teenoor mekaar te wees. Sy is van mening dat sy die onderwyser wil laat sien dat, as kinders angstig is, enige probleme ondervind of voel dat hulle nie veel werd is nie, hulle nie sal kan leer nie. Die navorser voeg by dat kinders ook moeiliker sal leer as die onderwyser koud en afsydig voorkom. Volgens die navorser kan 'n onderwyser tydens groepsessies bekendgestel word aan 'n nuwe ingesteldheid en metodes waarop hy kan help om kinders se selfbeeld te verbeter en kinders in staat te stel om hulself beter uit te druk.

Oaklander (1988:312) kom tot die insig dat die onderwyser dikwels deur die skoolopset en die eise wat die skool aan hom stel, ontmoedig, gefrustreerd en negatief-beïnvloed word en dat die negatiewe gevoelens dikwels op die kinders uitgehaal word. Die navorser stem saam met Oaklander en voeg by dat die betrokkenheid by 'n groep die geleentheid vir die onderwyser sal gee om sy negatiewe gevoelens te verwoord. Sodoende sal hy minder gefrustreerd voel en dus tot 'n groter mate in staat wees om by te dra tot 'n positiewe skoolervaring vir die kinders.

3.4.2.2 Interaksie met kinders binne skoolopset

'n Onderwyser kan kinders wat emosionele- en/of gedragsprobleme openbaar na 'n spelterapeut verwys. Die spelterapeut sal dan 'n assessering doen ten einde te bepaal of 'n kind by speltherapie sal baatvind en of sy individueel of binne 'n groep aan hom terapie sal gee. Die aard van die probleem en die persoonlikheid van die kind sal onder andere bepaal watter tipe terapie meer toepaslik is.

3.4.2.2.1 Individuele terapie

In gevalle waar die probleem van 'n persoonlike aard is en dit vir die kind vernederend is om daaroor te praat, sal die spelterapeut die kind by individuele terapie betrek. Die navorser is van mening dat dit byvoorbeeld die geval by molestering sal wees. Indien die kind baie skaam en teruggetrokke is en oor swak verbale vermoë beskik, sal individuele terapie ook van toepassing wees. Volgens die navorser sal laasgenoemde kinders egter ook by groepsterapie kan baatvind, aangesien hul daardeur beter kommunikasievaardighede kan aanleer en hul teruggetrokkenheid verbeter. Die navorser voeg dus by dat daar soms eers individueel met 'n kind gewerk word waarna hy by 'n groep betrek kan word. Sommige kinders kan ook gelyktydig individuele- en groepterapie ontvang.

Tydens individuele terapie sal die spelterapeut van verskillende spelterapeutiese tegnieke en –mediums gebruik maak wat die kind in staat sal stel om teen sy tempo, die verlede en hede, die bewustelike en onbewustelike wat sy lewe in die hede beïnvloed, te eksploreer. Dit sal die kind in staat stel om van sy gevoelens en probleme bewus te raak en dit nie-verbaal, deur middel van spel, sowel as verbaal uit te druk (West, 1996:15). Die navorser voeg by dat die spelterapeut eers sal poog om die kind se bewustheid oor homself te bevorder en hom sodoende in kontak met homself te bring. Dit sal die kind in staat stel om sy gevoelens en probleme te herken, erken en eien en sodoende beheer daaroor te ontwikkel. Daar word onder andere van teken, verf, klei, sandwerk, handpoppe, boeke en fantasie gebruik gemaak.

Die spelterapeut sal terapie aan die kind vir 'n gemiddelde van tien tot twaalf individuele sessies gee. Die navorser voeg by dat 'n verskeidenheid van faktore 'n rol speel by die bepaling van die duur van die spelterapeutiese proses. Volgens Thompson & Rudolph

(2000:48) sluit dit onder andere die aard van die probleem, die ondersteuning van die ouers tydens die proses en sekere kenmerke van die kind in. Die sessies sal meestal in 'n speelkamer plaasvind wat gevul is met media wat vir uitdrukking gebruik kan word. Die spelterapeut is verantwoordelik vir die heers van 'n ondersteunende, aanvaardende en nie-bedreigende atmosfeer (West, 1996:10).

3.4.2.2.2 Groepterapie

Indien die probleem van 'n minder persoonlike aard is en die kind in staat is om sy gevoelens en probleme in groepsverband te deel, sal die spelterapeut die kind by 'n groep betrek. West (1996:134) dui aan dat dieselfde teoretiese beginsels by groepe van toepassing is as by individuele werk, maar dat die vlak van spel in klein groepe meer interaksioneel van aard is. Die navorser voeg by dat die spelterapeut nou nie net aandag aan een kind moet skenk nie, maar van die dinamiek van die groep en subgroepe bewus moet wees en daarmee moet werk. Die groepsessies vind plaas in 'n speelkamer wat gevul is met media wat vir uitdrukking gebruik kan word. West (1996:135) dui aan dat die individuele kind steeds die behandelingsfokus bly. Die groepe bestaan gewoonlik uit ses lede terwyl daar nie 'n ouderdomsverspreiding van meer as drie jaar tussen die kinders moet wees nie (O'Connor, 2000:417). Of die geslagte gemeng kan word, sal deur die ouderdom van die kinders, die tipe groep en die doelstelling van intervensie bepaal word.

Die navorser meld dat, anders as by individuele werk, is die spelterapeutiese proses by groepe meer gestruktureerd. Die spelterapeut bepaal voor die tyd wat sy in die groep wil doen, maar moet steeds buigbaar, aanpasbaar en kreatief wees. Die groepsessie sal normaalweg deur 'n ysbreker begin word, ten einde 'n ontspanne atmosfeer daar te stel. Daarna vind 'n groepaktiwiteit plaas, waartydens die spelterapeut veral waarneem hoe die kinders teenoor mekaar reageer. Oaklander (1988:290) is van mening dat die spelterapeut deurgaans in kontak met elke kind se proses moet beweeg en van die kind se ervaring van die groep bewus moet wees. Elke sessie word afgesluit deur aan elke kind die geleentheid te gee om te sê hoe hy die sessie ervaar het en hoe hy op daardie oomblik voel.

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die groepervaring vir 'n kind van waarde kan wees, aangesien hy nie alleen voel in sy probleem nie en ook die geleentheid kry om te

sosialiseer en nuwe gedrag en vaardighede in te oefen. Die navorser beklemtoon egter dat die kind die groep moet vertrou en aanvaar voel, ten einde by die groepervaring baat te vind.

3.4.2.2.3 Die benutting van speltherapie by voorkoming

Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut binne 'n skoolopset veral by voorkoming betrokke kan wees. Sy kan voorkomingsprogramme ontwikkel en aanbied waartydens kinders oor sekere onderwerpe opgevoed kan word. Handpoppe, poppekas, rollespel en dramaterapie kan onder andere benut word om kinders op te voed oor alkohol- en dwelmmisbruik en ook by die aanbied van seksvoorligting. Rollespel en drama-terapie kan onder andere ook vir die aanleer en inoefen van sosiaal aanvaarbare gedrag en vaardighede, benut word. 'n Groot hoeveelheid kinders kan in sulke gevalle hanteer word.

3.4.3 Terrein van dienslewering

'n Speltherapeut kan aan kinders, wat gedrags- en/of emosionele probleme openbaar, individueel of binne groepsverband terapie gee. Sy kan ook 'n onderwyser inlig oor hoe om kinders, wat sekere probleme openbaar, binne klasverband te hanteer ten einde hul optimale funksionering in die klas te verseker. Die eindelose lys van probleme waarvoor spelterapeute kennis beskik sluit onder andere in:

- Leerafwykings, probleme met skoolweiering
- Onderprestasie by skool om geen duidelike rede
- Gestremde ontwikkeling, waar daar geen fisiese probleme teenwoordig is nie
- Hiperaktiwiteit en ADHD
- Mishandeling (fisies, seksueel en emosioneel)
- Verwaarlosing (fisies en emosioneel)
- Ervaring van 'n traumatiese gebeurtenis, byvoorbeeld die dood van 'n ouer, egskeiding van ouers, betrokkenheid in 'n motorongeluk of misdadblootstelling.
- Onvolwasse gedrag of oorvolwassenheid
- Oorafhanklikheid, veral van ouers
- Eetversteurings
- Slaapversteurings byvoorbeeld oormatige nagmerries

- Fisiese of seksuele mishandeling van ander kinders of diere
- Enuresis en enkoprese
- Vertel van leuens
- Onttrekking, woede-uitbarstings, oormatige huilbuie
- Oormatige masturbasie
- Ontoepaslike emosionele reaksies
- Elektiese mutisme
- 'n Tekort aan toenadering, probleme met verhoudings, geen vriende
- Chaoties en slordig of oormatig perfeksionisties
- Selfbeskadigende gedrag
- Voorkoms van aggressiewe gedrag
- Voorkoms van depressiewe gedrag
- Lae selfbeeld
- Anti-sosiale gedragskenmerke
- Enige ander gedrag wat nie met die kind se ouderdom geassosieer kan word nie of problematies blyk te wees.

Spel terapie kan ook by kinders sonder enige probleme benut word; veral by die bevordering van 'n kind se selfbeeld en die aanleer van sosiale vaardighede. Soos reeds bespreek, kan daar ook voorkomend gewerk word, aangesien kinders oor sekere onderwerpe, byvoorbeeld weerbaarheid teen molesting en dwelmverslawing, ingelig moet word.

3.5 Bepaalde funksies van spel terapie

3.5.1 Funksies ten opsigte van skoolhoof

Binne die skoolopset is die skoolhoof die belangrikste persoon met wie en deur wie die spel terapie moet werk. 'n Begrypende en funksionele verhouding tussen die spel terapie en die hoof is 'n voorvereiste vir suksesvolle skakeling met die res van die personeel asook met die kinders (Jordaan, 2003). Die hoof moet duidelik bewus wees van die bydrae wat 'n spel terapie in sy skool kan lewer. Sy begrip en steun sal lei tot suksesvolle implementering van die diens. Laasgenoemde sluit in die praktiese reëlings,

byvoorbeeld die voorsiening van 'n kantoorruimte wat in 'n speelkamer omskep kan word en die aanmoediging van sy personeel om van die diens gebruik te maak.

Die navorser is ten sterkste van mening dat die hoof en die spelterapeut aanvanklik gesamentlik 'n beleid moet opstel, maar dat daar ruimte vir die spelterapeut gelaat moet word om sêlf oor die uitvoering van haar funksies te besluit. Die hoof moet kennis dra van die besprekings oor 'n sekere kind en gereelde informele besprekings tussen die hoof en spelterapeut is gewens.

3.5.2 Funksies ten opsigte van die onderwyser

Die onderwyser is die belangrikste persoon in die opvoedkundige program aangesien hy direk met die kind skakel en verantwoordelik is vir die opvoeding van die kind. 'n Positiewe gesindheid aan die kant van die onderwyser ten opsigte van die onderwys in die algemeen en sy rol spesifiek is nodig om vrugbaar met die spelterapeut saam te werk. Jordaan (2003) is van mening dat die onderwyser in die uitvoering van sy taak óf integreerend óf instrumenteel optree. Hy noem dat eersgenoemde sienswyse meebring dat die hoofdoel van die onderwys nie net as die oordraging van kennis vertolk kan word nie, maar die uitbouing van die kind se algemene ontwikkeling: sielkundig, maatskaplik, fisies en intellektueel. Die navorser voeg by dat die kind as individu erken word en dat kennis van sy behoeftes geneem word. Die instrumentele benadering daarenteen beskou die doel van onderwys slegs as die oordraging van feite (Jordaan, 2003). Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die kind binne hierdie benadering as die ontvanger van inligting beskou word. Sy kom ook tot die gevolgtrekking dat die skoolopset dikwels die onderwyser dwing om instrumenteel op te tree as gevolg van onder andere 'n sillabus wat nougeset gevolg moet word, 'n eksamenstelsel wat die kriteria vir die meting van sukses vorm en groot klasse. Die navorser is van mening dat hierdie eise en die beperkinge wat dit aan die onderwyser stel, erken moet word. Wedersydse begrip en respek tussen die onderwyser en spelterapeut is essensieel.

Jordaan (2003) noem dat konsultasie en gereelde besprekings tussen 'n onderwyser en 'n spelterapeut van kardinale belang is ten einde die benutting van 'n spelterapeut effektief te laat geskied. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat gereelde besprekings en konsultasie die sensitiwiteit ten opsigte van kinders se behoeftes verhoog en die besef laat

ontstaan dat groot klasse en dus groot druk, hulp van ander beroepe vereis. Volgens die navorser is 'n horisontale verhouding nodig aangesien die een beroep die ander aanvul.

Die navorser is van mening dat in die onderhandelinge met 'n onderwyser veral twee riglyne in gedagte gehou moet word:

- Daar moet gewaak word teen voorstelle wat vir die onderwyser onuitvoerbaar is weens beperkte tyd, middele of die nodige bekwaamheid aan die kant van die onderwyser.
- Gereelde besprekings moet gehou word om gesamentlik in belang van die kind te beplan, wedersydse begrip te verbeter en gemeenskaplike doelstellings in belang van die kind te beoefen.

3.5.3 Funksies ten opsigte van kinders

Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut se taak gerig is op die kind se aanpassing, groei en die verbetering van sy maatskaplike funksionering met ander woorde sy funksionering binne die sisteme wat deel is van sy lewe onder andere sy gesin, skool en portuurgroep, maar ook sy selfbeeld. Alhoewel onderhandeling met ander in belang van 'n kind essensieel is, bly direkte kontak die belangrikste skakeling. Jordaan (2003) kom tot die gevolgtrekking dat 'n kind wat wangedrag openbaar aansien by die personeel verloor, soms 'n graad druipe en gevolglik erkenning van sy maats verloor. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die probleem uitkring en dus verg dit tussentrede en hulp deur 'n professionele persoon wat beskikbaar is en met wie kinders hul probleme vertroulik kan bespreek. 'n Speltherapeut kan hierdie rol vervul.

Soos reeds bespreek, sal 'n spelterapeut eers assesser of die kind by speltherapie sal baatvind. Indien wel, sal die kind by individuele- en/of groepterapie betrek word. Schoeman & Van der Merwe (1996:22) dui op die belangrikheid van 'n vertrouensverhouding wat deur die spelterapeut daargestel moet word. Soos bespreek, moet die spelterapeut van 'n verskeidenheid speeltegnieke en –mediums tydens die gee van terapie, gebruikmaak. Die navorser voeg by dat die spelterapeut die kind moet bemagtig ten einde hom/haar in staat te stel om optimaal binne sy/haar huislike- en klasomgewing te funksioneer.

3.6 Motivering vir die teenwoordigheid van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset

'n Kind bring normaalweg die grootste gedeelte van sy vormingsjare in 'n skool deur. Hierdie periode oefen 'n primêre invloed op sy lewe uit, nie alleen wat formele onderrig betref nie, maar eweneens ten opsigte van alle fasette van sy groei en ontwikkeling. Die navorser is van mening dat, om hierdie invloed positief uit te bou, moet kinders wat probleme ervaar gehelp word. Sy kom ook tot die insig dat alhoewel die onderwyser se begrip en samewerking in hierdie verband essensieel is, hy nie die aangewese persoon is om dieperliggende persoonlike probleme te hanteer nie. Die onderwyser se hoof funksie bly die onderrig van kinders. Té min tyd is aan die onderwyser beskikbaar vir die gee van voldoende persoonlike aandag aan kinders. Al sou die onderwyser oor die nodige maatskaplike werk-kennis beskik, bied die groepsituasie in die klas nie geleentheid vir die opbou van die nodige terapeutiese verhouding nie.

Die onderwyser beskik egter selde oor maatskaplike werk-opleiding en het hierdie hulpprofessie nodig om sy taak aan te vul. Soos aan die begin van hierdie hoofstuk genoem, is speltherapie 'n gespesialiseerde rigting in maatskaplike werk.

3.7 Samevatting

Aan die hand van die hoofstuk is die moontlike rol van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem vir 'n onderwyser bespreek. Spel, as terapeutiese medium is bespreek en daar is ook verwys na die rol van die spelterapeut binne die speltherapeutiese proses. Koppelvlakke tussen die onderwys en speltherapie is uitgewys. Die behoefte aan speltherapie binne skoolverband is bespreek en daar is verwys na die moontlike funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolsisteem. Wysies van interaksie met 'n onderwyser en kinders onderskeidelik is bespreek. Wat interaksie met 'n onderwyser betref, sluit dit onder andere konsultasie, samewerking, spanwerk en interaksie binne groepsverband in. Individuele terapie, groepsterapie en die benutting van speltherapie by voorkoming is by die interaksie tussen 'n spelterapeut en die leerlinge van 'n skool ter sprake.

Daar is ook kortliks verwys na die terrein van dienslewering van 'n spelterapeut en bepaalde funksies van 'n spelterapeut ten opsigte van die skoolhoof, die onderwyser en

kinders het ook aandag geniet. Die hoofstuk is met 'n motivering vir die teenwoordigheid van 'n spelterapeut binne 'n skoolsisteem, afgesluit.

Aan die hand van hierdie hoofstuk kom die navorser tot die insig dat 'n spelterapeut 'n uiters waardevolle rol binne 'n skoolsisteem kan vervul.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE GEGEWENS EN NAVORSINGSBEVINDINGS

4.1 INLEIDING

In die voorafgaande twee hoofstukke is inligting ten opsigte van die rol van die onderwyser van die kind in die middelkinderjare, asook die rol van die spelterapeut as ondersteunings-sisteem vir die onderwyser weergegee.

Die fokus van die studie was 'n maatskaplike werk ondersoek na die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut. 'n Leemte is in die literatuur geïdentifiseer wat aandui dat min riglyne vir die benutting van 'n spelterapeut as ondersteunings-sisteem vir die onderwyser bestaan. Hierdie leemte is ook in gesprekvoering met graad een tot vier onderwysers bevestig.

Vir die doel van hierdie studie is empiriese data deur middel van fokusgroeponderhoude met vier afsonderlike groep onderwysers, ingewin. Die lede van die fokusgroepe is deur die navorser op grond van doelgerigte steekproeftrekking geselekteer waar die kriteria deur die navorser self bepaal is.

In hierdie hoofstuk sal die empiriese gegewens en navorsingbevindings weergegee en geanaliseer word.

4.2 HOOF- EN SUBTEMAS VAN DIE STUDIE

Die volgende hooftemas is vanuit die empiriese data geïdentifiseer:

- Onderwysers se menings ten opsigte van die aard van die probleme wat hul binne klasverband ervaar.
- Onderwysers se menings ten opsigte van die wyses waarop hulle probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer.
- Onderwysers se persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is.

- Onderwysers se behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningsstelsel.

Elke hooftema en onderskeie subtemas met hulle verskillende kategorieë sal vervolgens bespreek word.

4.2.1 Hooftema 1: Onderwysers se menings ten opsigte van die aard van die probleme wat hul binne klasverband ervaar

Tabel 4.1 Hooftema 1 en subtemas en kategorieë soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer

HOOFTEMA	SUBTEMA	KATEGORIEë
1. Onderwysers se menings ten opsigte van die aard van probleme wat hul binne klasverband ervaar	1. Probleemgedrag teenoor onderwysers openbaar	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressiewe gedrag • Weiering om te praat • Reageer nie as daar gepraat word nie en luister nie na onderwyser nie • Onvoltooing van huiswerk en traagheid om in klas te werk • Onttrekkende en terugtrekkende gedrag • Negatiewe aandagsoekende gedrag
	2. Probleemgedrag teenoor klasmaats openbaar	<ul style="list-style-type: none"> • Aggressiewe gedrag • Krap in klasmaats se boeke • Aanmoediging van

		klasmaats tot die openbaring van probleemgedrag
	3. Aggressiewe gedrag: verbaal en nie-verbaal	<ul style="list-style-type: none"> • Verbaal en nie-verbaal • Instrumenteel en vyandig
	4. Emosionele probleme	<ul style="list-style-type: none"> • Emosionele verwaarlosing en -mishandeling • Voorkoms van onverwerkte emosies • Toon van geen emosie en 'n bot voorkoms • Emosionele verharding as gevolg van emosionele bagasie • Onvermoë om emosies toepaslik uit te druk
	5. Konsentrasieprobleme	<ul style="list-style-type: none"> • Swak konsentrasievermoë en kort aandagspan • Hiperaktiwiteit, ADHD en ADD • Gebruik van medikasie: Ritalin
	6. Probleme verbandhoudend met ouers en huislike	<ul style="list-style-type: none"> • Probleme verbandhoudend met die aard van die ouers se

	<p>omstandighede wat 'n invloed op die kind se gedrag binne klasverband uitoefen</p>	<p>huweliksverhouding, huweliksstatus en verhouding met 'n derde party</p> <ul style="list-style-type: none"> • Eienskappe van ouers wat problematies is • Verwaarlosing en mishandeling • Sosio-ekonomiese omstandighede
	<p>7. Ander algemene probleme</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Konfrontasie met die dood • Swak selfbeeld • Steel • Kognitiewe probleme

Die eerste hoofteema (vergelyk Tabel 4.1) wat die navorser geïdentifiseer het, was die onderwysers se menings ten opsigte van die aard van die probleme wat hul binne klasverband ervaar. Uit die empiriese data wat ingewin is, wil dit blyk asof onderwysers 'n wye verskeidenheid probleme ervaar, maar dat daar sekere gemeenskaplike probleme wat deur die meerderheid van die onderwysers ervaar word, bestaan.

Sewe subtemas is onder hierdie hoofteema geïdentifiseer, naamlik gedragsprobleme teenoor onderwyser openbaar, gedragsprobleme teenoor klasmaats openbaar, aggressiewe gedrag: verbaal en nie-verbaal, emosionele probleme, probleme geassosieër met konsentrasie, probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede en ander algemene probleme. Die laaste subteema sluit probleme in wat nie onder die ander subtemas bespreek is nie. Hierdie subtemas en hul onderskeie kategorieë sal vervolgens bespreek word.

4.2.1.1 Probleemgedrag teenoor onderwyser openbaar

Vanuit die empiriese data blyk dit dat onderwysers van mening is dat sommige kinders binne klasverband sekere gedragsprobleme teenoor hulle (die onderwysers) openbaar. Dit het ook duidelik uit die literatuur geblyk dat dit die geval is. Hierdie gedragsprobleme sluit die volgende in:

- Aggressiewe gedrag wat vloek en uitlag van onderwyser insluit.
- Weiering om te praat.
- Reageer nie as daar gepraat word nie en luister nie na onderwyser nie.
- Onttrekkende en terugtrekkende gedrag.
- Negatiewe aandagsoekende gedrag wat die gooi van nat papiere teen die dak en hardkoppigheid insluit.

Jordaan (2003) en Weideman (2003) kom tot die insig dat ongedisiplineerdheid by kinders 'n geweldige probleem is. (Vergelyk 2.5.1) Die navorser dui aan dat ongedisiplineerdheid sentraal staan by die onvoltooing van huiswerk, traagheid om in die klas te werk en die onwilligheid om na die onderwyser te luister. Volgens Jordaan (2003) het sommige kinders 'n gebrek aan selfdisipline, wat nie net tot swak akademiese prestasies lei nie, maar ook aanleiding tot gedragsprobleme gee. Baumberger & Harper (1999:8) sien disrespekvolle gedrag van kinders teenoor hul onderwysers as 'n gedragsprobleem wat binne klasverband openbaar word en wat onder andere ongehoorsaamheid en vloek insluit. Die navorser is van mening dat sommige kinders nie aan ouerdisipline blootgestel word nie en dus ook nie gehoor gee aan die disipline wat onderwysers binne klasverband uitoefen nie. Soos Newell & Jeffreys (2002:118) opmerk, is die uitoefening van beheer een van 'n onderwyser se take en is hy dus verantwoordelik vir die dissiplinerings van kinders. (Vergelyk 2.3.7) Die navorser meld dat ongedisiplineerdheid met een van die ontwikkelingstake van die middelkinderjare naamlik die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag, verbandhou. Die navorser voeg by dat indien 'n onderwyser 'n kind dissiplineer, hy die kind sal help om hierdie taak te bemeester. (Vergelyk 2.2.6)

Een onderwyser merk in dié verband op: "Baie kinders onttrek. Sommige kinders het amper nooit huiswerk of papiere by hulle nie. Hul maak nie hul boeke oop nie. Praat jy met hulle dan reageer hulle nie. Hulle besef dat of juffrou kwaadmaak, rustig is, stilbly, ek

gaan haar nie antwoord nie.” Volgens die navorser weerspieël hierdie aanhaling die moedeloosheid van ‘n onderwyser wat daagliks te doen kry met die ongehoorsame ingesteldheid van sommige kinders. Dit wou blyk uit die data wat ingewin is dat die onderwysers saamstem dat daar jaarliks ‘n toename in wangedrag is en dat kinders nie meer respek vir hul onderwysers het nie.

Uit die empiriese data wil dit blyk asof onderwysers probleme met ‘n hoë voorkoms van kinders wat weier om met hulle te praat, ervaar. Dit blyk te wees dat onderwysers nie oor kennis aangaande die oorsake van hierdie gedrag beskik nie en dat hul dit soms uit onkunde, as ongehoorsaamheid afmaak. Die navorser kom tot die insig dat daar dikwels onderliggende emosionele oorsake vir hierdie gedrag is. Die weiering om te praat is kenmerkend van kinders wat hulself as gevolg van die ervaring van negatiewe gevoelens en ervarings, onttrek. (Vergelyk Oaklander, 1988:231.)

4.2.1.2 Probleemgedrag teenoor klasmaats openbaar

Dit wil uit die empiriese data blyk asof sommige kinders dikwels gedragsprobleme teenoor hul klasmaats openbaar. Dit sluit veral die volgende in:

- Aggressiewe gedrag wat slaan, skop, knyp en vloek insluit.
- Krap in klasmaats se boeke.
- Aanmoediging van klasmaats tot die openbaring van probleemgedrag.

Vanuit die empiriese data blyk dit dat kinders dikwels op aggressiewe wyses uitdrukking aan hul woede en frustrasies gee. Oaklander (1988:206) kom tot die insig dat kinders wat vyandige, destruktiewe gedrag openbaar dikwels gevoelens van verwerping, woede, onsekerheid, angstigheid en hartseer ervaar en nie in staat is om hierdie gevoelens toepaslik uit te druk nie of selfs te bang is om uitdrukking aan sy ware gevoelens te gee. Die navorser voeg by dat onderwysers nie altyd hiervan bewus is nie en die kind dikwels uit onkunde as aggressief of stout, etiketteer.

Die onderwysers het ook genoem dat kinders mekaar aanmoedig om stout te wees. Een onderwyser merk in dié verband op: “Maar kinders beïnvloed mekaar ook. Ek het twee leerondersteuning-kindertjies by my in die klas, maar as...gister was die een afwesig, toe

is die ander een so soet, jy weet nie hy's in die klas nie, maar vandag is hulle weer in al hulle glorie bymekaar. Hulle steek mekaar aan." Die navorser kom tot die insig dat groepsdruk ook 'n toename in gedragsprobleme tot gevolg kan hê, deurdat kinders uit die vrees om "uit" te wees, dikwels aan die druk van maats om stout te wees, toegee of gedrag openbaar wat hul nie onder normale omstandighede sou openbaar nie.

Die navorser maak die rol van die onderwyser as uitoefenaar van beheer hier van toepassing en voeg by dat hy in hierdie verband 'n rol by die morele ontwikkeling van 'n kind in sy middelkinderjare speel en hom help om die ontwikkelingstaak van die verdere ontwikkeling van morele oordeel en gedrag te bemeester. (Vergelyk 2.2.6 en 2.4.7)

4.2.1.3 Aggressiewe gedrag: verbaal en nie-verbaal

Die empiriese data het aangedui dat die meerderheid van die onderwysers te doen kry met kinders wat binne klasverband aggressiewe gedrag openbaar. Uit die besprekings met die onderwysers is daar verneem dat aggressie op beide verbale en nie-verbale wyses uitgedruk word. (Vergelyk 2.5.4) Eersgenoemde sluit gedrag soos vloek, skree en woede-uitbarstings in, terwyl slaan, skop, knyp, afknou en wurg voorbeelde van laasgenoemde is. Louw, Van Ede & Ferns (in Louw *et al.*, 1998:352) dui aan dat twee tipes aggressie gedurende die kinderjare voorkom. Instrumentele aggressie verwys na aggressie wat aangewend kan word as 'n middel tot 'n doel, met ander woorde as 'n instrument om iets te bekom. Die navorser dui aan dat kinders nie gewoonlik opsetlik vyandig is nie, maar op ander sal skree of aan iemand sal stamp, in 'n poging om te kry wat hulle wil hê. Volgens die navorser dien die aggressiewe gedrag as 'n wyse waarop 'n kind beheer kan uitoefen. Vyandige aggressie daarenteen, volgens Baron & Byrne (2000:440), is bedoel om iemand opsetlik leed aan te doen, soos om die persoon te slaan, te skop of te beledig. Die navorser maak die gevolgtrekking dat aggressie nie nou meer 'n middel tot 'n doel is nie, maar 'n doel op sigself word. Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof veral vyandige aggressie by kinders in graad een tot vier voorkom. Volgens Thomas (2000:434) neem instrumentele aggressie af namate kleuters ouer word, deurdat kinders in die middelkinderjare meer emosionele beheer kan toepas en hulle in staat is om kompromieë aangaande besitreg oor 'n voorwerp te bereik. Thomas (2000:434) is van mening dat vyandige aggressie tydens die middelkinderjare toeneem en

dit hou verband met die toenemende vermoë van kinders om die bedoelings van ander te herken. (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:352.)

Vanuit die empiriese data blyk dit asof die onderwysers daarvan bewus is dat aggressiewe gedrag verskillende oorsake het, maar is hul van mening dat hul nie oor die kennis beskik om die oorsake te bepaal en te hanteer nie. Een onderwyser merk in dié verband op: “Die helfte van die kinders in die klas het al klaar skade van een of ander aard, wat hulle manifesteer deur bolle nat papier teen die dakke te gooi of met kryte te krap in hulle boeke.” ‘n Ander onderwyser voeg by: “Jy’s baie keer bewus van al die goed, maar jy kan nie rêrig iets daaraan doen nie.” Empiriese data het aangetoon dat kinders om verskeie redes aggressiewe gedrag openbaar. Dit sluit onder andere die ervaring van intense gevoelens byvoorbeeld woede, frustrasie en hartseer in. Die oorsake vir hierdie gevoelens blyk uit die empiriese data, veral verbandhoudend met huislike omstandighede en probleme geassosieër met die ouers, te wees. Dit sluit egskeiding, enkelouerskap, onbetrokke en afwesige ouers, verwaarlosing (fisies en emosioneel) en swak sosio-ekonomiese omstandighede in.

Botha, Van Ede, Louw, Louw & Ferns (in Louw *et al.*, 1998:280) is van mening dat frustrasie aanleiding tot aggressie kan gee, aangesien frustrerende omstandighede onaangename gevoelens kan ontlok. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kinders dikwels deur hul omstandighede frustreer word en tydens die middelkinderjare nie oor die kognitiewe en emosionele ontwikkeling beskik wat vir die hantering van negatiewe gevoelens op ‘n aanvaarbare wyse, nodig is nie. Volgens die navorser word woede en frustrasie sodoende tydens die middelkinderjare deur middel van aksies uitgedruk, byvoorbeeld om te slaan, ten einde iets aan die oorsaak van die negatiewe gevoelens te probeer doen. (Vergelyk 2.5.4)

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kinders met die toenemende egskeidings en gesinsverbrokkeling, magteloos voel om iets aan hul omstandighede te kan doen en dit dan deur aggressiewe gedrag uitdruk. Volgens die navorser kan dit as verduideliking vir die hoë voorkoms van aggressiewe gedrag wat deur die empiriese data aangetoon is, dien.

4.2.1.4 Emosionele probleme

Volgens die empiriese data blyk dit dat onderwysers dikwels ook met die voorkoms van emosionele probleme by kinders gekonfronteer word. (Vergelyk 2.5.3) Empiriese data het aangedui dat dit onder andere die volgende insluit:

- Emosionele verwaarlosing en mishandeling.
- Voorkoms van onverwerkte emosies.
- Toon van geen emosie en 'n bot voorkoms.
- Emosionele verharding as gevolg van emosionele bagasie.
- Onvermoë om emosies toepaslik uit te druk.

Een onderwyser dui op die teenwoordigheid van emosionele probleme by een van die kinders in haar klas soos volg: "...by hom is daar net soveel onverwerkte dinge, emosies en goeters wat hy nie kan verwerk nie...Hy het so baie om aan uiting te gee."

Die navorser het aan die hand van die empiriese data tot die gevolgtrekking gekom dat die oorsake van hierdie emosionele probleme uniek is tot elke kind. Dit wil blyk asof moontlike oorsake dikwels huislike omstandighede en probleme geassosieër met ouers, insluit. Egskeiding, onbetrokke en afwesige ouers en swak sosio-ekonomiese omstandighede gee aanleiding tot gevoelens van woede, frustrasie, hartseer en magteloosheid. Die navorser dui aan dat kinders hierdie gevoelens onderdruk, omdat hulle bang is om hul ware gevoelens te wys of nie in staat is om hul gevoelens op toepaslike wyses uit te druk nie. Die onderdrukking van emosies lei daartoe dat kinders emosioneel geblokkeer word en dit dus voorkom asof hul geen emosie toon nie.

Vanuit die empiriese data wil dit voorkom asof die voorkoms van emosionele probleme die kinders se akademiese prestasie en gedrag in die klas negatief beïnvloed. Jordaan (2003) is van mening dat 'n kind wat emosionele probleme het, se werk daaronder lei. Die navorser maak die gevolgtrekking dat die oorsaak vir die kind se emosionele probleme dikwels so sentraal in sy lewe staan, dat hy op niks anders kan konsentreer nie. Die navorser kom tot die insig dat 'n kind se konsentrasie-vermoë sodoende negatief beïnvloed word.

4.2.1.5 Konsentrasie-probleme

Uit die empiriese data blyk dit pertinent dat onderwysers saamstem dat probleme verbandhoudend met 'n gebrek aan konsentrasie in feitlik al die klasse voorkom. Die probleme wat die algemeenste in dié verband voorkom, sluit die volgende in:

- Swak konsentrasie-vermoë en 'n kort aandagspan.
- Hiperaktiwiteit, ADHD en ADD
- Gebruik van medikasie: Ritalin

Die empiriese data het aangetoon dat onderwysers binne klasverband probleme ondervind met kinders wat oor 'n swak konsentrasie-vermoë beskik. Hulle kan nie vir lank op 'n spesifieke taak of onderwerp fokus nie. Volgens Bester (2000:22) lei hierdie kinders aan 'n aandagafleibaarheidsversteuring (ADD), maar word 'n groot getal van hulle nooit gediagnoseer nie, omdat hiperaktiwiteit nie aanwesig is nie. Die navorser kom tot die insig dat sulke kinders dikwels vir die onderwysers as lui voorkom. Instruksies word nie uitgevoer nie en werk nie voltooi nie, omdat hul aandag op 'n ander plek was toe die instruksies gegee is of dat hul aandag tydens die doen van die taak afgelei is. Die navorser dui op die negatiewe invloed wat aandagafleibaarheid op die kind se akademiese prestasie het en is van mening dat dit belangrik is dat onderwysers daarvan bewus moet wees en nie die kind as dom of lui moet etiketteer nie. (Vergelyk 2.5.2)

Vanuit die empiriese data blyk hiperaktiwiteit 'n probleem te wees wat nie net die funksionering van die kind wat sulke gedrag openbaar negatief beïnvloed nie, maar ook die funksionering van die klas versteur. Bester (2000:116) dui aan dat hiperaktiwiteit by 9,4% seuns en 2,9% meisies tussen die ouderdomme ses en elf jaar, dus die middel-kinderjare, voorkom. Onderwysers het aangedui dat sommige kinders nie kan stilsit of stilbly nie, gedurig in die klas rondloop en hardloop en heeltyd vroetel. Volgens Bester (2000:21) is hierdie gedrag kenmerkend van hiperaktiwiteit. Indien beide hiperaktiwiteit en aandagafleibaarheid voorkom, word ADHD gediagnoseer (Bester, 2000:21). Die navorser dui aan dat hierdie "groep" kinders baie steuring veroorsaak. Nie net word hul skoolwerk deur hul gedrag negatief beïnvloed nie, maar ook hul gedrag by die skool en huis is problematies. Die navorser dui daarop dat daar ongelukkig in baie van die gevalle op die simptome gefokus word, eerder as wat die oorsake behandel word.

Uit die empiriese data kan afgelei word dat baie kinders medikasie gebruik, ten einde te poog om hul aktiwiteitsvlak te normaliseer. Ritalin word voorgeskryf. Een onderwyser merk die invloed van Ritalin soos volg op: “Toe maak hy niks klaar nie, hy skryf niks nie, hy doen niks nie, hy sit net daarso en hy bou goetertjies met sy uitveërs en potlode, hy kom nie skool toe nie, hierdie kant en daardie kant toe. En nou het hy hierdie Ritalin gekry – werk is klaar, mooi netjies reg, oulik. Ons gaan aan.” Bester (2000:122) dui op die positiewe effek van Ritalin en is van mening dat daar omtrent dadelik nadat die pil gedrink is, ‘n waarneembare verandering in die kind se gedrag plaasvind. (Vergelyk 2.5.2) Die navorser is van mening dat die verandering meer by ADHD as by ADD waarneembaar is, deurdat daar by eersgenoemde ‘n duidelike afname in hiperaktiwiteit waargeneem kan word.

Deur die empiriese data is daar aangetoon dat alhoewel onderwysers van mening is dat Ritalin die gedrag van die kind normaliseer, daar van hulle is wat nie heeltemal ten gunste daarvan is nie. Volgens Bester (2000:127) is Ritalin nie verslawend nie, maar kan dit misbruik word omdat ‘n hoë dosis ‘n duidelike euforiese effek tot gevolg het. Die navorser stem met die skrywer saam en is van mening dat ouers soms uit desperaatheid Ritalin kan misbruik ten einde die kind net “rustiger” te kry.

4.2.1.6 Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede wat ‘n invloed op die kind se gedrag binne klasverband het

Die empiriese data het aangedui dat ‘n groot aantal kinders probleme binne klasverband openbaar wat verband hou met die gedrag van hul ouers en hul huislike omstandighede of wat die gevolg daarvan is. Ouers en huislike omstandighede se invloed op ‘n kind se gedrag en die rol wat dit by sy sosiale ontwikkeling speel, het ook duidelik vanuit die literatuur geblyk. (Vergelyk 2.2.5) Louw *et al.* (1998:354) is van mening dat ‘n kind se gesin tydens die middelkinderjare belangrike rolspelers by sy sosiale ontwikkeling is. Probleme wat uit die empiriese data geïdentifiseer is, kan hoofsaaklik in vier onderafdelings verdeel word. Dit sluit in:

- Probleme verbandhoudend met die aard van ouers se huweliksverhouding, huweliksstatus en verhouding met ‘n derde party.

- Eienskappe van ouers wat problematies is.
- Verwaarlosing en mishandeling.
- Sosio-ekonomiese omstandighede.

4.2.1.6.1 Probleme verbandhoudend met die aard van ouers se huweliksverhouding, huweliksstatus en verhouding met 'n derde party

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat die aard van ouers se huweliksverhouding, huweliksstatus en verhouding met 'n derde party 'n kardinale invloed op 'n kind se gedrag wat hy binne klasverband openbaar, het. Dit het ook duidelik uit die literatuur geblyk. Oaklander (1988:251) kom tot die insig dat kinders geweldig sensitief is vir die gespanne verhouding tussen ouers wat huweliksprobleme het. (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:359.) Dit wil uit die empiriese data blyk asof die onderwysers in die meerderheid van die gevalle van die aard van 'n kind se huislike omstandighede bewus is, maar nie altyd met die volle besonderhede bekend is nie. 'n Onderwyser sal byvoorbeeld daarvan kennis neem dat 'n kind se ouers geskei is of dat die kind van 'n enkelouergesin deel is, maar nie oor kennis aangaande die werklike aard van die omstandighede waarin die kind grootword, beskik nie. Die navorser voeg by dat kinders dikwels probleme binne klasverband kan openbaar wat met hul omstandighede by die huis verbandhou, maar dat onderwysers uit onkunde nie altyd daarvan bewus is nie en die kind verkeerd hanteer.

Die empiriese data het aangetoon dat egskedding 'n geweldige effek op 'n kind het. Een onderwyser merk in hierdie verband op: "...maar 'n kindjie wat deur egskedding is, verloor sy sprankel. Hy't soveel seer gekry." Volgens Thompson & Rudolph (2000:441) beïnvloed die egskedding van ouers 'n kind se lewe en verhoudings op 'n sosiale, ekonomiese, sielkundige en selfs wetlike vlak. Die navorser is van mening dat kinders hul gevoelens sal onderdruk, omdat hulle nie nog pyn vir hulle ouers wil veroorsaak nie. Uit vrees vir stigmatisering, praat kinders ook weinig oor die egskedding van hulle ouers. Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof kinders in die middelkinderjare selfs deur hul maats gespot word indien hul ouers skei of reeds geskei is. Dit dra daartoe by dat kinders nie hul gevoelens verbaliseer nie. Dit het tot gevolg dat die kind sy gevoelens op 'n ander manier uitdruk en selfs gedragsprobleme kan openbaar, ten einde van gevoelens van woede, hartseer, skaamte en magteloosheid wat met egskedding gepaardgaan, ontslae te raak. (Vergelyk 2.5.4)

Die empiriese data het aangedui dat kinders wat van enkelouergesinne deel is, ook dikwels gedragsprobleme openbaar. Hulle sal onder andere hulle verlange na die afwesige ouer en hul magteloosheid om iets aan die situasie te doen, deur middel van woede-uitbarstings of die weiering om huiswerk te doen, uitdruk. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:449.) Die navorser voeg by dat indien kinders in situasies kom waarin hul geen beheer het nie en hul magteloos voel om die situasie te verander, hul dikwels op ander wyses poog om beheer uit te oefen, byvoorbeeld deur die openbaar van aggressiewe gedrag. (Vergelyk 2.5.4)

Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof verskeie kinders se ouers in verhouding met iemand anders as hul ma of pa is. In sommige van die gevalle word die kinders selfs blootgestel aan 'n ouer wat in 'n homoseksuele verhouding is. Ook hierdie kinders openbaar gedragsprobleme wat aggressiewe gedrag, onttrekkende gedrag en rebelsheid insluit. Die navorser maak die afleiding dat hierdie kinders nie net 'n intense verlange na die afwesige ouer ervaar nie, maar ook konflikterende gevoelens teenoor die ouer wat in verhouding met 'n derde party is, koester. Indien 'n kind konflikterende gevoelens ervaar, word daar binne speltherapie daarna as die bestaan van polariteit verwys. So 'n kind kan woede teenoor die ouer ervaar omdat hy/sy met iemand anders as sy ma of pa in 'n verhouding is en hom/haar ook kwalik neem vir die pyn wat die ander ouer ervaar. Te midde van hierdie negatiewe gevoelens, is die kind steeds lief vir die ouer omdat hy/sy sy pa/ma bly. Volgens Thompson & Rudolph (2000:166) kan die konflikterende gevoelens wat so 'n kind ervaar, as 'n tipe emosionele polariteit gesien word, naamlik liefde-haat. Die navorser maak die gevolgtrekking dat kinders in die middelkinderjare nie oor die kognitiewe en emosionele ontwikkeling beskik om hierdie gevoelens te hanteer nie en druk dit dan dikwels op ontoepaslike wyses uit. Vandaar die voorkoms van gedragsprobleme in die klas.

4.2.1.6.2 Eienskappe van ouers wat problematies is

Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof sekere kenmerke van ouers problematies vir kinders is. Empiriese data het aangedui dat onderwysers saamstem dat probleemkinders dikwels die gevolg van probleemouers is. Dit word weerspieël in een van die onderwysers se woorde: “Maar daar is nie 'n probleemkind nie, dis probleemouers.” 'n Ander onder-

wyser is soos volg van mening oor die probleme wat kinders binne klasverband openbaar: “Dit kom uit die huis uit, van die huis af.” Louw *et al.* (1998:355) meld die ingrypende invloed wat ouers se persoonlikheid op ‘n kind se sosialisering en dus die gedrag van ‘n kind het.

Dit blyk uit empiriese data dat onbetrokke en afwesige ouers ‘n negatiewe invloed op die kind in die middelkinderjare se gedrag wat hy binne klasverband openbaar, het. Empiriese data het aangetoon dat sulke kinders se huiswerk dikwels onvoltooid is en dat hulle op akademiese gebied swak vaar. Die navorser skryf dit toe aan die feit dat die onbetrokke ouer weinig sy kind met huiswerk help of aanmoedig om op akademiese gebied te presteer. Vanuit empiriese data blyk dit ook dat sommige kinders min of geen ondersteuning van hul ouers ontvang en in die middag aan hul self oorgelaat is. Louw *et al.* (1998:355) is van mening dat kinders in die middelkinderjare afhanklik van hulle ouers se ondersteuning en liefde is. Volgens die navorser openbaar kinders wat in huise grootword waar ouerliefde en –onder-steuning ontbreek, dikwels gedragsprobleme binne klasverband toon, wat as ‘n noodkreet om hulp en ondersteuning dien. Die navorser dui hier op die rol van die onderwyser as ontsluiters van moontlikhede en waker oor die kind se welsyn (Vergelyk 2.3.2 en 2.3.8).

Die empiriese data toon ook aan dat oorbeskermdes ouers vir kinders dikwels probleme kan veroorsaak. Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof moedergebonden-gedrag die gevolg van ‘n oorbeskermdes ma is. Gevolge van hierdie tipe gedrag sluit vertraagde intellektuele ontwikkeling, swak akademiese vordering en swak kommunikasie-vaardighede en die onvermoë om vriende te maak in. Een onderwyser merk in hierdie verband op: “Die ma doen alles vir die kind...Sy ontnem hom van alles wat hy self moet ontdek. Hy maak nou nog nie sy eie veters vas nie, hy kan nie spel nie.” Die navorser maak die vierde stadium van Erikson se ontwikkelings-teorie naamlik arbeidsaamheid teenoor minderwaardigheid (sintese:bekwaamheid) hier van toepassing en dui op die belangrikheid daarvan dat kinders in hul middelkinderjare self hul wêreld moet ontdek. Volgens Meyer & Van Ede (in Louw *et al.*, 1998:55) is kinders tydens hierdie stadium ingestel om sekere vaardighede te bemeester en is dit belangrik om die kind geleentheid daartoe te gee, om sodoende minderwaardigheidsgevoelens te voorkom. Die navorser is van mening dat suksesvolle bemeestering van die vereiste vaardighede tot die sintese van bekwaamheid lei. Volgens die navorser is sommige ouers onder die verkeerde indruk dat

hul hul kinders help deur om alles vir hulle te doen, maar die realiteit is dat hulle sodoende die ontwikkeling en bemeestering van sekere vaardighede wat vir volwasse lewe nodig is, strem en tot die ontwikkeling van minderwaardigheidsgevoelens by hul kinders bydra.

Uit die empiriese data het die negatiewe invloed van ouers se wangedrag waaraan kinders blootgestel word, duidelik geblyk. Die empiriese data het aangedui dat kinders wat aggressiewe gedrag in die klas toon, dikwels by die huis daaraan blootgestel word. Hierdie bevinding is ook deur literatuur ondersteun. (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:355.) Een onderwyser verduidelik die oorsaak van 'n kind se aggressiewe gedrag soos volg: “Hy kom uit 'n huis waar hy dit heelyd sien.” Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat kinders in die middelkinderjare hul ouers as rolmodelle gebruik en maklik hul gedrag aanleer. So sal 'n kind byvoorbeeld leer om enige situasie op 'n aggressiewe wyse op te los of te hanteer omdat hul ouers dit so doen. (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:355.)

Die empiriese data dui ook aan dat sommige kinders aan hul ouers se misbruik van drank en dwelms blootgestel word. Al is die kinders in hul middelkinderjare volgens die navorser nog te jonk om sulke gedrag na te boots, neem hulle dit waar en kan hul dit op 'n latere stadium openbaar. Wat egter by die kind in die middelkinderjare van toepassing is, is die skaamte en vernedering wat met hul ouers se misbruik van drank en dwelms gepaard gaan. Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof sulke kinders dikwels bespotting deur klasmaats ervaar en ook min vriende het. Die navorser maak die gevolgtrekking dat dit daartoe bydra dat kinders hulself binne klasverband onttrek en skaam voorkom. Volgens die navorser ervaar sulke kinders dikwels intense gevoelens van hartseer, woede en skaamte wat hulle onderdruk, maar wel deur die openbaar van gedragsprobleme tot uitdrukking bring. Volgens die empiriese data sluit hierdie gedragsprobleme onder andere die afknou van klasmaats en die weiering om te praat, in.

4.2.1.6.3 Verwaarlosing en mishandeling

Die empiriese data toon aan dat sommige onderwysers kinders in hul klasse het wat verwaarloos en mishandel word. Wat fisiese verwaarlosing aan betref, kom sommige kinders vuil voor en is dit duidelik dat hul nie versorg word nie. Vanuit die empiriese data het die verband tussen swak sosio-ekonomiese omstandighede en die fisiese verwaarlosing van kinders, duidelik geblyk. (Vergelyk 2.5.4 en 2.5.8) Die empiriese data toon dat

onderwysers van mening is dat alhoewel daar soms vermoed word dat 'n kind fisies mishandel word, hul nie altyd oor die bewyse besit om dit te bevestig nie. Dit het uit die empiriese data geblyk dat kinders wat fisies mishandel word, dikwels gedragsprobleme toon wat onder andere angstigheid en depressie insluit. Dit is ook in literatuur bevestig. Thompson en Rudolph (2000:436) dui aan dat fisies mishandelde kinders 'n oorweldigende stel probleme in die skool openbaar en dat hulle geneig is om meer as ander kinders gedragsprobleme binne die klaskamer te toon. Akademiese mislukking word ook nouliks met mishandelde kinders geassosieër (Thompson & Rudolph, 2000:437). Hierdie feit het ook uit die empiriese data duidelik geblyk. Die navorser maak die afleiding dat mishandelde kinders intense gevoelens en ervarings moet onderdruk en dit dra daartoe by dat hul nie op hul skoolwerk kan fokus nie.

Uit die empiriese data wil dit blyk asof emosionele verwaarloosing en –mishandeling minder algemeen is. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat emosionele verwaarloosing en –mishandeling weining deur onderwysers geïdentifiseer word omdat die tekens wat daarop dui minder sigbaar is as by fisiese verwaarloosing en –mishandeling of misgeïnterpreteer word. Emosioneel-verwaarloosde kinders ontvang geen of min liefde en ondersteuning by die huis, terwyl kinders deur verkleinerende aanmerkings, dreigemente en verbale uitbarstings emosioneel mishandel word (Thompson & Rudolph, 2000:436). (Vergelyk 2.5.3) Mishandelde kinders openbaar emosionele en/of gedragsprobleme wat hul 'n uitdaging maak om in die klas te hanteer. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:436.) Die navorser dui aan uit ervaring dat kinders wat emosioneel verwaarloos en –mishandel word, dikwels teruggetrokke en depressief voorkom. Soos dit uit die empiriese data blyk, is onderwysers dikwels nie daarvan bewus dat emosionele verwaarloosing en/of mishandeling die oorsaak van 'n kind se gevoelens en gedragsprobleme is nie.

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers weinig bewus is van seksuele mishandeling. Die sensitiwiteit van die saak en die stigma wat daarmee gepaard gaan, kan as rede waarom ouers dit nie aan onderwysers deurgee nie, aangevoer word. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat in sommige gevalle selfs die ouers nie daarvan bewus is dat hul kind seksueel mishandel word nie. Dit het ook uit die empiriese data geblyk dat die bewyse van seksuele mishandeling nie aan die onderwysers sigbaar is nie en dus is dit vir hulle uiters moeilik om dit as oorsaak van 'n kind se emosionele en/of gedragsprobleme te identifiseer. (Vergelyk 2.5.3)

4.2.1.6.4 Sosio-ekonomiese omstandighede

Die empiriese data het duidelik aangetoon dat die sosio-ekonomiese omstandighede waarin kinders grootword, 'n pertinente invloed op die gedrag wat hul binne klasverband openbaar, het. Die omgewing waarin 'n kind grootword, bepaal grootliks die gedrag wat hy aanleer (Louw *et al.*, 1998:228). Uit die empiriese data het dit geblyk dat onderwysers wat met kinders vanuit 'n minderbevoorregte omgewing werk, van mening is dat die kinders op 'n vroeë ouderdom aan dwelms en bendes blootgestel word. Dit het tot gevolg dat kinders reeds op 'n vroeë ouderdom oor byvoorbeeld dwelms kennis dra en op al hoe jonger ouderdomme by bendes betrokke raak.

Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof kinders wat uit finansieel-behoefrige huise kom, dikwels oor 'n lae selfbeeld beskik en minder vriende as ander kinders het. Volgens die navorser kan laasgenoemde toegeskryf word aan die feit dat behoefrige kinders hul dikwels onttrek weens skaamte oor hul situasie en nie met die ander kinders meng nie. Die navorser kom ook tot die insig dat behoefrige kinders dikwels gevoelens van woede en magteloosheid oor sy gesin se situasie uitdruk deur gedragsprobleme te openbaar. Die navorser maak Erikson se ontwikkelingsteorie van toepassing en dui aan dat kinders in die middelkinderjare se hoofsaak is om vaardighede, wat vir die volwasse lewe nodig is, te bemeester en die ontwikkeling van minderwaardigheidsgevoelens teen te werk. Die navorser maak die gevolgtrekking dat kinders uit behoefrige huise minderwaardigheidsgevoelens as gevolg van hul huislike omstandighede kan ontwikkel. Die empiriese data toon ook aan dat die ouers van behoefrige kinders dikwels onbetrokke of afwesig is. Die navorser dui aan dat sommige ouers se werk lang werksure vereis en dat hul nie oor die finansies beskik om hul kinders in 'n nasorgskool te sit nie. Vandaar dat sommige behoefrige kinders aan hulself oorgelaat is.

Alhoewel die belangrikheid van finansies duidelik uit die empiriese data blyk, het een onderwyser soos volg opgemerk: "As 'n kind net omgee, geborgenheid ervaar of jy nou skatryk is of jy nou brandarm is, verstaan jy, dis wat 'n kind soek." Die navorser stem heelhartig hiermee saam. (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:228.)

4.2.1.7 Ander algemene probleme

Die empiriese data het aangedui dat onderwysers ander probleme, wat nie onder een van die bogenoemde subtemas resulteer nie, ondervind. Vervolgens gaan hierdie probleme kortliks bespreek word.

4.2.1.7.1 Konfrontasie met die dood

Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof 'n groot aantal kinders teen hul middelkinderjare reeds met die dood gekonfronteer is, veral deur die verlies van 'n ouer. Dit wil blyk asof hierdie kinders dikwels 'n oormatige angstigheid en vrees toon dat die lewende ouer ook sal doodgaan. Die navorser maak die gevolgtrekking dat 'n ouer as 'n anker in 'n kind se lewe dien en dat 'n kind in sy middelkinderjare steeds baie afhanklik van sy ouers is. Die navorser dui daarop dat kinders wat met die dood gekonfronteer word intense gevoelens van verlies ervaar en dat hul dikwels depressief kan voorkom. Volgens die navorser beskik kinders in die middelkinderjare nie oor die nodige kognitiewe en emosionele ontwikkeling om die dood van 'n belangrike persoon in sy lewe te hanteer nie. Indien 'n kind nie deur terapie daardeur werk nie, kan dit aanleiding tot erge gedrags- en/of emosionele probleme gee.

Thompson & Rudolph (2000:452) is van mening dat kinders deur dieselfde stappe van die rouproses, soos deur Kübler-Ross beskryf, vorder. Reaksies mag insluit:

- 1) Skok, ontkenning en ongelooft.
- 2) 'n Duidelike tekort aan gevoel.
- 3) Fisiologiese veranderinge soos moegheid, verlies van eetlus en hoofpyn.
- 4) Regressie.
- 5) Uitbarstende emosies, "acting out" gedrag, skuldgevoel, selfblaam en ander sterk emosies.

Die navorser dui daarop dat kinders bogenoemde gedrag in die klas sal openbaar en dat die onderwyser daarvan bewus moet wees dat die kind deur 'n rouproses vorder en die kind in hierdie proses moet ondersteun.

4.2.1.7.2 Swak selfbeeld

Die empiriese data toon aan dat 'n swak selfbeeld by kinders dikwels binne klasverband voorkom en dat dit problematies vir die kind blyk te wees. Oaklander (1988:281, 282) is van mening dat algemene tekens van 'n swak selfbeeld, onder andere klaerigheid, behoefte om te wen, perfeksionisme, oormatige spoggerij, weggee van lekkers, geld en speelgoed, toon van verskeie aandagtrekkende gedrag, selfkritiese gedrag en teruggetrokkenheid insluit. Die navorser voeg uit ervaring by dat kinders met 'n swak selfbeeld gewoonlik stil en skaam voorkom, dikwels oogkontak vermy en oor swak kommunikasievaardighede beskik. Literatuur het hierdie mening van die navorser ondersteun. (Vergelyk 2.2.5) Vanuit die empiriese data wil dit blyk asof 'n verskeidenheid faktore tot die ontwikkeling van 'n swak selfbeeld bydra. Volgens die empiriese data sluit dit swak akademiese prestasie en finansiële-behoefte in. Dit het ook uit die literatuur geblyk. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:153.) Die navorser voeg by dat kinders wat om een of ander rede "anders" as die res van sy klasmaats voel, 'n swak selfbeeld kan ontwikkel. Hulle ontwikkel dus volgens Erikson se ontwikkelingsteorie, minderwaardigheidsgevoelens. (Vergelyk 2.2.4 en 2.2.5)

4.2.1.7.3 Steel

Dit blyk uit die empiriese data dat sommige kinders hul skuldig maak aan die steel van hul klasmaats se besittings. Uit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers daarvan bewus is dat kinders steel omdat hul finansiële behoefte is, maar dat dit steeds nie 'n verskoning vir hulle gedrag is nie. Dit wil ook blyk dat kinders wat steel normaalweg stil en teruggetrokke is en nie maats het nie. Literatuur ondersteun hierdie bevinding. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:532.)

4.2.1.7.4 Kognitiewe probleme

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat verskeie kinders kognitiewe probleme openbaar, maar dat hul steeds weens die afwesigheid van spesiale klasse in hoofstroom-skole saam met ander kinders in 'n klas geakkomodeer moet word. Hierdie bevinding is ook tydens die doen van die literatuurstudie gemaak en Jordaan (2003) meld die verhoging van druk op die onderwyser wat dit tot gevolg het. (Vergelyk 2.5.7) Die empiriese

data toon dat sommige kinders oor 'n lae intellektuele vermoë beskik, vertraagde kognitiewe groei toon en stadiger as die res van hul klasmaats vorder.

Die navorser is van mening dat kinders wat kognitiewe probleme openbaar meer tyd en aandag van die onderwyser verg ten einde hul in staat te stel om optimaal op 'n kognitiewe vlak te funksioneer. Dit is egter vir die onderwyser onmoontlik om aan al die kinders individuele aandag te skenk, deurdat hy gemiddeld meer as vyf-en-dertig ander kinders in sy klas het wat ook sy aandag verg. Die navorser dui op die wrede siklus wat ontstaan, naamlik dat kinders wat kognitiewe probleme toon, soos die jaar vorder werksgewys nog net meer agter raak.

Wat die situasie volgens die navorser meer kompleks maak, is dat sommige kinders dikwels weens ander probleme, byvoorbeeld die egskeiding van sy ouers, probleme ondervind om kognitief te ontwikkel. (Vergelyk Louw *et al.*, 1998:297.)

Literatuur meld die noodsaaklikheid van kognitiewe ontwikkeling tydens die middelkinderjare. Die bemeestering van verskeie kognitiewe vaardighede en die uitbreiding van kennis is ook twee van die ontwikkelingstake van 'n kind in sy middelkinderjare (Louw *et al.*, 1998:326). Die navorser maak die rol van die onderwyser as kennisoordraer hier van toepassing en voeg by dat dit van kardinale belang is dat onderwysers kognitiewe probleme by kinders moet identifiseer en dit na 'n persoon met gespesialiseerde kennis en vaardighede sal verwys. (Vergelyk 2.2.2 en 2.4.1)

4.2.2 Hooftema 2: Onderwysers se menings ten opsigte van die wyses waarop hulle probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer

Tabel 4.2 Hooftema 2 en subtemas en kategorieë soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer

HOOFTEMA	SUBTEMAS	KATEGORIEë
2. Onderwysers se menings ten opsigte van die wyses waarop hulle probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer	1. Algemene opmerkings	<ul style="list-style-type: none"> • Afskaffing van lyfstraf • Hanteringswyses uniek tot kind
	2. Wyses van probleemhantering	<ul style="list-style-type: none"> • Positiewe en negatiewe versterking • Straf • Verdeling van klas in groepe • Kontak van ouers • Multi-professionele ondersteuning

Die tweede hooftema (vergelyk Tabel 4.2) wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is, is onderwysers se menings ten opsigte van die wyses waarop hulle probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer. Hierdie menings is in die volgende subtemas onderverdeel, naamlik algemene opmerkings en wyses van probleemhantering. Hierdie subtemas en hulle onderskeie kategorieë sal vervolgens bespreek word.

4.2.1.7 Algemene opmerkings

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers rondom die hantering van probleme wat binne klasverband voorkom, oor sekere aspekte saamstem. Die empiriese data het aangedui dat die meerderheid van die onderwysers van mening is dat met die wegneem van lyfstraf, dit al hoe moeiliker word om kinders te dissiplineer en dat dit in die meeste gevalle as 'n goeie afskrikmiddel gedien het. Dit het ook duidelik vanuit die doen van die literatuurstudie geblyk. (Vergelyk 2.5.3 en 2.5.6) Een van die onderwysers het in hierdie verband opgemerk: "Maar weet jy baie keer het 'n pak slae gehelp vir van die probleme". Die onderwysers is van mening dat alhoewel hulle nooit 'n kind hard geslaan het nie, 'n raps op die boud vir kinders in graad een tot vier gewerk het. Een onderwyser voeg by: "Ons sê nou 'n pak slae, maar jy't nooit 'n pak slae gegee nie, jy't 'n hou of twee gegee." 'n Ander onderwyser is van mening: "Ek het nog nooit 'n kind 'n pak slae gegee nie. Jy gee een of twee houes, dan skrik hy hom so buite-weste, dan is hy reg." Die navorser kom tot die insig dat lyfstraf nie vir die hantering van alle probleme effektief was nie en dat dit op sommige kinders 'n negatiewe invloed gehad het, wat bygedra het tot die verergering van hul probleme.

Uit die empiriese data is afgelei dat onderwysers daarvan bewus is dat kinders wat dieselfde probleme toon, dikwels op verskillende maniere hanteer moet word. Soos een onderwyser opmerk: "Dit hang af van kind tot kind." Die navorser voeg by dat sekere faktore 'n rol speel by hoe 'n kind op die onderwyser se poging om sy probleemgedrag te hanteer, sal reageer. Dit sluit onder andere 'n kind se persoonlikheid in. So byvoorbeeld sal 'n teruggetrokke kind nog net meer teruggetrokke word indien die onderwyser, voor die res van sy klasmaats, met hom raas.

Uit die empiriese data het die navorser tot die insig gekom dat onderwysers in die meerderheid van die gevalle poog om die simptome van die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, te hanteer omdat hulle nie kennis oor die aard en oorsake van die probleme dra nie. Sodoende word die probleem nie opgelos nie, maar slegs die simptome verlig.

4.2.2.2 Wyses van probleemhantering

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers min of meer op dieselfde wyses die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer. Sommige van hierdie hanteringswyses is meer effektief by die hantering van sekere probleme as by ander. Die mees algemene hanteringswyses wat die empiriese data aangetoon het, kan in die volgende kategorieë onderverdeel word.

4.2.2.2.1 Positiewe en negatiewe versterking

Die empiriese data het aangedui dat onderwysers dikwels van positiewe en negatiewe versterking gebruik maak, soos wat Skinner dit in sy teorie oor operante kondisionering beskryf het (Thompson & Rudolph, 2000:218). Die navorser dui aan dat Skinner van mening was dat mense hul gedrag volgens die verwagte gevolge kies. Uit die empiriese data blyk dit duidelik dat onderwysers dikwels kinders se gewensde gedrag met 'n belonende stimulus, onder andere die gee van prysing, 'n drukkie en voorregte (bekend as positiewe versterking) versterk. Dit wil ook uit die empiriese data blyk asof onderwysers in sekere gevalle van negatiewe versterking gebruik maak, waar die vrees vir die gevolge, kinders weerhou om hul probleemgedrag te toon of te herhaal. Sommige van die onderwysers is van mening dat hul van 'n puntestelsel gebruik maak waarvolgens kinders punte vir goeie gedrag kry en punte vir swak gedrag afgetrek word. Aan die einde van die kwartaal word die kinders byvoorbeeld deur die gee van lekkers, volgens die hoeveelheid punte wat hulle het, beloon.

Die navorser kom tot die insig dat bogenoemde effektief by die hantering van ongehoorsaamheid by kinders is en die onderwyser in staat stel om 'n groot klas te hanteer. Volgens die navorser is dit in hierdie opsig ook belangrik om die kind daarvan bewus te maak dat hy beheer oor sy gedrag het en dus self kan bepaal watter gevolge sy gedrag vir hom sal inhou. Die navorser dui ook op die belangrikheid daarvan dat onderwysers aan die begin van die jaar die gevolge van die manifestering van sekere gedrag aan kinders moet duidelik maak.

Volgens die navorser hou die benutting van positiewe en negatiewe versterking verband met die rol van die onderwyser as uitoefenaar van beheer en dra dit tydens die middelkinderjare by tot die morele ontwikkeling van 'n kind. (Vergelyk 2.2.6 en 2.3.7).

4.2.2.2 Straf

Vanuit die empiriese data is daar afgelei dat onderwysers in sommige gevalle van straf gebruik maak. Onderwysers straf sekere gedrag deur om aan kinders 'n onaangename stimuli toe te dien, byvoorbeeld uitskryfwerk, of ekstra huiswerk te gee of om 'n swart kol aan die kind toe te ken. In laasgenoemde geval moet die kind sy gedrag probeer verbeter ten einde die swart kol te laat verwyder. Dit het ook duidelik uit die empiriese data geblyk dat onderwysers ook kinders straf deur om aangename goed te verwyder, byvoorbeeld die wegneem van voorregte en inbly tydens pouses. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:218 en Thomas, 2000:184.) Die navorser maak die gevolgtrekking dat 'n kind van die rede vir die straf bewus moet wees en dat die straf verband moet hou met die graad van die probleemgedrag wat die kind geopenbaar het.

Volgens die navorser is die belangrike rol wat straf, oftewel negatiewe gevolge, by die morele ontwikkeling van die kind in sy middelkinderjare speel, ook in die literatuur gevind. (Vergelyk 2.2.6, 2.3.7 en 2.4.7)

4.2.2.2.3 Verdeling van klas in groepe

Die empiriese data het aangedui dat die meerderheid van onderwysers die kinders in hul klasse in groepe verdeel. Indien 'n kind wangedrag toon word daar punte van die groep afgetrek en hy uit die groep gehaal en apart van die groep gesit. Dit blyk 'n effektiewe wyse van probleemhantering te wees deurdat die res van die groep vir die kind kwaad raak. 'n Kind wil nie in onguns by sy maats wees nie en dit keer hom om stout te wees. Hierdie feit het ook uit die literatuur geblyk. (Vergelyk 2.2.5) Die navorser stem met die onderwysers saam, deurdat sy van mening is dat hierdie 'n goeie wyse van probleemhantering is, deurdat kinders besef dat hulle gedrag nie net vir hulle nie, maar ook vir die res van die groep, negatiewe gevolge kan inhou.

4.2.2.2.4 Kontak ouers

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers in sommige gevalle die ouers van die kind kontak en 'n samekoms met hulle reël, waartydens die onderwyser die ouers oor die kind se probleemgedrag inlig. Dit blyk 'n hanteringswyse te wees, deurdat ouers en die onderwyser dan kan saamwerk om die probleemgedrag aan te spreek. Die navorser voeg by dat die onderwyser deur om met die ouers te praat, ook meer inligting aangaande die oorsaak van die probleem kan inwin, veral as huislike omstandighede die probleemgedrag veroorsaak en in stand hou.

4.2.2.2.5 Multi-professionele samewerking

Die empiriese data het aangedui dat multi-professionele samewerking in 'n mindere mate plaasvind. Dit het ook tydens die doen van die literatuurstudie duidelik geblyk. (Vergelyk Jordaan, 2003.) By een skool werk daar 'n arbeidsterapeut, na wie onderwysers, bloot uit desperaatheid, selfs kinders met probleme wat nie in haar veld val nie, verwys. Die onderwysers verwys nie net kinders na haar nie, maar vra haar ook om binne klasverband die kinders te kom waarneem. Een onderwyser het in hierdie verband opgemerk: "Wat vir my so hartseer is, in die ouer dae waar die familie meer gebonde was en gehegtheid van familie beter was, waar ma nie gewerk het nie – sielkundiges was toe by elke skool. Deesdae, met gebroke huise met probleemkinders, het jy niks."

Die navorser dui daarop dat die aanwesigheid van multi-professionele samewerking, nie net die probleemgedrag van kinders effektief sal aanspreek nie, maar ook die las van onderwysers sal verlig. So byvoorbeeld sal 'n onderwyser kinders wat gedrags- en/of emosionele probleme toon, vir terapie by 'n spelterapeut kan verwys, indien die skool die dienste van so 'n persoon tot sy beskikking het. (Vergelyk 2.4.4)

4.2.3 Hooftema 3: Onderwysers se persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is

Tabel 4.3 Hooftema 3 en subtemas en kategorieë soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer

HOOFTEMA	SUBTEMAS	KATEGORIEë
3. Onderwysers se persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is	1. Probleemgedrag	<ul style="list-style-type: none"> • Weiering om te praat • Duld van geen aanraking • ADHD, ADD en verbandhoudende gedrag • Aggressiewe gedrag
	2. Emosionele probleme	<ul style="list-style-type: none"> • Onderwysers se gebrek aan die nodige kennis en vaardighede by die bepaling van die oorsake • Emosionele mishandeling en -verwaarlosing
	3. Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede	<ul style="list-style-type: none"> • Onderwysers se ervaring van magteloosheid • Onderwysers se gebrek aan die nodige kennis en vaardighede by die bepaling van die oorsake

		<ul style="list-style-type: none"> • Kinders skaam om oor huislike omstandighede te praat • Ouers se weerhouding van samewerking
--	--	--

Die derde hoofteema (vergelyk Tabel 4.3) wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is, handel oor onderwysers se persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is. Drie subtemas is onder hierdie hoofteema geïdentifiseer en behels gedragsprobleme, emosionele probleme en probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede. Hierdie subtemas en hulle onderskeie kategorieë sal vervolgens bespreek word.

4.2.3.1 Probleemgedrag

Dit blyk vanuit die empiriese data dat onderwysers van mening is dat die hantering van meestal al die probleme wat onder 4.1.1.1, 4.2.1.2 en 4.2.1.3 bespreek is, vir hulle problematies is. Die mees algemene gedragsprobleme wat kinders binne klasverband toon, waarvan die hantering vir onderwysers problematies is en wat vanuit die data navore gekom het, behels die volgende:

4.2.3.1.1 Weiering om te praat

Uit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat die meerderheid van onderwysers probleme ondervind by die hantering van kinders wat weier om met hulle of sy klasmaats te praat. Dit het ook uit die literatuur geblyk. Dit wil blyk asof sommige kinders hulle “afsnay” van die realiteit en nie reageer wanneer daar met hulle gepraat word nie. Sommige onderwysers het na hierdie gedrag as “stilstuipie” verwys. Onderwysers het saamgestem dat dit vir hulle voel asof hulle vir so ‘n kind niks kan doen nie. Die navorser is van mening dat daar oorsake vir die kind se weiering om te praat bestaan, maar dat onderwysers nie die kennis en vaardighede het om hierdie oorsake te bepaal nie.

Emosionele probleme is dikwels onderliggend aan hierdie gedrag. Volgens die navorser moet kinders wat hierdie gedrag toon sensitief hanteer word, maar dat onderwysers soms uit onkunde en frustrasie die kind verkeerd hanteer wat daartoe lei dat sy gedrag vererger.

4.2.3.1.2 Duld van geen aanraking

Die empiriese data het aangedui dat onderwysers probleme ondervind met die hantering van kinders wat geen aanraking duld nie. Volgens die empiriese data word sekere kinders woedend as enige iemand aan hulle raak en sal sommige in só 'n geval van hul klasmaats wurg. Een onderwyser ervaar so 'n kind soos volg: “Hy raak briesend, woedend, kwaad as iemand aan hom raak, maar sy werk is klaar aan die einde van die dag. Na soveel uitbarstings, emosionele goed, is sy werk klaar.”

Uit die empiriese data het dit geblyk asof sommige onderwysers te doen kry met kinders wat hipersensories is. Hierdie kinders is nie net sensitief vir aanraking van mense en materiaal nie (hul kan nie die gevoel van klere aan hulle lyf verdra nie en dra dus nooit stywe klere soos 'n das nie en trek hul skoene uit), maar ook vir harde geluide, soos harde musiek, kinders wat raas en 'n onderwyser wat hard praat. In laasgenoemde geval sal die kinders kla dat hul ore seerkry. Die navorser kom tot die insig dat dit uiters problematies vir onderwysers is om kinders, soos bo beskryf, binne klasverband te hanteer. Nie net verg die hantering daarvan gespesialiseerde kennis en vaardighede nie, maar moet die res van die klas ook van die probleem bewus gemaak word, ten einde hul klasmaat wat hierdie gedrag openbaar, te “verstaan”. Die navorser is van mening dat onderwysers nie oor die gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om sekere komplekse probleme, soos bo bespreek, binne klasverband te hanteer nie en dus die hantering daarvan problematies vind.

4.2.3.1.3 ADHD, ADD en verbandhoudende gedrag

Die empiriese data het duidelik aangetoon dat die effektiewe hantering van ADHD en ADD binne klasverband problematies vir onderwysers is. Wat die hantering bemoeilik is die feit dat veral kinders wat hiperaktiewe gedrag, wat met ADHD geassosieër kan word toon, ook die res van die klas steur en die klasfunksionering negatief beïnvloed. (Vergelyk 2.5.2) Een van die onderwysers merk in hierdie verband op: “Nou daai hiperaktiwiteit, jy as

klasonderwyseres, jy is so gefrustreerd, juis om jy weet nie altyd hoe om die probleem aan te spreek nie, ...want dit ontwrig die klas...Dit breek hul konsentrasie ook.” Dit het duidelik uit die empiriese data geblyk dat onderwysers probleme met die hantering van kinders met ‘n swak konsentrasie-vermoë ondervind omdat hulle nie oor die kennis en vaardighede beskik om die oorsaak van die probleem te bepaal en dit binne klasverband te kan aanspreek nie. (Vergelyk Bester, 2000:28.)

Uit die empiriese data het dit geblyk asof kinders wat gedrag toon wat kenmerklik van ADD is, minder steuring in die klas veroorsaak. Dit het ook vanuit die literatuur geblyk. Volgens Bester (2000:22) word sulke kinders binne klasverband geakkommodeer sonder dat hy begryp of effektief gehelp word. Die skrywer voeg ook by dat dit tot leerprobleme kan lei, wat ‘n swak selfbeeld tot gevolg het, indien die oorsaak nie geïdentifiseer en aangespreek word nie. Die navorser kom tot die insig dat die ondersteuning deur ‘n spelterapeut nie net die onderwyser se onderwystaak sal vergemaklik nie, maar ook kinders se probleme kan aanspreek.

4.2.3.1.4 Aggressiewe gedrag

Vanuit die empiriese data is dit duidelik dat die hantering van aggressiewe gedrag (beide verbaal en nie-verbaal) wat teenoor die onderwyser en res van klasmaats geopenbaar word, vir ‘n onderwyser problematies is. Dit het ook duidelik uit die literatuur geblyk. (Vergelyk 2.5.4) Die navorser is van mening dat verskeie faktore tot aggressiewe gedrag aanleiding kan gee en onderwysers is dikwels nie van die oorsake van die gedrag bewus nie. (Vergelyk 2.5.4) Dit bemoeilik die hantering daarvan. Volgens die navorser word aggressiewe gedrag by die huise versterk, deurdat ouers dit dikwels openbaaren kinders dit dan aanleer. Dit het uit die empiriese data geblyk dat onderwysers dit moeilik vind om aggressiewe gedrag aan te spreek om kinders te help om dit af te leer aangesien dit reeds so deel van hulle geword het en die oorsake van die gedrag vir hulle duister is.

4.2.3.2 **Emosionele probleme**

Die empiriese data het aangetoon dat die hantering van verskeie emosionele probleme wat kinders binne klasverband openbaar vir onderwysers problematies is. Dit het ook duidelik uit die literatuur geblyk. (Vergelyk 2.5.3) Die onderwysers het saamgestem dat

hul nie oor die kennis en vaardighede beskik om die oorsake van die emosionele probleme te bepaal nie en dus in sommige gevalle net poog om die simptome van die kind se probleem aan te spreek. Uit die empiriese data het dit geblyk asof onderwysers veral die hantering van kinders wat by die huis aan emosionele mishandeling en –verwaarloosing blootgestel word, problematies vind. (Vergelyk Thompson & Rudolph, 2000:436.) Die navorser maak die gevolgtrekking dat onderwysers se onvermoë om die emosionele probleme wat kinders openbaar, effektief aan te spreek, tot leerprobleme en die instandhouding daarvan aanleiding gee, maar ook tot die ontwikkeling van ander probleme, byvoorbeeld 'n swak selfbeeld.

4.2.3.3 Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede

Dit het duidelik uit die empiriese data geblyk dat kinders binne klasverband probleme openbaar wat verband hou met hul huislike omstandighede en eienskappe van hul ouers en dat onderwysers die hantering daarvan problematies vind. Hierdie bevinding is ook uit vanuit die literatuur gemaak. (Vergelyk 2.5.4) Die onderwysers is van mening dat hul by die hantering van hierdie probleme magteloos voel omdat hulle nie in staat is om die kind se huislike omstandighede en die eienskappe van sy ouers te verander nie. In die meerderheid van die gevalle is die onderwysers ook nie ten volle van die aard van die huislike omstandighede bewus nie en dra hul ook nie kennis oor die aard van die gedrag van die ouers nie. Die navorser kom tot die insig dat alhoewel onderwysers daarvan bewus kan wees dat die kind probleme by die huis ervaar, hul dikwels nie kennis oor die ware huislike omstandighede, wat die oorsaak vir die kind se gedrag binne die klas, dra nie. Die navorser is ook van mening dat kinders dikwels te skaam is om oor hul huislike probleme te praat. Die feit dat die onderwyser nie van die oorsaak van die kind se gedrag bewus is nie, bemoeilik sy taak om die kind binne die klas te hanteer.

Uit die empiriese data het dit geblyk asof onderwysers die hantering van probleme wat kinders binne klasverband openbaar wat verbandhoudend met sy huislike omstandighede en ouers is problematies vind, omdat die ouers geensins hul samewerking gee, ten einde die kind se gedrag binne die klas te verbeter nie. Die navorser maak die afleiding dat ouers dikwels onwillig is om hul aandeel in die probleem te erken en dit bemoeilik die hantering daarvan.

Aan die hand van bogenoemde kan die gevolgtrekking gemaak word, dat onderwysers die hantering van verskeie probleme wat kinders binne klasverband openbaar, problematies vind. Die navorser is van mening dat onderwysers dikwels probleemkinders in die klas kan identifiseer, maar nie by magte is om weens verskeie faktore, onder andere die afwesigheid van multi-professionele samewerking en 'n te kort aan gespesialiseerde kennis en vaardighede, hul probleme aan te spreek nie. Die desperaatheid en frustrasie van onderwysers blyk duidelik in die volgende woorde van een onderwyser: "As 'n mens so luister, dis vir my net verskriklik erg om te hoor hoeveel kinders daar is wat probleme het. En ek kan nie daardie kinders help nie. Ek weet nie hoe om daai kinders in my klas te help nie." Die navorser kom ook tot die insig dat onderwysers selfs in sommige gevalle onbewustelik uit onkunde tot die verergering en instandhouding van die probleme by sekere kinders bydra.

4.2.4 Hooftema 4: Onderwysers se behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteunings-sisteem

Tabel 4.4 Hooftema 4 en subtemas en kategorieë soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer

HOOFTEMA	SUBTEMAS	KATEGORIEë
4. Onderwysers se behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteunings-sisteem	1. Algemene behoeftes van onderwysers	<ul style="list-style-type: none"> • Behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk • Behoefte aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband • Behoefte aan spanningsontlontingsgroepe • Behoefte aan die dienste van 'n spelterapeut

	<p>2. Menings van onderwysers aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteunings-sisteem</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset • Wysies van interaksie tussen 'n spelterapeut en 'n onderwyser • Funksies van 'n spelterapeut • Struikelblokke/praktiese probleme
--	--	---

Die laaste hooftema (vergelyk Tabel 4.4) wat vanuit die empiriese data geïdentifiseer is, hou verband met die onderwysers se behoeftes ten opsigte van en persepsies aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningsstelsel. Twee subtemas is onder hierdie hooftema geïdentifiseer, naamlik algemene behoeftes van onderwysers en menings van onderwysers aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningsstelsel. Hierdie subtemas, met hul onderskeie kategorieë, sal vervolgens bespreek word.

4.2.4.1 Algemene behoeftes van onderwysers

Vanuit die empiriese data is daar bevind dat onderwysers bepaalde behoeftes het en het dit ook duidelik geblyk dat die benutting van 'n spelterapeut hierdie behoeftes kan aanspreek. Hierdie behoeftes behels die volgende:

4.2.4.1.1 Behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk

Die empiriese data het aangedui dat onderwysers 'n behoefte aan onder andere die ondersteuning van 'n multi-professionele spanbenadering het. Hierdie behoefte het ook vanuit die literatuur duidelik na vore gekom en Jordaan (2003) is van mening dat 'n gebrek aan multi-professionele samewerking 'n negatiewe invloed op die rolvulling van 'n onderwyser het. (Vergelyk 2.4.4) Een onderwyser het soos volg oor onderwysers se huidige situasie binne skole opgemerk: "Ja, hier is nie hulp nie." Vanuit die empiriese data is dit duidelik dat onderwysers van mening is dat hul geen ondersteuning tot hul

beskikking het, ten einde hul veeleisende rolle effektief te vervul nie. Hulle het saamgestem dat hulle 'n behoefte aan multi-professionele samewerking het, waar hul probleemgevallen wat buite die opvoedkundige veld val, na toepaslike professionele persone kan verwys. Hierdie behoefte van onderwysers aan 'n ondersteuningsnetwerk het ook in die literatuurstudie na vore gekom. Jordaan (2003) is van mening dat onderwysers 'n behoefte aan die ondersteuning van ander professionele persone het, ten einde probleme wat kinders binne klasverband openbaar, effektief te hanteer. Die navorser kom tot die insig dat die afwesigheid van multi-professionele samewerking, die onderwysers dwing om sekere probleme binne klasverband self aan te spreek, sonder dat hul oor die nodige kennis en vaardighede beskik om dit suksesvol te doen.

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers van mening is dat die beskikbaarheid van 'n spelterapeut by die skool "wonderlik sal wees" en dat dit hul sal ondersteun by die hantering van kinders wat gedrags- en emosionele probleme binne klasverband openbaar. Die navorser maak dus die afleiding dat 'n spelterapeut die onderwysers se behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk kan bevredig.

4.2.4.1.2 Behoeftes aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband

Uit die empiriese data blyk dit dat onderwysers 'n spesifieke behoefte aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband het. Hierdie behoefte kom deurgaans in hoofteema 3 (vergelyk 4.2.3) na vore, deurdat onderwysers van mening is dat hul nie oor die nodige kennis en vaardighede beskik om die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, aan te spreek nie. Hierdie aspek het duidelik in die literatuur na vore gekom en is breedvoerig onder 2.5 bespreek. (Vergelyk 2.5) Een onderwyser merk soos volg op: "Jy as juffrou is baie gefrustreerd, want jy weet nie hoe om hierdie probleme, byvoorbeeld hiperaktiwiteit, aan te spreek nie. Ons het nie die kundigheid om die gevalle aan te spreek nie. As 'n mens kundigheid kan kry, dan sal ons weet hoe om die probleme te hanteer. Dit sal geweldig help."

Die navorser is van mening dat die onderwysers se behoeftes aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband, 'n aanduiding is dat daar 'n leemte op hierdie gebied bestaan. Ten einde hierdie leemte aan te spreek, behoort onderwysers aan die begin van die jaar 'n opleidingskursus oor hoe om sekere probleme binne klasverband te

hanteer, te ondergaan. (Vergelyk Oaklander, 1988:312.) So 'n kursus moet aangebied word deur 'n professionele persoon, byvoorbeeld 'n spelterapeut, wat oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede by die hantering van gedrags- en/of emosionele probleme by kinders beskik. Die navorser voeg by dat dit die ideaal sou wees, om 'n spelterapeut op 'n permanente basis by 'n skool te hê, wat die onderwysers in staat sou stel om, wanneer nodig, met haar te konsulteer.

4.2.4.1.3 Behoeftte aan spanningsontlontingsgroepe

Die empiriese data het getoon dat onderwysers 'n behoefte aan wyses waarop hul spanning verminder kan word, het. Die navorser is van mening dat hierdie behoefte deur die aanbied van spanningsontlontingsgroepe aangespreek kan word. Uit die literatuur het die waarde van die betrokkenheid by só 'n groep duidelik geblyk. (Vergelyk 3.4.2.1.4) Die navorser stem met Oaklander (1998:312) saam, wat tot die insig kom dat onderwysers dikwels deur die skoolopset en die eise wat die skool aan hulle stel, ontmoedig, gefrustreerd en negatief beïnvloed word en dat die negatiewe gevoelens dikwels op die kinders uitgehaal word. Die navorser maak die gevolgtrekking dat die betrokkenheid by 'n groep vir onderwysers die geleentheid sal gee om hul negatiewe gevoelens en ervarings uit te druk en dit met ander onderwysers te deel en dan tot die besef te kom dat daar ander onderwysers bestaan wat dieselfde negatiewe gevoelens en ervarings as hulle het. Sodoende sal onderwysers minder gefrustreerd en gespanne voel en meer in staat wees om tot 'n positiewe skoolervaring vir die kinders by te dra.

Volgens die navorser kan groepsbetrokkenheid ook onderwysers se behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk aanspreek, deurdat onderwysers mekaar tydens die groepe kan ondersteun en hulle idees kan uitruil aangaande die hantering van sekere probleme wat binne klasverband voorkom. Die navorser voeg by dat 'n spelterapeut as 'n fasiliteerder binne so 'n groep kan optree.

4.2.4.1.4 Behoeftte aan die dienste van 'n spelterapeut

Die empiriese data het 'n duidelike behoefte van onderwysers aan die dienste van 'n spelterapeut getoon. Onderwysers het saamgestem dat daar 'n groot aantal kinders is wat gedrags- en/of emosionele probleme binne klasverband openbaar (vergeyk 3.4.3), wat

hulle weens 'n tekort aan gespesialiseerde kennis en vaardighede nie effektief kan aanspreek nie en wat hul vir speltherapie kan verwys. Dit het uit die empiriese data geblyk dat onderwysers van mening is dat hierdie kinders by speltherapie kan baat vind, "want by hulle is daar net soveel onverwerkte dinge, emosies en goeters wat hulle nie kan verwerk nie...Hulle het so baie om aan uiting te gee." Hierdie behoefte aan speltherapie, is ook deurgaans in die literatuur geïdentifiseer. (Vergelyk 2.5) Die navorser voeg by dat 'n spelterapeut 'n kind se gedrags- en/of emosionele probleme suksesvol kan aanspreek, deurdat daar tydens speltherapie op die kind se vlak gekommunikeer word en hy verskillende speeltegnieke en –mediums kan gebruik om sy gevoelens en probleme uit te speel.

4.2.4.2 Menings van onderwysers aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem

Vanuit die empiriese data blyk dit duidelik dat onderwysers menings rondom sekere aspekte by die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem het. Hierdie aspekte sluit die volgende in:

4.2.4.2.1 Funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset

Dit het uit die empiriese data geblyk dat onderwysers van mening is dat dit die ideaal sou wees indien 'n spelterapeut op 'n permanente basis by 'n skool betrokke kan wees. Hulle het voorgestel dat sy 'n klaskamer by 'n skool moet hê wat sy in 'n speelkamer kan omskep. (Vergelyk 3.4.2.2.1 en 3.4.2.2.2) Sodoende kan kinders binne skooltyd speltherapie ontvang en word die probleem van ouers wat nie hul samewerking gee deur nie hul kinders na skool vir terapie te bring nie, uitgeskakel. Dit sal ook die onderwysers in staat stel om, wanneer nodig, met die spelterapeut te konsulteer. Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut 'n klaskamer by die skool kan "huur", maar in plaas van om huur te betaal, 'n paar kinders wat nie vir haar dienste kan betaal nie, gratis kan sien.

Die empiriese data het getoon dat indien 'n spelterapeut op 'n gereelde basis by 'n skool betrokke kan wees, sy makliker as deel van die skool aanvaar sal word en onderwysers, kinders en hul ouers beter met haar en haar speltherapie-dienste bekend sal wees. Die noodsaaklikheid van aanvaarding vir die effektiewe funksionering van 'n spelterapeut

binne die skool, is ook in die literatuur geïdentifiseer. (Vergelyk 3.4.2) Vanuit die empiriese data blyk dit dat onderwysers van mening is dat 'n spelterapeut ook by oueraande beskikbaar moet wees.

Een onderwyser som die funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset soos volg op: "Omdat sy deel is van die skool, aanvaar almal haar. Sy is beskikbaar vir oueraande en ouers kan met haar praat. Dis net meer aanvaarbaar. En hulle is so bly dat daar iemand is wat die kinders kan help. As hulle dit op so 'n basis kan doen, sal dit goed wees."

Die navorser is van mening dat indien 'n spelterapeut en haar dienste vir onderwysers en ouers sigbaar is en hul aan die suksesvolle uitkomst daarvan blootgestel word, hul meer van die waarde van spel terapie bewus sal word en dit sal benut. Dit sal ook vir haar as bemarking dien.

4.2.4.2.2 Wyses van interaksie tussen 'n spelterapeut en onderwysers

Vanuit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers van mening is dat interaksie met 'n spelterapeut ook vir hulle waardevol sal wees. Die waarde daarvan is ook in literatuur gevind. (Vergelyk 3.4.2.1) Die empiriese data het getoon dat konsultasie met 'n spelterapeut vir onderwysers van waarde sal wees. Sodoende kan inligting aangaande die hantering van spesifieke probleme binne klasverband aan die onderwysers oorgedra word. (Vergelyk Zabel & Zabel, 1996:331.) Die navorser stem saam met Jordaan (2003) dat 'n onderwyser ook soms die rol van konsultant sal moet inneem, waar 'n spelterapeut inligting rondom die kind se gedrag in die klas verlang, wat veral waardevol by die maak van akkurate assesserings is. Volgens die navorser sal onderwysers ook die rol van konsultant inneem, waar die spelterapeut terugvoer rakende die kind se gedragsverandering verlang, ten einde te bepaal of terapie suksesvol is en wanneer terapie getermineer kan word.

Nog 'n wyse van interaksie wat deur die empiriese data aangetoon is, is die van samewerking. Die waarde van spanwerk het ook duidelik in die literatuur geblyk. (Vergelyk 3.4.2.1.2 en 3.4.2.1.3) Vanuit die empiriese data is daar gevind dat onderwysers van mening is dat 'n spelterapeut kinders binne klasverband moet

waarneem. Die navorser kom tot die insig dat dit nie net vir die spelterapeut waardevolle inligting rondom die kind se gedrag binne die klas sal verskaf nie, maar ook oor die wyse waarop die onderwyser die kind en sy probleem binne klasverband hanteer. Dit sal die spelterapeut in staat stel om waardevolle aanbevelings ten opsigte van die hantering van sekere probleme, aan onderwysers te maak. Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut ook soms van 'n onderwyser sal verwag om 'n stiplys oor die kind se gedrag in te vul, wat waardevol by die beplanning van terapie en die meet van gedragsverandering kan wees.

Die empiriese data het getoon dat onderwysers van mening is dat 'n spelterapeut onderwysers by groepe moet betrek, waartydens hulle kennis en vaardighede aangaande die hantering van sekere probleme binne klasverband, aangeleer word. Die waarde van groepe met onderwysers is ook in die literatuur gevind. (Vergelyk 3.4.2.1.4) Oaklander (1988:312) kom tot die insig dat onderwysers as terapeute, sowel as opvoeders opgelei moet word. Die navorser maak die gevolgtrekking dat dit die onderwysers in staat sal stel om hul rolle soos by 2.3 bespreek, meer suksesvol te vervul. Dit het ook vanuit die empiriese data geblyk dat onderwysers hul ervarings en gevoelens binne groepsverband met mekaar wil deel. Volgens die navorser kan die betrokkenheid by 'n groep dus ook vir onderwysers ondersteunend van aard wees. (Vergelyk Oaklander, 1988:312.) 'n Speltherapeut sal as fasiliteerder binne groepe optree.

4.2.4.2.3 Funksies van 'n spelterapeut

Uit die empiriese data blyk dit dat onderwysers van mening is dat 'n spelterapeut bepaalde funksies binne skoolverband moet vervul, veral ten opsigte van onderwysers en kinders. Hierdie funksies is ook in die literatuur geïdentifiseer. (Vergelyk 3.5) Volgens die empiriese data het spelterapeute veral twee belangrike funksies binne 'n skool, naamlik die gee van terapie aan kinders wat gedrags- en/of emosionele probleme toon (vergeelyk 3.5.3) en die gee van ondersteuning aan onderwysers deur die aanleer van die nodige kennis en vaardighede by die hantering van sekere probleme binne klasverband (vergeelyk 3.5.2). Literatuur het die belangrikheid van die bogenoemde funksies van 'n spelterapeut gestaaf. Die navorser voeg by dat 'n spelterapeut kinders wat gedrags- en/of emosionele probleme toon, by individuele- en/of groepsterapie kan betrek, maar ook groepe vir onderwysers kan fasiliteer. Dit het ook duidelik uit die empiriese data geblyk dat die

besikbaarheid vir konsultasie vir onderwysers 'n ander belangrike funksie van 'n spelterapeut, wat binne 'n skoolopset funksioneer, sal wees. Jordaan (2003) kom tot die insig dat konsultasie en gereelde besprekings tussen onderwysers en 'n spelterapeut van kardinale belang is, ten einde die benutting van 'n spelterapeut effektief te laat geskied.

Wat die funksies van 'n spelterapeut wat binne 'n skoolopset funksioneer, betref is daar aspekte wat nie vanuit die empiriese data verkry is nie en wat volgens die navorser belangrik is. Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut bepaalde funksies ten opsigte van die skoolhoof het, wat insluit 1) die gee van inligting aangaande die bydrae wat 'n spelterapeut in sy skool kan lewer, 2) die gesamentlike opstel van 'n beleid ten opsigte van die funksionering van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset en 3) die gee van terugvoer oor die vordering van kinders wat by terapie betrek word. (Vergelyk 3.5.1)

'n Ander aspek wat nie uit die empiriese data navore gekom het nie en wat volgens die navorser 'n belangrike funksie van 'n spelterapeut is, is die voorkoming van sekere probleme en situasies by kinders. (Vergelyk 3.4.2.2.3) Die navorser kom tot die insig dat 'n spelterapeut voorkomingsprogramme moet ontwikkel en aanbied, waartydens kinders oor sekere onderwerpe opgevoed kan word. Sy kan kinders klas vir klas hanteer of selfs al die kinders in die skool gelykertyd in die saal toespreek. Die navorser sal egter by die hantering van sensitiewe onderwerpe soos molestering en waar dit van kardinale belang is dat opvoeding op die kind se emosionele en kognitiewe vlak plaasvind, die kinders klas vir klas hanteer. Volgens die navorser kan die suksesvolle uitvoering van hierdie funksie, 'n uiters positiewe invloed op die funksionering van die skool en die voorkoms van probleme binne die skool, hê.

4.2.4.2.4 Struikelblokke / praktiese probleme

Uit die empiriese data het dit duidelik geblyk dat onderwysers van mening is dat daar moontlike praktiese probleme by die benutting van 'n spelterapeut kan bestaan, maar dat dit maklik aangespreek sal kan word. Die moeilikste praktiese probleem blyk die vergoeding van 'n spelterapeut te wees. Die onderwysers is van mening dat dit dikwels kinders is wat nie oor die finansiële hulpmiddele beskik, wat spel terapie benodig. Die navorser gee as oplossing die idee dat 'n spelterapeut in plaas van om huur vir 'n klaskamer te betaal, 'n paar kinders per maand gratis kan sien. Volgens die navorser kan

fondsinsamelings gehou word en borge gevind word, wat byvoorbeeld een kind se terapie-sessies sal betaal. Die navorser maak die gevolgtrekking dat dit raadsaam vir die skool sal wees, om 'n fonds te stig wat die ouers wat finansieël behoeftig is en wie se kinders speltherapie benodig, gedeeltelik of geheel en al geldelik te ondersteun.

Vanuit die empiriese data is daar bevind dat onderwysers van mening is dat ouers wat nie hul samewerking gee en nie hul kinders vir speltherapie bring nie, problematies kan wees. Die navorser kom tot die insig dat dit om hierdie rede gemakliker vir die ouers en kinders is, om kinders tydens skooltyd vir terapie te sien.

Dit het uit die empiriese data geblyk dat sommige onderwysers van mening is dat dit soms problematies kan wees om die kinders elke keer uit klas te onttrek. Nie net sal hulle werk mis nie, maar sal hulle dalk skaam voel om voor die res van die klas uitgeroep te word. Die meerderheid van die onderwysers het egter nie saamgestem nie en bygevoeg dat indien 'n spelterapeut deel van die skool is, kinders dit nie "snaaks" sal vind om vir speltherapie te gaan nie. Hulle het ook tot die insig gekom dat die voordele wat speltherapie vir die kind inhou, nie opgeweeg kan word teenoor die bietjie werk wat hy mis nie. Een onderwyser het soos volg oor die beskikbaarheid van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset en die uitroep van 'n kind uit die klas opgemerk: "Oeee, dit sal wonderlik wees en gelukkig is ons ervare mense wat ook die kinders kan uitstuur sonder om 'n ding daarvan te maak. Die terapeut ontvang hulle ook sonder om 'n ding daarvan te maak. Die kinders is so opgewonde as hulle geroep word – 'hier's my tannie'. Mens vermoed dat kom 'n kind na so terapeut, kom daar so 'n verligting in hom, sal dit vir hom lekker wees. Dit sal wonderlik wees as dit so kan wees." Die navorser maak uit ervaring die gevolgtrekking dat kinders spesiaal voel en die individuele aandag geniet, wat hulle tydens speltherapie kry. Sommige kinders kry dit nêrens anders nie.

4.3 ADDISIONELE INLIGTING

Vanuit die empiriese data is inligting verkry, wat nie duidelik onder die bogenoemde hoofemas bespreek is nie. Daar is ook nie tydens die literatuurstudie op hierdie inligting gefokus nie. Die navorser sal dit kortliks bespreek, ten einde tot die volledigheid van hierdie navorsing by te dra en op die ryk beskrywende empiriese data wat ingewin is, te dui.

Dit het duidelik uit die empiriese data geblyk dat alhoewel die onderwysers van beide skole wat by die navorsing betrokke was, van mening is dat daar gemeenskaplike probleme bestaan, die empiriese data duidelik aangedui het dat die aard van sommige probleme wat die onderwysers van die betrokke skole ervaar, verskil. Die navorser kom tot die insig dat dit as gevolg van die verskillende sosio-ekonomiese omstandighede waarin die kinders van die twee skole grootword, kan wees en verwys na Louw *et al.* (1998:355). Onderwysers van Liebenberg Primêr wat 'n kleurlingskool is en uit kinders vanuit minder gegoede sosio-ekonomiese omstandighede bestaan, is van mening dat sommige kinders aan misdaad blootgestel word en dat dit hul gedrag in die klas negatief beïnvloed, aangesien hul daardeur getraumatiseer word. Uit die empiriese data blyk die misdaadblootstelling onder andere die waarneming van 'n moord in te sluit. Die empiriese data het ook aangetoon dat 'n groot aantal kinders in hierdie skool uit finansieël behoeftige huise kom en dat hul nie oor die nodige hulpmiddels beskik nie. Onderwysers moet dan self vir hulpmiddels soos plakkate en kryte, betaal. Volgens die empiriese data blyk dit dat daar ook 'n hoë voorkoms van fetale alkoholsindroom onder die kinders voorkom en dit kan, volgens die navorser, aan die hoë voorkoms van drankmisbruik onder kleurlingvroue toegeskryf word.

Vanuit die empiriese data is afgelei dat onderwysers van die ander skool, Laerskool Swartland, wat oorwegend 'n blanke skool is en uit kinders van meer gegoede sosio-ekonomiese omstandighede bestaan, in die algemeen meer probleme met ADHD, ADD en verbandhoudende gedrag en die gee van medikasie byvoorbeeld Ritalin, ervaar. Die empiriese data het ook aangetoon dat kinders in hierdie skool meer as in die ander skool, dikwels gedrags- en/of emosionele probleme as gevolg van egskeiding toon. Die navorser maak die gevolgtrekking dat die ouers van die kinders van Liebenberg Primêr nie noodwendig meer bymekaar en getroud is nie, maar dat hierdie ouers net minder wettig skei.

Volgens die navorser kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat sosio-ekonomiese omstandighede en die beskikbaarheid van hulpbronne kinders se gedrag beïnvloed. Alhoewel hierdie twee skole uit kinders van verskillende rasse en kulture bestaan, is die navorser van mening dat daar nie noodwendig afgelei kan word dat kultuur en ras alleen tot gedrags- en/of emosionele probleme by kinders, aanleiding kan gee nie. Volgens die

navorser moet ander veranderlikes, wat soms met 'n sekere ras of kultuur saamgaan, teenwoordig wees. Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat onderwysers nog steeds 'n kind se ras en kultuur ook in aanmerking moet neem en daarvan bewus moet wees dat dit sy gedrag binne klasverband kan beïnvloed. (Vergelyk 2.5.5)

4.4 SAMEVATTING

Die fokus van hierdie navorsing was daarop gemik om 'n maatskaplike werk ondersoek te loots na die aard van probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hulle behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut.

Vanuit die empiriese data wat ingesamel is, is vier hoofemas geïdentifiseer en onder elke hoofema, bepaalde subtemas en kategorieë. Hierdie kan soos volg opgesom word:

Tabel 4.5 Hoof- en subtemas soos vanuit die empiriese data geïdentifiseer

HOOFTEMAS	SUBTEMAS
1. Onderwysers se menings ten opsigte van die aard van probleme wat hul binne klasverband ervaar	<ul style="list-style-type: none"> • Probleemgedrag teenoor onderwysers openbaar • Probleemgedrag teenoor klasmaats openbaar • Aggressiewe gedrag: verbaal en nie-verbaal • Emosionele probleme • Konsentrasie-probleme • Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede wat 'n invloed op die kind se gedrag binne klasverband het • Ander probleme
2. Onderwysers se menings ten opsigte van die wyses waarop hulle probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer	<ul style="list-style-type: none"> • Algemene opmerkings • Wyses van probleemhantering

<p>3. Onderwysers se persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Probleemgedrag • Emosionele probleme • Probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede
<p>4. Onderwysers se behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Algemene behoeftes van onderwysers • Menings van onderwysers aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Uit die navorsingsresultate wat in hoofstuk vier bespreek is, is dit duidelik dat onderwysers verskeie probleme binne klasverband ervaar, dat sommige van hierdie probleme se hantering problematies is en dat onderwysers sekere behoeftes ten opsigte van die hantering van hierdie probleme ervaar. Die doel van hierdie hoofstuk is om aan te dui tot watter mate die doelstelling en doelwitte, wat in hierdie studie gestel is om die navorsingsvraag op te los, bereik is. Daar sal ook vanuit die navorsingsresultate wat in hierdie studie bekom is, gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

5.2 DOELSTELLING VAN DIE STUDIE

Die doelstelling van die studie was:

- Om die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, asook hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut te assesseer.

Bogenoemde doelstelling is soos volg bereik: Uit die literatuurstudie en konsultasie met kundiges is 'n kennisbasis opgebou wat benut is om fokusgroepe te identifiseer waaruit die navorser 'n fokusgroepriglyn ontwerp het. Die riglyn is tydens fokusgroeponderhoude by vier verskillende fokusgroepe benut, ten einde kwalitatiewe empiriese data in te samel om die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, asook hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem, te bepaal.

5.3 DOELWITTE VAN DIE STUDIE

Die navorser het die doelwitte, soos onder 1.4 in hoofstuk vier bespreek is, ontwikkel om die rigting van die ondersoek te lei. Die doelwitte van die studie sal vervolgens afsonderlik bespreek word:

- Om deur die uitvoering van 'n literatuurstudie en konsultasie met kundiges, 'n kennisraamwerk aangaande die rol van 'n onderwyser ten opsigte van die kind in sy middelkinderjare, probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en die middelkinderjare as lewensfase, daar te stel.

Hierdie doelwit is bereik aangesien die navorser met behulp van 'n literatuurstudie en gesprekke met kundiges, inligting ingesamel het en 'n kennisraamwerk oor bogenoemde aspekte opgebou het. Hierdie inligting is in hoofstuk twee en drie uiteengesit.

- Om deur 'n empiriese studie kwalitatiewe inligting ten opsigte van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, die wyse waarop onderwysers tans hierdie probleme binne klasverband hanteer, probleme waarvan die hantering vir onderwysers problematies is en onderwysers se behoeftes ten opsigte van die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem, te verkry.

'n Empiriese studie is uitgevoer deurdat die navorser 'n fokusgroepriglyn, wat tydens fokusgroeponderhoude as data-insamelingsmetode benut is, ontwerp het om die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar, asook hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem, te bepaal. Die volgende aspekte is spesifiek hanteer: wat onderwysers se menings ten opsigte van die aard van probleme wat hul binne klasverband ervaar is; hoe onderwysers die probleme wat in klasverband voorkom hanteer; watter probleme se hantering na die onderwysers se menings problematies is en wat onderwysers se behoeftes ten opsigte van en hul persepsies aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem is.

Nege en twintig respondente is binne vier verskillende fokusgroepe by die navorsing betrek. Die een groep het uit vier graad een en drie graad twee onderwysers van Laerskool Swartland bestaan en vier graad drie en drie graad vier onderwysers van dieselfde skool is by 'n ander groep betrek. 'n Derde groep het uit vier graad een en drie graad twee onderwysers van Liebenberg Primêr bestaan, terwyl vier graad drie en vier graad vier onderwysers van dieselfde skool die vierde groep uitgemaak het. Daar is beplan om twee groepsessies met elke groep te hou, maar slegs een groepsessie is met elke groep uitgevoer omdat 'n inligtingsversadigingspunt tydens die groepsessies bereik is

en verdere sessies oorbodig sou wees. Die doelwit is bereik deurdat die data wat ingewin is, al die aspekte van die doelwit dek.

- Om gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem, te maak.

Aanbevelings ten opsigte van bogenoemde doelwit sal in hierdie hoofstuk gemaak word. 'n Artikel waarin die navorsingsresultate en aanbevelings weergegee word, word vir 'n vaktydskrif geskryf.

Die doelstelling en doelwitte van hierdie studie is dus ten volle bereik.

5.4 NAVORSINGSVRAAG

Aangesien die studie binne die kwalitatiewe benadering uitgevoer is, is die volgende navorsingsvrae geformuleer:

- Wat is die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar?
- Tot watter mate ervaar onderwysers 'n behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut?

Die vraag is beantwoord deurdat empiriese data nie alleen die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar aangedui het nie, maar ook duidelik getoon het dat onderwysers bepaalde behoeftes ten opsigte van die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem ervaar. Vanuit die data wat ingesamel is, blyk onderwysers van mening te wees dat die probleme wat kinders klasverband openbaar die volgende insluit: probleemgedrag wat teenoor onderwysers openbaar word, probleemgedrag wat teenoor klasmaats openbaar word, aggressiewe gedrag, emosionele probleme, konsentrasieprobleme, probleme verbandhoudend met ouers en huislike omstandighede wat 'n invloed op die kind se gedrag binne klasverband het en ander algemene probleme wat nie onder een van bogenoemde val nie. Laasgenoemde sluit konfrontasie met die dood, swak selfbeeld, steel en kognitiewe probleme in. Data het aangedui dat onderwysers 'n behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk ervaar. Vanuit die data wat ingesamel is, blyk dit

dat onderwysers 'n behoefte aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband het. Data het ook verder aangetoon dat onderwysers 'n behoefte aan spanningsontlontingsgroepe het. Uit die data blyk dit dat onderwysers 'n definitiewe behoefte aan die dienste van 'n spelterapeut ervaar.

5.5 SAMEVATTING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.5.1 Samevatting van die navorsingsresultate

Die navorsingsresultate van die empiriese studie kan in die volgende hooftemas saamgevat word:

- Onderwysers het bepaalde menings ten opsigte van die aard van die probleme wat hul binne klasverband ervaar.
- Onderwysers het bepaalde menings ten opsigte van die wyses waarop hul probleme binne klasverband hanteer.
- Onderwysers het bepaalde persepsies aangaande die probleme wat hul binne klasverband ervaar, waarvan die hantering problematies is.
- Onderwysers het spesifieke behoeftes ten opsigte van en persepsies aangaande die benutting van 'n spelterapeut as 'n ondersteuningssisteem.

Die navorsingsresultate het deurlopend met literatuur gekorreleer en is so aangedui.

5.5.2 Gevolgtrekkings

Die navorser kom tot die gevolgtrekking dat die doelstelling en doelwitte wat vir die doel van hierdie navorsing geformuleer is, bereik is. 'n Empiriese ondersoek na die aard van die probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar en hul behoefte aan die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningssisteem, is suksesvol uitgevoer deurdat 'n fokusgroepriglyn as data-insamelingsmetode tydens fokusgroeponderhoude binne vier afsonderlike fokusgroepe benut is.

Die navorser is ook van mening dat die navorsingsvraag beantwoord is. Empiriese data wat ingewin is, het nie alleen die aard van die probleme wat onderwysers binne

klasverband ervaar, uitgewys nie, maar ook bevind dat onderwysers bepaalde behoeftes by die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningsstelsel ervaar.

Op grond van die empiriese data wat ingewin is en in hoofstuk vier bespreek is, kom die navorser vervolgens tot die volgende gevolgtrekkings:

Navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers van mening is dat hul verskeie probleme binne klasverband ervaar. Hierdie probleme sluit probleemgedrag wat kinders teenoor onderwysers openbaar, onder andere aggressiewe gedrag, weiering om te praat en onttrekkende gedrag in en ook probleemgedrag wat teenoor klasmaats openbaar word. Laasgenoemde behels onder andere aggressiewe gedrag. Uit die navorsingsresultate het dit duidelik geblyk dat onderwysers van mening is dat aggressiewe gedrag, verbaal en nie-verbaal, een van die probleme is wat dikwels binne klasverband voorkom. Vanuit die navorsingsresultate blyk dit dat sommige kinders emosionele probleme toon en dat onderwysers dikwels nie oor die kennis aangaande die oorsake daarvan beskik nie.

Navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers van mening is dat sommige kinders konsentrasie-probleme toon, wat 'n swak konsentrasie-vermoë, hiperaktiwiteit, ADHD en ADD insluit. Die gebruik van medikasie hiervoor byvoorbeeld Ritalin, blyk ook problematies te wees. Uit die navorsingsresultate blyk dit duidelik dat onderwysers van mening is dat kinders dikwels binne klasverband probleme openbaar wat met hul ouers en huislike omstandighede verband hou. Dit sluit onder andere probleme verbandhoudend met die aard van ouers se huweliksverhouding, huweliksstatus en verhouding met 'n derde party, eienskappe van ouers wat problematies is, verwaarlosing en mishandeling en die sosio-ekonomiese omstandighede in. Die navorsingsresultate het ook aangedui dat onderwysers van mening is dat kinders ook ander probleemgedrag weens die konfrontasie met die dood en 'n swak selfbeeld openbaar en dat kognitiewe probleme ook voorkom. Sommige onderwysers is van mening dat hul probleme ondervind met kinders wat steel.

Hieruit kan die afleiding gemaak word dat onderwysers verskillende probleme, waarvan die oorsake verskil, binne klasverband ervaar en dat onderwysers sonder gespesialiseerde kennis en vaardighede en sonder multi-professionele ondersteuning, moet poog om hierdie probleme aan te spreek. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat

dit nie net die rolvervulling van onderwysers bemoeilik nie, maar dat dit ook tot die in standhouding en verergering van probleemgedrag by kinders bydra.

Vanuit die navorsingsresultate blyk dit duidelik dat onderwysers verskillende menings huldig ten opsigte van die wyses waarop hul die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, hanteer. Die navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers van mening is dat dit met die afskaffing van lyfstraf, problematies is om 'n straf wat as effektiewe afskrikmiddel dien, te vind. Dit blyk ook uit die navorsingsresultate dat onderwysers saamstem dat kinders en hul probleme uniek is en die hantering van probleme dus van kind tot kind sal verskil. Onderwysers is van mening dat hul dikwels kinders se probleemgedrag aanspreek, deur hulle gewenste gedrag met 'n belonende stimulus te versterk (positiewe versterking). Uit die navorsingsresultate blyk dit ook dat onderwysers die negatiewe gevolge van sekere gedrag aan kinders duidelik maak en dat die vrees vir die negatiewe gevolge, kinders dikwels daarvan weerhou om probleemgedrag te openbaar. Die navorser het hierna as negatiewe versterking verwys. Navorsingsresultate het aangedui dat sommige onderwysers van mening is dat die benutting van 'n puntestelsel waar punte vir goeie gedrag bygevoeg word, terwyl punte vir slegte gedrag afgetrek word, 'n effektiewe manier is om probleemgedrag by kinders aan te spreek.

Vanuit die navorsingsresultate blyk dit dat onderwysers dikwels probleemgedrag deur die straf, met ander woorde die toediëning van 'n negatiewe stimulus, of die verwydering van 'n positiewe stimulus, hanteer. Die navorser is van mening dat straf slegs effektief is, indien kinders van die gevolge van hul gedrag bewus is en indien die erns van die straf met die tipe probleemgedrag verband hou.

Uit die navorsingsresultate blyk dit dat onderwysers van mening is dat om kinders in groepe te verdeel en dan volgens 'n puntestelsel te werk, waar punte van die groep afgetrek word, indien 'n kind probleemgedrag toon, 'n baie effektiewe wyse is om gedragsprobleme aan te spreek. Kinders wil nie in onguns by hul maats kom nie en dit weerhou hul om wangedrag te toon. Die navorsingsresultate het ook aangedui dat onderwysers in sommige gevalle die ouers kontak en indien beskikbaar, van multi-professionele samewerking gebruik maak, ten einde probleemgedrag aan te spreek. Volgens die navorser is laasgenoemde weinig tot onderwysers se beskikking en het dit tot gevolg dat onderwysers dikwels moet poog om sonder die nodige gespesialiseerde kennis

en vaardighede probleme binne klasverband aan te spreek. Die afleiding kan gemaak word dat onderwysers wel beskik oor wyses waarop hul probleemgedrag aanspreek, maar dat dit dikwels oneffektief is. Die navorser motiveer hierdie bevinding, deurdat sy van mening is dat die hanteringswyses dikwels op die simptome van die probleemgedrag gerig is en nie die oorsake van die probleme wat kinders openbaar, aanspreek nie. Hanteringswyses is dus slegs op simptomeverligting gemik, terwyl die oorsaak van 'n kind se probleem steeds in sy lewe teenwoordig is.

Navorsingsresultate het aangetoon dat onderwysers van mening is dat hul nie oor die kennis en vaardighede beskik om die oorsake van kinders se probleme te bepaal nie. Die navorser meld die rol wat multi-professionele ondersteuning in hierdie verband kan speel, deurdat onderwysers kinders wat probleemgedrag openbaar, na 'n persoon wat oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik, byvoorbeeld 'n spelterapeut, kan verwys.

Die navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers bepaalde persepsies ten opsigte van die probleme wat hul binne klasverband ervaar en waarvan die hantering problematies is, het. Hieruit blyk dit dat onderwysers probleme met die hantering van verskeie gedragsprobleme ondervind, maar veral met die hantering van kinders wat weier om te praat, wat geen aanraking duld nie, wat ADHD, ADD en verbandhoudende gedrag toon en wat aggressiewe gedrag teenoor onderwysers en klasmaats openbaar. Uit die navorsingsresultate blyk dit dat onderwysers ook van mening is dat hul die hantering van emosionele probleme by kinders problematies vind, deurdat hul nie oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om die oorsake van die emosionele probleme te bepaal nie. Die navorser maak die afleiding dat kinders se emosionele probleme in stand gehou word, deurdat onderwysers poog om slegs die simptome van die probleme te hanteer en nie in staat is om die oorsake aan te spreek nie.

Die navorsingsresultate het ook aangetoon dat onderwysers probleme met die hantering van probleme wat met die kind se ouers of huislike omstandighede verband hou, ondervind. Onderwysers ondervind nie slegs 'n gevoel van magteloosheid by die hantering van hierdie probleme nie, maar verkry dikwels geen samewerking van ouers by die aanspreek daarvan nie. Die navorser maak weereens die afleiding dat onderwysers nie oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om sekere probleme

wat binne klasverband voorkom, aan te spreek nie en ook geen of uiters min multi-professionele ondersteuning tot hul beskikking het. Dit het tot gevolg dat kinders se probleme instand gehou word en selfs vererger en onderwysers moet poog om onder uiters uitdagende omstandighede hul rolle effektief te vervul. Die navorser is van mening dat bogenoemde tot die ontstaan van sekere behoeftes by onderwysers aanleiding gee.

Vanuit die navorsingsresultate blyk dit duidelik dat onderwysers bepaalde behoeftes ten opsigte van en menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut as ondersteuningsstelsel het. Die navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers algemene behoeftes ervaar, wat 'n behoefte aan 'n ondersteuningsnetwerk insluit. Volgens die navorsingsresultate is onderwysers van mening dat hul nie oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, te hanteer nie en dat hul 'n behoefte aan multi-professionele ondersteuning, byvoorbeeld deur 'n spelterapeut het, ten einde hierdie probleme effektief aan te spreek en ook om hul in staat te stel om hul rolle effektief te vervul.

Vanuit die navorsingsresultate blyk dit ook dat onderwysers 'n behoefte aan riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband het, deurdat hul van mening is dat hul nie oor die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, aan te spreek nie. Die navorser maak die gevolgtrekking dat 'n spelterapeut in hierdie behoefte van onderwysers kan voorsien, deurdat sy vir konsultasie beskikbaar kan wees en ook opleidingskursusse kan aanbied, waartydens onderwysers opleiding oor die hantering van sekere probleme by kinders kan ontvang.

Uit die navorsingsresultate het dit geblyk dat onderwysers 'n behoefte aan spanningsontlontingsgroepe het en is hul van mening dat hul tydens hierdie groepe uitdrukking aan hul negatiewe gevoelens en ervarings wil gee en dat hul ook idees oor die hantering van sekere probleme binne klasverband, kan uitruil. Die navorser maak die afleiding dat spanningsontlontingsgroepe nie net spanning by onderwysers sal verlig nie, maar ook ondersteunend van aard kan wees. Die navorser is van mening dat 'n spelterapeut in hierdie behoefte van onderwysers kan voorsien deurdat sy as 'n groepsfasiliteerder kan optree.

Die navorsingsresultate het 'n duidelike behoefte van onderwysers aan die dienste van 'n spelterapeut aangedui. Vanuit die navorsingsresultate het dit geblyk dat onderwysers van mening is dat hul nie oor die gespesialiseerde kennis en vaardighede beskik om die probleme wat kinders binne klasverband openbaar, effektief te hanteer nie. Dit het 'n behoefte aan 'n gespesialiseerde persoon na wie hul kinders met gedrags- en/of emosionele kan verwys, tot gevolg. Die navorser maak die afleiding dat 'n spelterapeut in hierdie behoefte van onderwysers kan voorsien.

Uit die navorsingsresultate het dit geblyk dat onderwysers bepaalde menings aangaande die benutting van 'n spelterapeut het. Die navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers saamstem dat dit die ideaal sou wees, indien 'n spelterapeut op 'n permanente basis by 'n skool betrokke kan wees en 'n klaskamer as 'n speelkamer kan inrig. Volgens die navorsingsresultate is onderwysers van mening dat 'n spelterapeut sodoende kinders tydens skooltyd kan sien en omdat sy dan as deel van die skool gesien word, sal dit die aanvaarding deur die kinders, hul ouers en die res van personeel van haar, bevorder. Uit die navorsingsresultate het dit geblyk dat onderwysers van mening is dat interaksie met 'n spelterapeut vir hulle waardevol sal wees, veral deur konsultasie, deur samewerking ten opsigte van die hantering van die kind binne klasverband en deur die fasilitering van groepe.

Die navorser maak die afleiding dat interaksie met 'n spelterapeut in onderwysers se behoeftes aan 'n ondersteuningsnetwerk, riglyne by die hantering van sekere probleme binne klasverband, spanningsontlontingsgroepe en 'n persoon met gespesialiseerde kennis en vaardighede na wie kinders met gedrags- en/of emosionele probleme vir terapie verwys kan word, kan voorsien.

Die navorsingsresultate het aangedui dat onderwysers van mening is dat 'n spelterapeut sekere funksies ten opsigte van kinders, onderwysers en 'n skoolhoof moet vervul. Dit blyk uit die navorsingsresultate dat onderwysers van mening is dat 'n spelterapeut veral twee funksies het, naamlik 1) die gee van terapie aan kinders en 2) die bied van ondersteuning aan onderwysers by die hantering van probleme wat kinders binne klasverband openbaar. Die navorser meld dat 'n spelterapeut deurgaans terugvoering aan die skoolhoof moet lewer, aangaande die vordering van kinders wat by terapie betrek

word. Die navorser is ook van mening dat die voorkoming van sekere probleme en situasies, 'n belangrike funksie van 'n spelterapeut is.

Vanuit die navorsingsresultate het dit geblyk dat onderwysers van mening is dat daar praktiese probleme by die benutting van 'n spelterapeut bestaan, maar dat dit maklik aangespreek kan word. Volgens die navorsingsresultate sluit hierdie probleme die vergoeding van 'n spelterapeut, ouers wat nie hul samewerking gee nie en die onttrekking van kinders uit die klas, in. Dit het uit die navorsingsresultate geblyk dat daar moontlike oplossings vir al die genoemde probleme bestaan.

Die navorser kom tot die algemene gevolgtrekking dat die inligting wat tydens die empiriese ondersoek ingewin is, 'n waardevolle bydrae tot toekomstige navorsing op hierdie gebied, kan bydra. Die navorser is verder ook van mening dat hierdie inligting konstruktief deur spelterapeute, onderwysers en skoolhoofde tydens die beplanning en die hantering van 'n spelterapeut as ondersteuningsstelsel vir onderwysers, benut kan word. Die navorser kom ook tot die insig dat hierdie inligting vir die Nasionale Onderwysdepartement, by die motivering van die waarde van die beskikbaarheid van 'n spelterapeut en spelterapi-dienste binne 'n skoolopset, van waarde kan wees.

5.5.3 Aanbevelings

Die navorser wil sekere algemene aanbevelings na afloop van die navorsingsresultate van hierdie studie, maak:

- Gesien in die lig van die hoë voorkoms van probleme wat onderwysers binne klasverband ervaar waarvoor hul nie die nodige kennis en vaardighede beskik om te hanteer nie en wat hul rolvulling negatief beïnvloed, wil die navorser ten sterkste aanbeveel dat skole dit goed moet oordink om 'n spelterapeut op 'n permanente basis binne die skoolopset te betrek. Die ideaal sou wees dat sy 'n klaskamer as 'n speelkamer inrig en sodoende sal sy maklik aan die onderwysers en kinders vir konsultasie en die gee van terapie, beskikbaar kan wees. Dit sal die druk van onderwysers verlig en dus uitbranding ("burnout") by hulle teenwerk, asook die probleemgedrag wat kinders binne klasverband openbaar, effektief aanspreek.

- Die navorser wil aanbeveel dat onderwysers by opleidingsprogramme betrek moet word, ten einde onderwysers in staat te stel om met hul beskikbare kennis en vaardighede die probleme wat hul binne klasverband ervaar, effektief te hanteer. Ten einde hul begrip vir die kind en sy probleem te vermeerder en hul in staat te stel om die probleem meer effektief te hanteer, beveel die navorser ook aan dat onderwysers tydens die opleidingsprogramme oor moontlike oorsake van gedrags- en emosionele probleme ingelig moet word.
- Die navorser stel voor dat 'n gespesialiseerde persoon, byvoorbeeld 'n spelterapeut, riglyne vir onderwysers by die hantering van sekere probleme binne klasverband daar sal stel. Hierdie riglyne kan in getikte vorm aan alle onderwysers binne 'n skool, beskikbaar gestel word.
- Ten einde die spanning van onderwysers te verlig, stel die navorser voor dat onderwysers by spanningsontlontingsgroepe betrek moet word, waartydens hul die geleentheid sal kry om hul negatiewe gevoelens en ervarings uit te druk. Hierdie groepe sal ook ondersteunend van aard wees en sal bydra tot die teenwerking van uitbranding ("burnout") by onderwysers.
- Gesien in die lig van die gebrek aan multi-professionele samewerking, beveel die navorser aan dat 'n multi-professionele ondersteuningsnetwerk binne elke gemeenskap tot stand gebring moet word, ten einde die rolvervulling van al die betrokke professies meer effektief te maak.
- Die navorser beveel aan dat die gemeenskap aan 'n spelterapeut en haar speltherapie-dienste bekendgestel moet word, omdat dit aan baie onbekend is. 'n Speltherapeut kan byvoorbeeld deurdat sy op oueraande praat en in plaaslike koerante 'n berig oor speltherapie plaas, blootstelling kry. Die navorser is van mening dat ouers gevolglik, indien nodig, hul kinders vir speltherapie sal verwys.
- Ten einde suksesvolle inskakeling en funksionering binne 'n skoolopset te verseker, stel die navorser voor dat 'n spelterapeut en die skoolhoof 'n gesamentlike beleid ten opsigte van die funksionering van die spelterapeut moet opstel.
- Die navorser beveel ook aan dat onderwysers bewus gemaak moet word van die verwysingsprosedure wat gevolg moet word indien hul 'n kind na die spelterapeut verwys, ten einde te verseker dat alle onderwysers kennis dra oor wat daar in dié opsig van hulle verwag word.

- Ten einde kinders wat finansieel behoeftig is te help, stel die navorser voor dat elke skool 'n fonds stig waaruit sulke kinders se terapie-sessies betaal kan word.
- Die navorser stel voor dat 'n spelterapeut voorkomingsprogramme binne skole kan aanbied, waartydens daar deur die benutting van onder andere handpoppe en poppekas, op byvoorbeeld molestering, dwelm- en alkoholmisbruik en seksvooringligting gefokus kan word. Volgens die navorser sal dit verskeie probleme kan verminder en selfs voorkom.

Ten opsigte van verdere navorsing wil die navorser die volgende aanbeveling maak:

- Die navorser beveel aan dat 'n opleidingsprogram ontwikkel word ten einde die spesifieke behoeftes van onderwysers aan te spreek, wat onder andere opleiding aangaande die hantering van sekere probleme binne klasverband sal behels.

'n Hipotese wat ten opsigte van hierdie aanbeveling vir verdere studie gestel kan word, behels die volgende: Indien 'n opleidingsprogram ontwikkel word, sal die behoeftes van onderwysers ten opsigte van die hantering van gedrags- en emosionele probleme wat kinders binne klasverband openbaar, aangespreek word en sal onderwysers in staat gestel word om hierdie probleme meer effektief te hanteer en hul rolle meer effektief te vervul.

5.6 SLOTGEDAGTE

Dit is duidelik dat kinders verskeie gedrags- en/of emosionele probleme binne klasverband openbaar en dat onderwysers tans moet poog om sonder die nodige gespesialiseerde kennis en vaardighede hierdie probleme te hanteer. Dit is ook duidelik dat 'n onderwyser 'n ingrypende rol in 'n kind se lewe speel, maar dat kinders dikwels benadeel word deurdat onderwysers hul tans in 'n veeleisende beroep bevind en 'n gebrek aan multi-professionele ondersteuning ervaar. Dit kan tot die ontwikkeling, instandhouding en verergering van kinders se probleme bydra. Die gebrek aan multi-professionele ondersteuning en gespesialiseerde kennis en vaardighede het tot gevolg dat onderwysers verskeie behoeftes ervaar, wat kinders dikwels indirek benadeel. Dit is dus noodsaaklik dat daar in die behoeftes van onderwysers voorsien word, ten einde nie net hul rolvulling te vergemaklik nie, maar ook die probleme en behoeftes van kinders aan te spreek. Die navorser

kom tot die gevolgtrekking dat daar in die nabye toekoms ernstig oor die betrokkenheid van 'n spelterapeut binne 'n skoolopset besin moet word, ten einde dit 'n realiteit in die meerderheid van skole, indien nie almal, te maak. Dit sal daartoe bydra dat onderwysers hul beroep geniet en kinders skoolgaan as 'n aangename ervaring beleef.

BIBLIOGRAFIE

Baron, R.A. & Byrne, D. 2000. **Social Psychology**. London: Allyn & Bacon.

Baumberger, J.P. & Harper, R.E. 1999. **Assisting Students With Disabilities: What School Counselors Can and Must Do**. California: Corwin Press, Inc.

Bester, H. 2000. **Help, my child is causing chaos! Hyperactive or creative? A practical guide**. Cape Town: Human & Rosseau (Pty) Ltd.

Botha, A.; Van Ede, D.M.; Louw, A.E.; Louw, D.A. & Ferns, I. 1998. Die kleutertydperk. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) **Menslike ontwikkeling**. Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Botha, N.J. 1995. The dynamics of the inter-disciplinary team approach. **Social Work / Maatskaplike Werk**, 31(3), August: 208-214.

Cangelosi, J.S. 1997. **Classroom Management Strategies**. New York: Longman.

Cattanach, A. 1992. **Play Therapy with Abused Children**. London: Jessica Kingsley Publishers.

Corey, G. 1995. **Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy**. Pacific Growth: Brooks/Cole Publishers.

De Vos, A.S. 2002. Qualitative data analysis and interpretation. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions**. Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2002. Problemformulation. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions**. Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. 2002. Research strategies. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. Introduction to the research process. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. 2002. The place of theory and the literature review in the qualitative approach to research. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Geldard, K. & Geldard, D. 2002. **Counselling Children – A Practical Introduction.** London: SAGE Publications.

Gil, E. 1991. **The Healing Power of Play – Working with Abused Children.** London: The Guilford Press.

Gorton, R.A. 1983. **School Administration and Supervision: Leadership Challenges and Opportunities.** Dubuque, Iowa: C. Brown Publishers.

Greeff, M. 2002. Information collection: interviewing. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Gunter, C.F.G. 1997. **Aspects of Educational Theory.** Stellenbosch: University Publishers & Booksellers (PTY) Limited.

Hinshaw, S.P. 1994. **Attention Deficits and Hyperactivity in Children.** London: SAGE Publications.

Huxtable, M. & Blyth, E. 2002. **School Social Work.** Washington DC: NASW Press.

- Huysamen, G.K. 1993. **Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe.** Halfweghuis: Southern Boekuitgewers (Edms.) Bpk.
- Jordaan, G.L. 2002. **Onderhoud met Mnr. G.L. Jordaan, Skoolhoof van Hoërskool Swartland.** Hoërskool Swartland, Malmesbury, 02 Oktober.
- Jordaan, G.L. 2003. **Onderhoud met Mnr. G.L. Jordaan, Skoolhoof van Hoërskool Swartland.** Hoërskool Swartland, Malmesbury, 24 April.
- Kruger, S.P. 1997. Assessering as basis vir gesinsinstandhoudingsdienste. **Maatskaplike Werk/Social Work**, 33(4): 297-341
- Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Ferns, I. in samewerking met Schoeman, W.J. & Wait, J. 1998. Die middelkinderjare. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) **Menslike ontwikkeling.** Pretoria: Kagiso Uitgewers.
- Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) 1998. **Menslike ontwikkeling.** Pretoria: Kagiso Uitgewers.
- Mark, R. 1996. **Research made simple – A Handbook for social workers.** London: SAGE Publications.
- Meyer, W.F. & Van Ede, D.M. 1998. Ontwikkelingsteorieë. In Louw, D.A.; Van Ede, D.M. & Louw, A.E. (Reds) **Menslike ontwikkeling.** Pretoria: Kagiso Uitgewers.
- Newell, S. & Jeffreys, D. 2002. **Behaviour Management in the Classroom.** London: David Fulton Publishers.
- Oaklander, V. 1988. **Windows to Our Children.** New York: The Gestalt Journal Press.
- O'Brien, T. 1998. **Promoting Positive Behaviour.** Great Britain: David Fulton Publishers.
- O'Connor, K.J. 2000. **The Play Therapy Primer.** Canada: John Wiley and Sons.

Odendal, F.F.; Schoonees, P.C.; Swanepoel, C.J.; Du Toit, S.J. & Booysen, C.M. 1997. **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.** Midrand: Perskor Uitgewery.

Osborn, M.; McNess, E. & Broadfoot, B. 2002. **What Teachers Do: Changing Policy and Practice in Primary Education.** New York: Continuum.

Purkey, W. 1970. **Self concept and school achievement.** United States of America: Prentice Hall.

Ranjit, K. 1996. **Research methodology: A step-by-step guide for beginners.** London: SAGE Publications.

Schoeman, J.P. 1996. Handling aggression in children. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. (Eds) **Entering the child's world – A play therapy approach.** Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Strydom, H. 2002. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Delpont, C.S.L. 2002. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Strydom, H. & Venter, L. 2002. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S.; Strydom, H.; Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L. **Research at Grass Roots: For the social sciences and human service professions.** Pretoria: JL van Schaik Publishers.

Teeter, P. A. 1998. **Interventions for ADHD – Treatment in Developmental Context.** London: The Guilford Press.

Thomas, R.M. 2000. **Comparing Theories of Child Development.** United States of America: Wadsworth.

Thompson, C.L. & Rudolph, L.B. 2000. **Counseling Children.** United States of America: Wadsworth.

Webb, N.B. 1999. **Play Therapy with children in crisis.** New York: The Guilford Press.

Weideman, H. 2002. **Onderhoud met Mnr. H. Weideman, Skoolhoof van Laerskool Swartland.** Laerskool Swartland, Malmesbury, 02 Oktober.

Weideman, H. 2003. **Onderhoud met Mnr. H. Weideman, Skoolhoof van Laerskool Swartland.** Laerskool Swartland, Malmesbury, 25 April.

West, J. 1996. **Child Centred Play Therapy.** London: Arnold.

Yssel, J.M. 1999. **Gestaltherapie met die allergiese kind in die middelkinderjare.** Ongepubliseerde D Phil Verhandeling. Universiteit van Pretoria.

Zabel, R.H. & Zabel, M.K. 1996. **Classroom Management in Context: Orchestrating positive learning environments.** Boston: Houghton Mifflin Company.